Vrye Weekblad

13 - 19 SEPTEMBER 1991 Prys: R2,20 (R1,95 + 25c AVB)

# Wie is régtig die Groot Wit Baas?



## Dís hoekom die  eetstakers so lank kon uithou!





**Hoe moet polisie werk in oorgangstyd?**

**Geweld bly 'n veelkoppige draak**

**Aids skrik Suid-Afrikaners nie af nie**

**Nuwe ver-regse terreurplan**

# INHOUD


**5 Wit politiek:** Benader die NP die regses reg?
**6 Wit politiek:** NP nog stewig in die saal
**7 Wit politiek:** 'n Komedie van die absurde
**8 Regse terreur:** Afrikaner-Bevrydingsleër se terreurplan
**9 Eetstakers:** Boereverneukery
**10 Violence:** Oscar Dhlomo asks what is to be done?
**11 Geweld:**
**12 Polisie:** Ombudsliggaam kan polisie legitimiteit gee sê Cliffird Shearing
**13 Polisie:** Wie sal die bewakers bewaak?
**14 Wêreld:** Oos-Duitse dokters in dwelmskandaal
Jerusalem maak mense mal
**15 Boeke:** Wielding a pen like a suchi chef
Weerklanke van die verlore /Xam
**17 Gesondheid:** Aids laat Suid-Afrikaners nie lig loop nie
**18 Sport:** Tinus Horn se sportrubriek
**19 Sport:** Daryll Cullinan: Gebore om te presteer
20 Die week se TV-programme
21 Louis Potgieter skryf oor dié week se TV
**22 Rubrieke:** Skoolpraatjies deur Juffrou Anna
Lospraatjies deur Fanie Olivier
**23 Musiek:** Kiri Te Kanawa word 'n ware mens
**24 Onderhoud:** Andrea Vinassa gesels met Alan Parker oor The Commitments
26 Kleinadvertensies
**27 Rubrieke:** Geloofspraatjies deur Dirkie Smit
Lanse en Drake deur Tim en Matt Sandham
30 Beplan jou naweek saam met die kenners
**31 Teater:** 'n Resensie van Rainshark
**Kos:** Nettie Pikeur skryf oor brood



VWB
DIE NUUSTYDSKRIF

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. No. 88/40168/06).
Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breestraat 153, Newtown, Johannesburg. Die posadres is: Posbus 177, Newtown 2113. Die telefoonnommer is (011) 836 2151 en die faksnommer 838 5901. Die Kaapstad-kantoor se telefoonnommer is (021) 47 8960 of 47 8819, en die Pretoria-kantoor (012) 834 879.


**Redakteur:** Max du Preez
**Assistent-redakteurs:** Jacques Pauw, Andrea Vinassa (Kuns), Ina van der Linde
**Politieke korrespondent:** Hennie Serfontein
**Kopieredakteur:** Johan Bruwer
**Ontwerp:** Anton Sassenberg
**Kaapse kantoor:** Christelle Terreblanche
**Redaksie:** Audrey Brown, Pearlie Joubert, Laetitia Pople (Kuns), Esma Anderson, Lucky Khuzwayo.
**Sportredakteur:** Tinus Horn
**Fotograwe:** Rodger Bosch, Kate Thornycroft
**Advertensies:** Joyce Dube, Louwrins Potgieter
**Redaksie-assistent:** Cathy Fennessy
**Kantoorbestuur:** Joseph Moetasi, Vernon Zulu.
**Bestuurskonsultant tot Wending Publikasies Beperk:** Mark Beare

Vrye Weekblad word gedruk deur Caxton Beperk, Kommandoweg, Industria.
Vrye Weekblad kos R1,95 plus 25 sent AVB. Dit kos R110 (AVB en aflewering ingesluit) om vir 'n jaar in te teken, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die tydskrif R2,20 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is by navraag by (011) 497 2911 beskikbaar.
Probleme met verspreiding moet gerig word aan Louwrins Potgieter by (011) 836 2151.


# VRYDAGOGGEND

## Dié simbole raak nou ondraaglik

*"Suid-Afrikaanse harte het gister hier (Indianapolis) warm geklop toe die Suid-Afrikaanse vlag by die 26ste Wêreldgimnastiekbyeenkoms tussen dié van twee van die wêreld se grootste gimnastieklande, die Sowjetunie en Roemenië, gehys is. Van die Springbok-gimnaste moes hard teen die trane baklei toe hul landsvlag gehys is terwyl Die Stem oor die Pan American Plaza weergalm het."*
- VOORBLADBERIG IN 'N AFRIKAANSE DAGBLAD VERLEDE NAWEEK.


max du preez

Ek kan verstaan dat die gimnaste aangedaan gevoel het. Die laaste klompie jare was 'n geweldige frustrasie vir talle talentvolle sportmense wat self miskien nie eens aan apartheid geglo het nie, maar weens hul land se regeringsbeleid aan geen internasionale kompetisie kon deelneem nie.

Die eerste deelname aan 'n internasionale byeenkoms moet 'n groot oomblik gewees het.

Dit is nie daaroor dat ek dit vandag het nie. Dit is oor die Oranje, Blanje, Blou wat gewapper het en Die Stem wat gesing is.

Verreweg die meeste burgers van Suid-Afrika, ek inkluis, sien die landsvlag en Die Stem as eng, wit nasionalistiese simbole. Dit was die nasionale simbole van Apartheid Suid-Afrika.

Luister maar na die woorde van Die Stem. Dit is in Afrikaans vir Afrikaners - Afrikaner-nasionaliste - geskryf. Kyk maar na die simboliek in die vlag; wat die verskillende kleure beteken en waarvoor die binneste vlaggies staan. Weereens wit en Afrikaans.

Maar sedert PW Botha se dae al erken selfs die regerende Nasionale Party dat Suid-Afrika die land is van almal wat daarin woon. En sedert FW de Klerk die leisels oorgevat het, is die amptelike beleid selfs dat almal geregtig is op presies dieselfde geleenthede en burgerregte, insluitende stemreg.

Dan is dit mos so dat Die Stem en die Oranje, Blanje Blou simbole van die minderheidsgroep is. Swartmense en bruinmense en selfs heelwat wit-

# BRIEWE

### HOE SKANDELIK TOG

**Marilyn Martin, direkteur van die Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum, skryf uit Kaapstad:**
Hoe jammer tog dat *Vrye Weekblad* so hard geval het vir Beezy Bailey se goedkoop en tweedehandse truuk. Hoe skandelik dat Andrea Vinassa nie die moeite gedoen het om 'n mening te kry van die Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum of om die feite wat sy, by monde van Bailey, kwytraak na te gaan nie. Die SANK en FOSACO het op 30 Augustus geskiedenis gemaak. Die inligting is per telefaks aan koerante gestuur, maar net een het sover gereageer. Wat beoog julle eintlik met beriggewing oor die visuele kunste?

### HERDOOP GELOOFSPRAATJIES

**Norma Sandham van Crosby skryf:**
Die rubriek *Geloofspraatjies* behoort liewer die naam "Teologiepraatjies" te kry (amper sê ek "herdoop" word - so ingewortel is die Christenkultuur).
"Geloof" is 'n hartsoortuiging. "Teologie" is die teoretiese bestudering van godsdiens(te). Kopkennis. Ek het nog nie 'n ware geloof-praatjie in dié rubriek teëgekom nie. Dis meesal politiek en kritiek. Die een van Gerrie Lubbe in VWB 30 Augustus - 5 September is weer so.
Daar ís godsdiensvryheid in die land. Byvoorbeeld, die ander godsdienste kry almal standplase nes die Christelike kerke as daar nuwe dorpe aangelê word, en hulle word nie aan bande gelê of verbied om te propageer nie.
Die feit is dat ons land soos hy is, tot stand gekom het uit die Westerse beskawing wat gebore is uit/gevorm is op die Christelike godsdiens, daarom dat die stukkie van "Christelike waardes en beskaafde norme" in die grondwet so staan: dis die goed wat ons kén. (En is dit nie wáár dat die Westerse beskawing die "hoogste" is wat daar tot dusver stand gekom het nie - die moeite werd om te handhaaf nie?)
Die Christelike Weste het deur die eeue heen baie nare dinge gedoen, ja. dit gee ons met diepe skaamte toe. Maar die punt is, die Christelike godsdiens is die enigste een wat REG is. Christene is die enigste mense wat die pad na die Ewigheid kén - naamlik Jesus Self wat gesê het "Niemand kom tot die Vader behalwe deur My nie". En vir ons beveel het, "Gaan uit en verkondig dit aan alle nasies". Dáárom ondersteun die regering van 'n "Christenland" die verspreiding van die Bybel. Dis gehoorsaamheid aan die opdrag van Evangelie-verspreiding. Die regering (en uitsaaistasie) van 'n Christenland kán nie valse godsdienste aktief help versprei nie. Dit sal wees soos die fontein waarvan Jakobus praat wat sowel soet as brak water uitstort.
Ons hét godsdiensvryheid - ons verdra die ander gelowe, ons laat toe dat hulle hul ding doen, ons verbied hulle nie, maar 'n Christenland kan hulle nie aktief help bevorder in hul verkeerde weë nie.
Hoor nou, ons Christene is nie "reg" omdat ons dalk Wit of Westers is nie (daar is honderde miljoene donker Christene in die wêreld, veral in die Ooste). Of dat ons dalk enigsins superieur is nie - maar alleen omdat God Almagtig in die Bybel sê dat almal in sonde verlore is wat nie persoonlik in Christus glo nie.
Dís nou 'n geloofspraatjie dié.

*(Enkele te kras sinne geskrap - Redakteur)*

### MARXISME KAN STEEDS NAGESTREEF WORD

**Louis de Villiers van Kaapstad skryf:**
Die SAKP se waardering van die gebeure ná die onlangse mislukte staatsgreep (volgens die uittreksel uit Umsebenzi en dié gesprek met Jeremy Cronin in VWB van 6-12 September) is bemoedigend. Ek is nog altyd geïrriteer deur die vergelyking tussen De Klerk en Gorbatsjof - ek het (naïef) gemeen Gorbatsjof se hervormings in die USSR is meer werklik en ingrypend.
Maar daar bly steeds vele ooreenkomste tussen die USSR en SA: byvoorbeeld die eenparige aanvaarding op die NP-kongres in Bloemfontein van die NP se nuwe grondwetlike voorstelle, die besluit deur die regering sonder enige vooraf konsultasie om AVB met BTW te vervang en die onbeholpe crisis management wat nou plaasvind; en in die USSR die verbanning van die Kommunisteparty.
Gorbatsjof het sy posisie verskans deur al hoe meer magte aan homself toe te ken - nes die imperial presidency wat PW Botha plaaslik geskep het en in terme waarvan FW de Klerk gerieflik voortboer.
Maw, ten grondslag aan die hervormings in albei lande lê steeds die ontkenning van demokratisering.
Die gebeure in die USSR en Oos-Europa beteken myns insiens nie dat die Kommunisme (of suiwerder, Marxisme) nou finaal verwerp is of moet word nie. Wat verwerp moet

mense sien dit ook so.

Dit is wat my laat voel dat dit heeltemal onvanpas was dat dié simbole ons hertoetrede tot die internasionale arena moes aankondig.

Want dié nuwe aanvaarding van Suid-Afrika op die sportvelde en in die staatkundige en kulture sale van die wêreld is juis 'n erkenning van die fundamentele veranderinge wat in Suid-Afrika plaasgevind het. Die wêreld het juis gesê ons is weer welkom omdat apartheid afgeskaf is, wit minderheidsregering tot 'n einde kom, Afrikaner-oorheersing beëindig word en alle inwoners nou as volwaardige, gelyke landsburgers gesien word.

Hoe kan ons dan die simbole van dié ou, gehate era as simbole van die Nuwe Suid-Afrika gebruik?

Daar is boonop 'n tendensie dat ons nuwe aanvaarding in die wêreld beskryf word as 'n "oorwinning" vir die Nasionale Party en vir FW de Klerk.

Behoort iemand wat belowe om op te hou om sy vrou te slaan, 'n prys te kry?

Dit was mos die Nasionale Party self, die party waarin De Klerk en sy kollegas self al jare lank sit, wat 'n beleid gemaak het wat tot die isolasie en boikotte aanleiding gegee het, dan nie?

Natuurlik is dit goed vir De Klerk se posisie in die wit politiek dat dié goed gebeur, want dit versterk sy argument dat sy soort politiek sal lei tot die afskaffing van alle strafmaatreëls en dat dit dan tot 'n beter lewe sal lei. Maar dit maak dit nie 'n "politieke oorwinning" vir die regering nie. Dit beteken bloot dat die strafmaatreëls hul doel bereik het.

Daar is tans 'n wesenlike gevaar dat wit Suid-Afrikaners die vrugte van die ongedaanmaking van die strafmaatreëls sal geniet sonder om te besef dat dit gebeur het as gevolg van 'n belofte van die regering dat alle vorme van wit oorheersing en bevoorregting op 'n einde kom.

Dit lyk nie vir my aldag of daar genoeg van 'n besef is wat dié Nuwe Suid-Afrika eintlik veronderstel is om te beteken nie. Sekerlik nie dat dit beteken dat die meeste lede van ons nasie swart is en dat alles aan ons nasie dit sal moet weerspieël nie.

Natuurlik is daar die probleem dat dit waarskynlik onmoontlik en onprakties gaan wees om nuwe nasionale simbole daar te stel voordat ons 'n nuwe verkose regering en grondwet het.

Maar die speel van Die Stem en die gebruik van die huidige landsvlag by internasionale geleenthede bly vir my en waarskynlik die oorgrote meerderheid landsburgers aanstootlik.

Kan ons nie maar voorlopig geen nasionale lied speel nie en as ons dan móét 'n vlag hys, 'n wit vlag met net "South Africa" daarop hys nie?




word, is totalitarisme en fascisme in watter verskyningsvorm ook al. Maw, demokrasie (in die wydste sin) moet herbevestig word. Marxisme as 'n gelykberegtigende ekonomiese en sosiale ideologie hoef nie in 'n diktatuur te ontaard nie. Ewe min as wat 'n kapitalistiese ekonomiese stelsel per se 'n demokratiese sosiale stelsel waarborg - 'n besef wat besig is om maar stadig deur te syfer.

Dat die ideaal van werklike demokratisering steeds idealisties bly, beteken nie dat ons dit nie steeds moet nastreef nie.

### IGNORANT CARTOON

**Sammy McGosh of Eldorado Park writes:**

If one fills a bowl with rice, adds a pinch of salt and then the needed amount of cold water to it and then stirs it, calls a child and says: "Little one, eat", the child will immediately see (maybe taste) that the rice is not edible and push it away.

If one explains to people (grown-ups really) that Marxism and Stalinism are not only planets apart, but have nothing in common, they would not want to understand, but would knit their eyebrows together and tell you that you are a madman.

That, of course, is expected. Even Trotskyism and Leninism differ from Stalinism like an Afghan peasant from a New York or Tokyo multinationalist. But then Communism (not Stalinism) has been banned in South Africa. It is the mentality of the proponents of the "total onslaught" who are now not lazy to wait on the sidelines and do a kwela-kwela (hop) onto the slowly passing bandwagon.

Before his death Lenin wrote: "Stalin having become General Secretary has concentrated enormous powers in his hands and I am not sure he knows how to use that power... I propose to the comrades to find a way to remove Stalin..."

That Marxism has not delivered the expected and hoped for results is a fact. But then capitalism, cunning as it is, is powerful. Marxists have always spoken of the "class struggle". The failure of "communism" lies with the economic policies of Stalinism and neo-Stalinism. I sincerely believe that had a Trotsky or a Lenin been at the control of things, we would not have seen the socialist Internationalist rot that we see now.

As Rosa Luxemburg said: "Only the working class, by its self-activity, can bring about socialism. That means workers' control. Nobody can bring socialism 'on your behalf'..."

Socialism (ie. lower communism) is nothing but workers' democracy. The form of rule by the working people that follows the rule by the capitalist class. Dictatorship of the bourgeoisie. The South African or Azanian contradiction is not the classical Marx/Engels/Trotsky/Lenin/Luxemburg interpretation of labour versus capital, but black labour negating the collaboration of white labour and capital.

Your cartoon then (VWB 23-29 August 1991), depicting Trotsky, Lenin, Stalin and Brezhnev behind Yeltsin (a former Stalinist), says nothing about the cartoon itself and something about your paper and your cartoonist (the City Press cartoonist also).

### REMEMBER ANTON LUBOWSKI

**Molly Lubowski of Cape Town writes:**

Government of Namibia and all Swapo comrades - do you still remember the words of President Sam Nujoma at the funeral service of Anton Lubowski on 30 September 1989?

"The public wants to know the truth, so do we in Swapo, and in particular, the family whose pain and loss is so overwhelming.

"To Comrade Anton's parents, family and close friends I, on behalf of the entire Swapo leadership, wish to assure them that in our midst, his name and achievements will forever be inscribed in the golden pages of our national history."

Now two years after the assassination of this brave young "Freedom Fighter" for Namibia, nobody has been brought to justice. Not only that, but those who tapped his telephone for many years and on the night he was murdered, are still in your midst, including those who switched off the street lights to assist the assassins.

Here in Cape Town, hundreds of people marched in protest many times during the two years, demanding action and speaking out against Magnus Malan and Adriaan Vlok. They also contributed to the formation of the Harms Commission.

Namibians, what is your contribution or even tribute to Anton Lubowski?

*Vrye Weekblad* **plaas graag briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Briewe korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan:**

**VRYE WEEKBLAD BRIEWE, POSBUS 177, NEWTOWN 2113.**

# SO SÊ HULLE

**"Hoewel dit vir my moeilik was om 'n geheelindruk te kry, lyk hy vir my menslik."**
*Die leier van die Orde Boerevolk, Nic Strydom, ná sy ontmoeting met die ANC-leier, Nelson Mandela, oor die eetstakers.*

**"Lets just say I'm unconventionally likeable."**
*Film director Alan Parker on an article which described him as "not conventionally likeable."*

**"Ek het haar 'n helse klomp geld gegee, maar kinders is mos nie dankbaar nie. Diana is nog te jonk."**
*Prinses Diana se pa, Lord Spencer.*

**"Life inside Buckingham Palace is so carefully arranged that if Prince Charles wants to meet his mother, Queen Elizabeth, he has to send her a written request. The system has been developed over centuries and it works."**
*Andrew Morton, renowned reporter on the British royal family.*

**"Ek weet nie wat ek hier soek nie. Die Ierse meisies is nie baie aantreklik nie."**
*Die Amerikaanse golfspeler, Phil Mickelson, in Dublin ná 'n rampspoedige hou in 'n toernooi.*

**"Johannesburg's hawkers will soon be competing with Anglo American."**
*The Economist, in an article on South Africa.*

**"Dis 'n spul leuens. Hulle sing en dans daar buite."**
*La Toya Jackson se pa, Joseph, nadat sy haar ouers in die openbaar van jare lange seksuele en fisieke aanranding beskuldig het.*

**"It is high time that women are accepted even if they happen to have a big bust and do not dress like a man."**
*Helen Wellton, a Swedish businesswoman, after a council against sexually discriminating advertising condemned a newspaper advertisement featuring her.*





# Op Wie Kan Jy Staatmaak Om Meer Stiptelik Te Wees As Jou Wederhelf, Jou Dokter En Jou Gholfmaat?

*Dit is nou maar so dat gades soms so 'n bietjie in die badkamer draai. Of dat gholfmaats jou laat staan en naels byt op die eerste bof. En wie het nie al die sekondes gesit en aftel en oeroue Huisgenote lees in die dokter se wágkamer nie?*

*Hierteenoor staan die puik op-tyd rekord van SAL Binnelands. Vergelyk gerus die stiptelikheid waarmee SAL Binnelands meer as 300 000 mense per maand van A na B vervoer – kom wat wil.*

*Ons hou trouens 'n haas ongelooflike op-tyd rekord van 93%⁺. Plaas dit in 'n breër perspektief en dinge raak nóg interessanter: Amerikaanse binnelandse rederye raak opgewonde wanneer hulle 'n stiptelikheidsyfer van bo 70% behaal*.*

*Teen dié agtergrond staan een ding soos 'n paal bo water: Geen plaaslike lugredery ter wêreld kan met ons meeding om 'n sakeman meer betyds by sy bestemming te kry nie.*

⁺BRON: SAL SENTRALE BEHEER. *BRON: WAM 1990.

SAL

BINNELANDSE DIENSTE.

Ons verbeter by die dag.

DMB&B S12980

# *Benader die* **NP** *die regses reg?*

**IN DIE AFRIKANERPOLITIEK, SOOS MET FAMILIETWISTE, WORD DIE BINNEGEVEGTE OP DIE OOG AF MET GROTER BITTERHEID EN HARDKOPPIGHEID GEVOER AS MET POLITIEKE GROEPERINGE AAN DIE ANDER KANT VAN DIE SPEKTRUM. ONLANGSE GEBEURE OP VENTERSDORP EN DIE DRAMA RONDOM DIE REGSE EETSTAKERS VAN DIE ORDE BOEREVOLK, HET DIE SPANNING IN AFRIKANER-POLITIEK NET VERDER LAAT OPLOOP. WAT DIE VRAAG LAAT ONTSTAAN: HOE VAAR DIE NP IN DIE WIT POLITIEK? WERK DIE NP-LEIERS SE OËNSKYNLIKE STRATEGIE OM DIE REGSE WIT POLITIEK GROOTLIKS ÓF TE IGNOREER, ÓF BESPOTLIK TE MAAK? INA VAN DER LINDE HET DIÉ EN 'N AANTAL ANDER VRAE AAN AKADEMICI GESTEL, WAT MET INSIGGEWENDE ANTWOORDE VORENDAG GEKOM HET.**

**Is die regering se hantering van die regse politiek strategies in die kol?**


Beslis nie, sê dr JOHAN KIRSTEN van die departement van politieke wetenskap aan die Potchefstroomse Universiteit. Die indruk word gewek dat die regering meen die KP, wat die amptelike opposisie is, nie 'n relevante politieke faktor verteenwoordig nie, en ook nie 'n bydrae tot die politieke debat kan lewer nie.

Die politieke eise na regs word geïgnoreer, of as onrealisties en onhaalbaar afgemaak. "Selfs as pres De Klerk net tersyde oor die TV na die regses verwys, kry hy byvoorbaat 'n meewarige glimlag om die mond. Dis die liggaamstaal wat 'n deurlopende rol by die NP speel.

"Ek dink die stadium is bereik dat die regse Afrikaner eerder bereid is om met Mandela en die ANC-leierskap of selfs die SAKP te onderhandel as met De Klerk - so diep is die wantroue by die KP byvoorbeeld teenoor die regering."

Prof MARINUS WIECHERS van Staatsreg, Unisa, en PETER GASTROW, DP-LP van Durban, stem grootliks hiermee saam.

GASTROW praat van 'n diepe vervreemding by die regses en sê: "Dis 'n ernstige fout van die kant van De Klerk om die regses te verkleineer. Om hulle emstig op te neem beteken nie dat mens saamstem nie, maar dat die vrese onderliggend aan hul optrede aangespreek word. Hoe dit aangespreek moet word, moet tydens die onderhandelinge uitgeklaar word."



Die politiek van die knuppel... Sommige word aangetrek deur regse kragdadigheid - maar ander wat die NP verlaat het, word daardeur afgeskrik. (Foto: Paige Baldwin)

WIECHERS meen die NP-hantering van die regses is presies dieselfde gekyte taktiek wat die party deur die jare heen gevolg het. Eers met die opposisie na links en nou ook na regs: blameer die regses vir probleme en kraak hulle af, laat hulle belaglik lyk en hul leierskap ongeïnspireerd. En dit werk net nie meer nie.

Die meeste Afrikaners, ook dié in die NP, begin die politiek in 'n breër konteks sien en begin nou vra: "Is daar nog plek vir ons in die NP? Gaan hulle ons belange op die hart dra? Watter beskerming gaan daar wees vir ons taal en kultuur?" By die onderhandelinge word byvoorbeeld g'n woord Afrikaans gehoor nie, sê Wiechers, en daar is ook nie tolke beskikbaar nie. Vir regse Afrikaners word die negëring van taal en kultuur opsigtelik. As dit dan kom by die baie emosionele grondkwessie wonder hulle of die regering hulle saak gaan stel.

Prof HENNIE KOTZé, politieke wetenskaplike aan die Universiteit van Stellenbosch, huldig 'n heel ander mening. Afrikanerpolitiek is deel van die breë politiek. "Dan moet 'n mens vra hoeveel steun hulle het - tewens hulle lê met 'n plafon van 36 tot 40 persent van die wit steun. Voordat die NP die KP emstig bejeën, sal hulle met meer getalle vorendag moet kom."

Hy verwys na die AWB-opmars na Ventersdorp, waar weke lank georganiseer is en net 2 000 opgedaag het. Die regering weet dit, want ontspanningspolitiek beteken nie dat die regering nie ook die regses fyn dophou en presies weet wat daar gebeur nie. Daarin is hulle die ander politieke spelers ver vooruit."

SIPHO SHEZI, politieke wetenskaplike aan Universiteit van Pietermaritzburg, stem in groot mate hiermee saam: "Die benadering van die NP-regering teenoor die regses is die mees realistiese wat enigeen in hulle posisie sou inneem. Suid-Afrika is in 'n baie vloeibare situasie op politieke en ekonomiese gebied. De Klerk en die regering probeer so ver as moontlik van die verlede wegkom. Hulle is sensitief daarvoor dat hulle nie deur die buiteparlementêre politiek en die internasionale gemeenskap gesien word as 'n party wat steeds apartheid omhels nie.

"Wat sou gebeur indien De Klerk die regses probeer akkommodeer? Wat sou word van ekonomiese sanksies, van die internasionale gewig wat De Klerk nou geniet?"

KOTZé en SHEZI sê nogtans moet die NP emstig na regse planne kyk en probeer om hulle by die politieke gesprek te betrek, maar deur meer aandag aan regses te gee as wat hulle verdien, kan die verkeerde strategie wees omdat dit weer die ander spelers kan frustreer.

**En is die KP se strategie tot onderhandeling dan politiek wys?**

KIRSTEN sê: "Daar is konsensus dat al meer regses begrip het vir die standpunt van Treurnicht dat die verskillende partye eers die eis van die Afrikaner om selfbeskikkingsreg erken alvorens by die onderhandelingstafel aangesit sal word."

Wat dan oorbly om oor te onderhandel? Die mate waarin die KP bereid sal wees om af te sien van die totale grondeis, die grootte van die grondgebied, en waar dit geleë moet wees. Die verskille hieroor tussen regse groepe moet verder by die onderhandelingstafel uitgeklaar word.

Die vraag of die regses eis om selfbeskikkingsreg 'n goeie strategie is, meen hy is nie so belangrik nie. Die vraag of die regering se benadering die politieke "dinamiet" uit die politiek gaan haal, is belangriker.

Wat wel haalbaar en baie belangrik uit regse oogpunt is, is dat die konstitusionele weg gevolg word en 'n verkiesing of referendum vir blankes gehou word.

KOTZé meen die regses het self skuld daaraan dat hulle sydelingse gerangeer word. Hulle sal nie geïgnoreer word nie sou hulle die proses om 'n werklike skikking te kry vir die land, emstig opneem. Dit is 'n afdreiging van die gesprek deur Afrikaner-selfbeskikking voorop te stel, terwyl die beginsel self nie-onderhandelbaar is. "Ek dink nie die strategie gaan binne die onderhandelingspolitiek werk nie. As hulle nie wil deel wees van die politieke spel in die toekoms nie, moet hulle vooraf besef dat die gevolg daarvan is dat die toekoms van die land oor hulle koppe heen besluit gaan word".

SHEZI sê: "Ons moet dit wat die regses doen binne die historiese konteks sien. Dis is 'n groep mense wat jare lank onderwerp was aan rasse-vooroordele en daarom tree hulle so op. My benadering is dat soos wat die situasie ontvou, sal daar 'n groter pragmatisme by die regses kom. Hulle is agterdogtig teenoor enige verandering, hulle dink dat alles wat hulle het aan dié wat nie het nie sal gaan. Dit is simplisties om te dink dat hulle hul tot 'n volskaalse oorlog gaan wend as hulle nie hul tuisland kry nie. Maar die regses moet reg hanteer word. Daarom is 'n sagter benadering teenoor hulle nodig, soos om die hongerstakers vry te laat."

WIECHERS meen die KP kommunikeer konkreet en direk oor sake soos taal en grond. Dit spreek die oer-Afrikanerinstinkte aan. Die regering het ook nog nie 'n manier gevind om die versterking wat die KP put uit die Oos-Europese ondervinding, aan te spreek nie.

**Is onlangse gebeure in die wit politiek, soos Ventersdorp en daarna die afstel van die NP-vergadering op Parys, die regte strategie?**

KIRSTEN meen dit was "'n geweldige fout" om die vergadering op Parys af te las, want hiermee het die NP geloofwaardigheid ingeboet. Dit sê hy op grond van die NP se eie uitsprake oor die saak, naamlik dat enige party die reg het om op enige plek waar daar kiesers is, sy standpunt te kan gaan stel. By die regse Afrikaner het dit die oortuiging gelaat dat die regering begin koue voete kry, en stadig maar seker retireer.

GASTROW stem saam: "Die besluit om nie voort te gaan met die vergadering op Parys nie was 'n groot fout. Die

*vervolg op bladsy 7*

# NP *nog stewig in die saal*

## DIE NP OORHEERS STEEDS DIE WIT POLITIEK - EN BESKOU DIE REGSES NIE AS 'N ERNSTIGE POLITIEKE BEDREIGING NIE, SKRYF HENNIE SERFONTEIN. OP SY ONLANGSE KONGRESSE HET DIE PARTY OM DIE WAARHEID TE SÊ 'N DUIDELIK HARDEKWAS HOUDING TEENOOR DIE REGSES AANGENEEM



Staatspresident FW de Klerk ... 'die NP het die vermoë om die aanvaarding van die Grondwet te verhoed.' (Foto: AP)

FW DE KLERK, die Staatspresident en leier van die NP, het die afgelope 17 maande daarin geslaag om die politieke inisiatiewe te bly behou en om die wit politieke toneel te bly oorheers.

Die NP se nuwe grondwetlike voorstelle, wat verlede week deur sy Federale Kongres in Bloemfontein aanvaar is, wys hoe die NP daarin slaag om hom by die snel veranderende politieke situasie aan te pas.

Hoewel dit dom sou wees om die woede, frustrasie en selfs die haat van die regses te onderskat, is daar weinig aanduiding dat die regses óf die vermoë het om deur gewelddadige revolusie die mag oor te neem óf om by 'n stembus in 'n referendum of 'n algemene verkiesing die NP te verslaan.

Die nuwe onderhandelingsproses het die KP en ander regse groepe - daar is altesame 137 - onkant betrap en hulle op 'n politieke sylyn laat beland.

Hul strategie om die onderhandelinge te boikot en nie met die ANC te praat nie, is besig om te verkrummel - ver-regse groepe is al met die ANC in gesprek en die KP is diep daaroor verdeeld.

Die Demokratiese Party (DP), wat in 1989 met sy 27 setels in die parlement die verteenwoordiger van sowat 17 persent kiesers geword het, het hoofsaaklik irrelevant geword. In praktyk bestaan al 'n soort politieke alliansie tussen die NP en die DP. Hulle opponeer mekaar nie in tussenverkiesings nie, terwyl die nuwe NP grondwetlike voorstelle die ewebeeld van die ou Prog-beleid is.

In DP-geledere word selfs nie meer heftig onder mekaar getwis soos in die verlede nie. Heel beskaaf word aanvaar daar is diepe verskille onderling oor die toekoms van die DP en dié van individuele LP's. Sommige wil na die NP, ander na die ANC en 'n derde groep sien 'n onafhanklike rol vir 'n klein liberale party.

Maar daar is konsensus dat dit in die belang van almal in die DP-koukus is om die status quo vir eers te handhaaf. Vroeër of later kan elke DP-LP en -ondersteuner sy eie politieke koers inslaan.

Gesprekke van VWB met senior NP-leiers en kabinetslede die laaste paar weke, dui op 'n groot selfvertroue. Die NP-mense meen dat die party in moeilike omstandighede met voorstelle van magsdeling 'n gesonde basis daarstel om die linkse groeperinge by die konferensietafel aan te durf en om 'n effektiewe propagandaveldtog van stapel te stuur om die steun van gematigde swart en bruin mense en Asiërs te wen.

Die regses se woede en frustrasie is aan twee faktore te wyte. Hulle beskuldig die NP-regering daarvan dat die kiesers in die algemene verkiesing van September 1989 totaal mislei is. Hulle sê in dié verkiesing het die NP gemengde skole en woonbuurte, en 'n swart meerderheidsregering onder die ANC se beheer totaal verwerp.

Daarby is hulle woedend omdat De Klerk te kenne gegee het dat daar waarskynlik nie weer 'n algemene verkiesing sal wees nie, en dat die wit mening oor grondwetlike vergaderinge by wyse van referendum getoets sal word.

NP-leiers sê die regses vrees nog 'n verkiesing of referendum, veral as die DP-ondersteuning in ag geneem word. Hulle wys daarop dat enige algemene verkiesing - wat hoogs onwaarskynlik is - met 'n nuwe afbakening en 'n heropstel van setels met 'n nuwe benadering van die kwota-stelsel gepaard sal gaan. Die huidige situasie, waar Waterberg byvoorbeeld 10 000 kiesers teen die 24 000 van Waterkloof het, sal nie weer geduld word nie - tot nadeel van die KP, wie se setels van sowat 43 na 30 sal verminder.

Wat 'n referendum betref, sê die NP-leiers dat die KP in 1989 32 persent van die stemme teen 50 persent van die NP getrek het. Ná die Ladybrand- en ander tussenverkiesings het dit tot 42 persent gestyg. En al dink die KP hulle kan in die Virginia parlementêre tussenverkiesing 'n NP-meerderheid van 50 in 'n KP-meerderheid van 2 500 omskep, beteken dit nog nie dat 'n oorwinning in 'n algemene verkiesing of 'n referendum binne hulle bereik is nie.

Selfs die ingeligte KP-bronne erken privaat dat, in die gunstigste politieke omstandighede, die KP volgens meningspeilings tot dusver nie meer as 42 persent ondersteuning kan verkry nie, hoewel hulle beweer daar is 'n dramatiese ommeswaai in Virginia. Dié ommeswaai sal bewys dat De Klerk die onderhandelingsproses met 'n steeds verswakkende magsbasis ingaan, sê hulle.

In 'n aggressiewe toespraak tydens die NP se Federale Kongres verlede week, het De Klerk herhaaldelik die KP uitgedaag: as die KP se bewering waar is dat hy nou die meerderheid van die kiesers verteenwoordig, waarom is hulle dan bang vir 'n referendum? Waarom dring hulle steeds aan op 'n algemene verkiesing?

Die NP-leiers vrees ook geen magsoorname deur geweld nie. Hulle sê politieke boewery by vergaderings, met regses wat van oral aangery word, is nog ligjare weg van 'n ernstige poging om 'n doeltreffende staatsgreep te probeer uitvoer.

Hulle wys daarop dat die polisie by twee geleenthede op Ventersdorp in krisismomente bankvas agter die wettige staatsgesag gestaan het, al was baie van hulle in hul harte waarskynlik polities regs.

'n Belangrike aspek is die hardekwas houding wat die NP by die Vrystaatse en Federale Kongres aangeneem het. "Tot hier toe en nie verder nie. Die NP gaan hom nie langer deur die regses laat rondstoot of afdreig nie."

Op dié grondslag het die NP à la Margaret Thatcher geweier om in enige omstandighede toe te gee aan die drie verregse eetstakers se eise. Die beëindiging van die eetstaking was 'n roemlose einde vir die regses en 'n politieke oorwinning vir die De Klerk-leierskap.

De Klerk, Kobie Coetzee en ander het dit ook duidelik gestel dat die NP sal voortgaan om politieke vergaderings te hou waar hy wil ondanks regse dreigemente. Daar sal nie weer 'n herhaling van Parys wees nie.

NP-leiers sê dit kan nie toegelaat word dat die AWB - wat volgens kenners nie veel meer as 2 500 lede het nie - by die wit publiek die indruk van 'n magtige landwye organisasie wek nie.

In NP-geledere is die Vrystaat ongenadig gekritiseer oor die kansellasie van die Parys-vergadering omdat dit 'n beeld van swakheid skep. Die aanduidings is dat De Klerk en sy raadgewers al voor Ventersdorp besluit het dat 'n konfrontasie met die regses nie ontwyk kan word nie, en dat dit eerder vroeër moet plaasvind as later, wanneer die onderhandelingsproses in 'n delikate fase is. Die sinlose lewensverlies het ook die AWB se beeld geknou.

Die NP probeer daarby 'n wig indryf tussen die AWB en die KP - ten beste maar onwillige bondgenote - soos weerspieël deur die aanvanklike aparte ooreenkoms tussen die NP en KP om die vrede op Parys te handhaaf, wat toe deur die AWB verbreek is.

Die grondwetlike voorstelle was natuurlik eweveel op die onderhandelingstafel as op die wit politiek gerig - vandaar die beklemtoning van die beginsel van magsdeling sonder dat een groep 'n ander oorheers, die inbou van koalisieregerings op al drie vlakke van regering en die wegdoen met 'n uitvoerende president met absolute magte.

Dit is insiggewend dat De Klerk by drie geleenthede op een dag gewaarsku het dat die NP nie sal toelaat dat hy in die onderhandelinge gestoomroller gaan word om waardes wat vir hom onaanvaarbaar is onder druk te aanvaar nie. De Klerk het dit in sy hooftoespraak gesê, toe weer in 'n aggressiewe kort afsluitingstoespraak en weer by 'n perskonferensie daarna.

'n "Oormatige dominasie-model", waar 'n persoon of instansie oormatige mag het, "is 'n doodloopstraat wat nie kan werk nie" en vir die NP absoluut onaanvaarbaar, was die boodskap.

De Klerk het beklemtoon die NP is een van die politieke partye waarsonder die grondwet nie kan werk nie, "dat dit die vermoë het om die aanvaarding van die grondwet te verhoed, en dat dit nie sal versuim om die vermoë te gebruik nie as die grondwetlike waardes waarin die NP glo, in gevaar gestel word."



AP Treurnicht ... roep die volk tot 'n Derde Vryheidsoorlog op.



Eugene TerreBlanche ... vertoon sy "militêre magte".

# 'N KOMEDIE

## *van die absurde*

DIE regse bravade gaan voort: AP Treurnicht roep die volk tot 'n Derde Vryheidsoorlog op; Eugene TerreBlanche vertoon sy "militêre magte" aan 'n goedgelowige Amerikaanse joernalis; die ultra-regses dreig met 'n bloedige revolusie en geweld; en almal sweer dat daar oor hulle dooie liggame met die ANC gepraat sal word.

Die regse leeu kan miskien nog brul, maar hy is tandeloos. Want die harde realiteite spreek harder as al die regse protes saam.

Daar is ernstige verdeeldheid tussen die talle verskillende regse groepe oor beleid, strategie en leierskap. Dieselfde verskille en twiste kom in haas elke groep voor. Skorsings en selfs fisieke aanvalle op die lewens van opponente is aan die orde van die dag.

Maar die belangrikste: terwyl daar in die openbare oog 'n kragdadige regse veldtog teen die ANC gevoer word, is daar geen enkele regse groep - ook nie die KP nie - waarvan die lede nie reeds met die ANC gepraat het nie, hetsy informeel, openlik of in die geheim.

Daar is 'n groeiende debat onder alle regses oor sekere sleutelvrae. Soos: Moet ons na die onderhandelingstafel gaan? Is dit nie in ons eie belang om ook met die ANC te praat nie? Sal die strategie om die onderhandelinge te boikot ons nie net verder op die sylyn rangeer nie?

Veral merkwaardig is die heel onlangse klemverskuiwings wat subtiel in KP-standpunte na vore begin kom. Die party is stadig maar seker besig om van 'n strategie van konfrontasie en verwerping van onderhandelinge weg te krabbel.

Tekens daarvan was te bespeur by die onlangse Vrystaatse kongres waar Treurnicht en Ferdie Hartzenberg se onbuigsame strategie oor die boikot van die onderhandelingsproses sterk gekritiseer is. In 'n dokument word 'n spesiale landwye kongres gevra "om riglyne en strategie ten opsigte van die konkretisering van die partybeleid te bepaal ten einde 'n definitiewe plan aan die kiesers-publiek voor te lê".

Dit is in wese 'n verwatering van KP-eise en 'n formule om tot die onderhandelingsproses toe te tree. Die dokument sê dat die verkryging van "'n eie vaderland ononderhandelbaar is", maar maak twee belangrike toegewings. Hulle is bereid om oor die grense van "ons vaderland" te onderhandel met diegene wat "ons reg op 'n soewereine vaderland" erken. Sowel die ANC as die NP het al toegegee dat die "reg tot selfbeskikking" by die onderhandelingstafel bespreek kan word.

Die dokument erken ook dat die nuwe wit "vaderland" kleiner sal wees as die witbeheerde Suid-Afrika, iets wat nog nooit in 'n amptelike KP-dokument genoem is nie. Dit is 'n fundamentele wegbeweging van die ou Verwoerdbeleid dat 87 persent van die grond aan "blank Suid-Afrika" behoort.

Die besluite word gesien as 'n oorwinning vir die sogenaamde "Nuwe Denkers" binne die KP onder leiding van Koos van der Merwe en 'n bedekte erkenning van die waarde van die sogenaamde "Koos-dokument" wat op die KP-koukus verwerp is.

Die kern-waarskuwing van Van der Merwe en sy geesgenote is dat die KP dinamies betrokke by die onderhandelingsproses moet wees, ander gaan die party irrelevant word.

Die twaalfpunt-dokument is blykbaar opgestel deur Eric Dansfuss, 'n Vrystaatse advokaat wat nou betrokke is by Toekomsgesprek, die KP se eie Broederbond. Dansfuss is deel van die verkrampte faksie van die KP en Hartzenberg-ondersteuners. Dit kan dus gesien word as 'n poging om die "nuwe denkers" se idees te versoen met die "skop, skiet en donder"-strategie van die leierskap, soos KP-kritici dit noem.

Die ander onverwagte verwikkeling in KP-geledere is Treurnicht se aanvaarding van 'n uitnodiging van die geheime Ruiterwag - die jeugarm van die Broederbond - om met hulle in gesprek te tree oor die onderhandelingsproses. Ingeligte KP-bronne beskou dit as 'n "uiters belangrike ontwikkeling".

Hulle meen dis duidelik dat Treurnicht besig is om 'n uitweg uit die doodloopstraat te vind waarin die KP met sy onbuigsame strategie beland het, en om voorbrand te maak vir latere gesprekke met die ANC.

- HENNIE SERFONTEIN

---

*vervolg van bladsy 5*

indruk is gewek dat die NP op die platteland in tru-rat is en dat die regses dit as 'n oorwinning sien."

Hy meen die NP is nou in dieselfde posisie as die ou Progge en in 'n mate ook die DP: Daar word op 'n rasionele wyse geargumenteer en geanaliseer, waarmee mense moeilik opgesweep word. Hierteenoor werk die KP nog met die ou bloeden-derms politiek wat mense warm onder die kraag maak. Daarom moet die NP 'n strategie volg om nie so baie vergaderings op die platteland te hou nie, maar die wat hulle wel hou, strategies baie goed te beplan.

WIECHERS meen Parys was 'n regse oorwinning. Die NP moet 'n teenstrategie op die platteland ontwikkel deur tientalle vergaderings op een slag te hou sodat die klomp AWB's moet versprei. "As mens kyk na die opkoms van Nazisme, het hulle 'n oorweldigende beeld van steun geskep deur die ontwrigting van vergaderings."

Soos wat in Namibië gebeur het, sal die NP ook lede van ander partye moet saambring na vergaderings toe en om dié rede is dit so jammer dat die NP die Arbeiders wat met hulle kon saamgaan, vervreem het.

KOTZé meen die gewone ondersteuners van die NP weet die regering kan sterk staan, soos Ventersdorp bewys het. 'n Groot groep mense wat bang en onseker gevoel het oor die ontwikkelinge daar, sou waarskynlik verder van die NP vervreem het as 'n uitdagende houding aangeneem word teenoor hul "eie mense". Dit sou nie wys wees om die saak op die spits te dryf nie.

"Buitendien speel die gewone NP-vergadering op die platteland deesdae 'n minimale rol om inligting deur te gee. Dit is net 'n simboliese aksie om 'n vergadering in die leeukuil te hou en sterk te staan. Inligting word deesdae baie meer effektief deur die media deurgegee."

SHEZI: "Soos ek gesê het, is die benadering om die regses te kalmeer die regte een en daarom is dit 'n goeie ding dat die NP die Parys-vergadering afgestel het. Die regses wil raakgesien word en politieke erkenning geniet. Die regering moet sensitief wees hiervoor en hoe onregverdig hulle eise ook al is, moet dit nie summier verwerp word nie, maar met die ander standpunte gesinkroniseer en geakkommodeer word.

**En die hantering van die eetstakers?**

KIRSTEN sê binne die politieke konteks het die regering met die standpunt weereens die persepsie in regse kringe bevestig dat die regering astrant en arrogant is en meen dat die regses nie politiek gewig dra nie.

Indien dit waar is dat die eetstakers in die geheim gevoer is, gaan die wins egter teen die regses draai, meen Kirsten. "Dit gaan dan blyk dat hulle nie met hulle lewens verbind is aan die saak nie en nie soos in 1914 in die geval van Jopie Fourie sê: 'Skiet my' nie."

KOTZé en GASTROW beklemtoon die regsargumente wat hier gebruik is. KOTZé beskou die eetstakers se taktiek as "afdreiging van die ergste graad en as die regering hier sou toegee, sou dit 'n onhoudbare situasie skep."

"Die regses is in die proses geknou, want die regering het sterk by sy standpunt gehou en hulle moes die aftog blaas. Die bewerings dat hulle boonop in die geheim voeding ontvang het, laat vrae ontstaan oor hulle verbintenis tot die saak." Daarenteen meen GASTROW dat die regering om humanitêre redes die eetstakers op hulle eie verantwoordelikheid met sekere voorwaardes kon laat huis toe gaan het.

WIECHERS meen die besluit versterk die regse persepsie dat "die regering klaar bevind het regses kan maar doodgaan". Deur die wyse waarop regses argumente oorvereenvoudig, kommunikeer hulle beter as die NP met sy "genuanseerde, te slim" politieke argumente. Gesofistikeerde en slim taal gaan net nie af nie.

**Wie wen die propaganda-oorlog in die wit politiek?**

Die regering is steeds 'n kort-kop voor en hierin speel die media 'n belangrike rol, sê KIRSTEN. Daar is egter aanduidings dat die regering sy hand oorspeel en hom uiteindelik in sy eie propaganda-boodskap gaan vasdraai.

Navorsing dui daarop dat daar 'n neutraliseringsproses by NP-ondersteuners aan die plaasvind is. Hulle verlaat die NP as party en distansieer hulle van die regering, maar sluit hulle nie by die KP aan nie omrede die KP en regses 'n negatiewe beeld van gewelddadigheid het. Vir die KP is dit 'n blok aan die been, waarin veral die AWB 'n groot rol speel.

Die AWB het wel strategiese waarde in regse kringe, omdat hulle toon dat hulle die fut, geloofwaardigheid en erns van die saak kan demonstreer, en daarmee toon dat daar geen vrede kan wees sonder dat hulle ook in berekening gebring word in 'n nuwe bedeling nie.

KOTZé sê: "Daar's nie twyfel nie dat die NP steeds die oorhand het in die wit politiek. Die groot verdeling is NP teen KP, en die verwagting is dat die meerderheid Engelssprekendes hulle aan die kant van die NP gaan skaar. Dit sal die oorwig na die NP se kant swaai."

Hy meen ook in die KP is daar verskuiwings aan die gang (die Koos-dokument), wat vra dat die regses hulle kant van die saak by die onderhandelingstafel moet gaan stel. Die strategie moet wees om te beding vir beskerming van minderheidsregte, wat dan sou beteken dat hulle nie so ver van die NP te staan gaan kom nie.

"Die ironie van die saak is dat die KP by die onderhandelingstafel gewig gaan verleen aan die NP-standpunt oor minderheidsregte!"

SHEZI: "Die regering het die regte instelling ten opsigte van die onhaalbaarheid van 'n wit tuisland, maar ten einde vrede tot stand te bring, moet almal sekere kompromieë aangaan. Die regses leef steeds binne 'n politieke kultuur wat oor jare ontwikkel het en verstaan nie die veranderinge wat nou plaasvind nie. Hulle moenie direk gekonfronteer word nie, maar op pragmatiese wyse hanteer word. Hierin slaag die regering nie altyd nie."

WIECHERS meen die regering is besig om die propaganda-veldtog onder Afrikaners te verloor. Dit kan net gestuit word deur sigbare simboliese Afrikaner-strewes daar te stel en dit aan te spreek.

Daar is 'n troostelose les te leer uit Namibia: as albei kante nie werklik probeer om gemeenskaplike grond te vind nie, gaan daar nie versoening kom nie en sal die skeuring net groter word. "Die probleem is dat daar baie min NP en regse politici is wat versoenend optree. Ons sien dit wel in die kerke, maar in die politiek is daar geen brugbouers onder ons Afrikaners nie."

# AFRIKANER-BEVRYDINGSLEËR SE TERREURPLAN

## 'n Nuwe ver-regse organisasie, die Afrikaner-Bevrydingsleër, is vandeesweek ontbloot nadat die ver-regse eetstaker Adrian Maritz 'n dokument aan VWB gestuur het. **JACQUES PAUW en PEARLIE JOUBERT doen verslag**

'n TERREURPLAN van 'n nuwe, geheimsinnige ver-regse organisasie, die Afrikaner-Bevrydingsleër (Abel), het vandeesweek in besit van VWB gekom. Die plan is deur die eetstaker Adrian Maritz in die HF Verwoerd-Hospitaal aan 'n menseregteprokureur gegee.

Volgens die plan, wat onvolledig is, beplan Abel om teikens in dorpe en stede met onder meer motorfietse aan te val en wapens agter op vierwiel-aangedrewe voertuie te monteer. Sy lede moet gewerf word uit die Spesiale Magte van die SA Weermag.

Maritz het die handgeskrewe dokument enkele weke gelede aan die prokureur gegee en hom gevra om dit aan VWB te gee. Dit is onbekend in wie se handskrif die dokument is en of Maritz, wat tans tereg staan op 'n aanklag van moord en tien aanklagte van poging tot moord, op enige manier by Abel betrokke is.

Die Pretoriase politieke konsultant en regse kenner, dr Wim Booyse, het vandeesweek ná die bestudering van die dokument gesê dis 'n "absolute fanatikus" wat die dokument opgestel het en dat dit die eerste keer is dat hy van dié organisasie hoor. Hy vermoed die opsteller van die dokument is 'n lidmaat van die fanatieke Kerk van die Verbondsvolk of die Heilige Isrealiete. Dit lyk of die persoon polisie- of weermagopleiding en kennis oor die bepaling van strategie het.

Booyse sê hy kry die indruk dat Abel nog nie gestig is nie, maar nog in die vormingsproses is. Hy vermoed Abel sal niks meer wees as 'n enkele sel bestaande uit 'n handvol fanatieke regses nie.

"Ons móét dreigemente soos hierdie ernstig opneem. Dit is juis enkelselle en klein groepies soos dié wat uiteindelik die 'derde mag' in die wit politiek kan word en ontsaglike skade aanrig. Hulle diskrimineer nie tussen hul slagoffers nie en wys ook nooit hul ware kleure in die openbaar nie," sê Booyse.

Maritz, 'n lid van die Orde Boerevolk, was lid van 'n soortgelyke verregse sel wat, benewens hom, bestaan het uit sy medeeetstakers Henry Martin en Lood van Schalkwyk, 'n polisieman en 'n vyfde persoon. Dié sel was verantoordelik vir twee bomontploffings waarin een persoon dood en twaalf beseer is.

Die opskrif van die ver-regse dokument is: "ANC Anargie of Opregte Christelike Geluk: Plan Abel en die Eindelike Blanke Verlossing."

Die dokument lui: "Daar is by Godvresende, ordentlike, wetsgehoorsame Boere geen twyfel dat hulle die teiken van die Kommunis se wraak en haat gaan wees ná die oorname nie. Calvinisme en die regse Godskerk gaan totale onderdrukking, vervolging en 'n heksejag tegemoet. Dit is dus waarheen ou Suid-Afrika, waarin ons grootgeword het, nou neig. Anargie, tensy ons iets doen..."

A.N.C. ANARGIE OF OPREGTE CHRISTELIKE GELUK.
PLAN ABEL EN DE EINDELIKE BLANKE VERLOSSING.

INLEIDING.

DAAR'S GEEN TERUGKEER NA VOOR-1990'S SUID-AFRIKA NIE. DIÉ LAND BEGIN TE BLOEI. NIE NET VAN DIE GEWELD VAN KOMMUNISTIES GE-INSPIREERDE ONDERDRUKKING VAN DIE SWART BEVOLKING NIE, MAAR OOK DIE SINNELOSE MOORD OP POLISIE-MANNE EN BEWAARDERS VAN DIE TRADISIONELE CHRISTELIKE NORME OMSKRYF IN CALVINISTIESE LEERSTELLINGS. DIÉ DOEL-BEWUSTE POGING TOT OORGAWE-AANVAARDING VORM DEEL VAN DIE WÊRELDMAG VAN DIE KOM-INTERN, OF SOSIALISME INTERNASIONAAL, SE STRATEGIE OM DIE MINERALE SKATHUIS VAN DIE WÊRELD DEEL VAN HUL BESITTEL TE MAAK. BREZNEV HET VROEG IN DIE 70'S HIERDIE UITKPUNT TEKENS GE-OPPER EN AS DIE EINDELIKE 'GROOT-PRYS' BESKRYF. DIE GEBEURE SEDERT 11 FEB. 1990, LEEN HOM TOT NET EEN GEVOLGTREKKING: DIE SA. REGERING/A.N.C KOALISIE GAAN VOOR 1992 SUID-AFRIKA IN 'N MARXISTIESE ANC/SAKP GE-DOMINEERDE, U.S.S.R. - SATELLIET-LAND VERANDER. MANDELA, SLOVO EN MODISE (UMKHONTO) HET KLAAR HUL 'REGERING-IN-BALLINGSKAP' WAT GAAN OORVAT. DIE LIBERALE UIT-UITVERKOPERS VAN DIE BLANKE AFRIKANER-RAS GAAN OF; LEKKER GEVLYSINGDE POSTE, OF VLIEGTUIGKAARTJIES NA VERSEKERDE AFTREDINGS-WEELDE KRY, VIR HUL 'PRAGTIGE' BYDRAE TOT WÊRELD-SOSIALISME EN DIE WET VAN DIE KOMINTERN. DAAR IS BY GOD-VREESENDE, ORDENTLIKE WETSGEHOORSAME BOERE GEEN TWYFEL DAT HULLE DIE TEIKEN VAN DIE KOM-INTERN SE WRAAK EN HAAT GAAN WEES NÁ DIE OORNAME NIE. CALVINISME EN DIE REGSE GODS-KERK GAAN TOTALE ONDERDRUKKING, VERVOLGING EN 'N HEKSE-JAG TEGEMOET. DIT IS DUS WAARHEEN OU-SUID-AFRIKA, WAARIN ONS GROOTGEWORD

Die eerste bladsy van die Afrikaner-Bevrydingsleër se terreurplan wat vandeesweek in VWB se besit gekom het.

Die dokument sê dat "godvresende jong Boere-burgers en opregte Israeliete" reeds Gideonsbendes gevorm het wat gaan opstaan om die "Bees" te beveg. Die Gideonbendes is die "vuis, oë en ore" van Abel. Volgens die skrywer van die dokument kry Abel sy beslag in die burgermag- en kommandostelsel van die SA Weermag waaruit hy sy leiers en manskappe trek.

Die Gideonsbendes word uit klein groepies van vier tot agt man saamgestel. Naas die bendeleier is daar ook 'n godsdiens-kenner, 'n noodhulp-kenner en 'n plofstofdeskundige. Die keuring vir lede van die sel, sê die dokument, moet strenger as die verkenningskommandos van die weermag wees. Omdat die lede reeds weermag-opleiding het, word hulle slegs onderrig in godsdiens.

Elke bende opereer onafhanklik in 'n eie geografiese gebied. Die bendeleier alleen weet van wie hy sy opdragte ontvang en nadat hy dit gememoriseer het, moet alle dokumentasie vernietig word. Die Gideonsbende word met dokumentasie toegerus wat hulle in staat moet stel om in 'n tyd van nood by Boeremense om hulp en slaapplek aan te klop.

Die bendelede moet naas die hanteer van wapens, ook perd kan ry en veldmotorfietse kan bestuur. Hul wapentuig is hul eie keuse, terwyl hulle bedags in gewone Boere-kakiedrag geklee moet wees. Snags moet die bende 'n swart uniform aantrek sodat hulle onopsigtelik kan rondbeweeg. Die dokument voeg by: "Geen denim nie - NB." Die bendelede mag geen identifikasie aan hulle dra nie.

Daar is ook 'n gemotoriseerde eenheid in Abel, die Kavaliers, waarvan die lede gewerf word uit Aquilla (AWB), die Orde-Boerevolk en die Wen-kommando. Die voertuie wat gebruik word, is vierwielaangedrewe en veldmotorfietse. Die perdeeenheid word gebruik vir verkenning en spesiale aanvalle.

Die dokument lui: "Motorfietse - alle soorte en tipes, maar veral veldfietse is uiters geskik vir 'hit en run'-taktieke. Met dié fietse kom hindernisse ook nie as probleme voor nie. Straatfietse, veral spoedfietse, is geskik vir slaan in een dorp en dan weer in 'n ander 150 - 300 kilometer. Verwarring! Ook vir rapport-ry en aflewerings tussen dorpe en stede.

"Die 4x4's is die proviand- en oorlogsvoertuie vir die stedelike opset. (Daar gaan nie genoeg Rooikat-pantserkarre wees om te steel nie.) Dié voertuie beskik oor goeie petrol-verbruiksyfers en is rats. Allerlei wapens kan agterop monteer word. (Trojaanse Perd-konsep)."


IDASA
WORKING FOR DEMOCRACY

**IDASA is seeking an Economics graduate for its national office in Cape Town, with immediate effect.**

**The successful applicant will have:**

* a minimum of an Honours degree in Economics
* an active interest in the current economic debate
* a commitment to a non-racial and democratic South Africa
* an energetic and pro-active approach
* sound administrative and interpersonal skills

**He or she will report to and work closely with the Executive Director; accept responsibility for organising regional and national seminars on economic options for South Africa, research and prepare papers impacting on the current economic debate.**

Salary negotiable with the normal fringe benefits.

Apply in writing to: The Executive Director
IDASA
Hill House
1 Penzance Road
Mowbray 7700

# Boereverneukery

## Groot verwarring en omstredenheid omhul die geloofwaardigheid van die eetstaking van drie ver-regses in Pretoria nadat foto's van hulle in Vrye Weekblad en die Sunday Times gepubliseer is. Was hulle werklik so lank op 'n eetstaking as wat hulle beweer? Vandeesweek het VWB van die mediese toetse van die eetstakers bekom - en alles dui daarop dat iets nie pluis is nie. *Deur* JACQUES PAUW

EN toe ís dit boereverneukery van die eerste water!

Die drie ver-regse eetstakers, wat Suid-Afrika én die wêreld geglo het besig is om van honger te sterf, blyk toe al die tyd "goed gevoed" te wees en toon min tekens van enige verhongering.

VWB het vandeesweek van die resultate van die mediese toetse bekom wat 'n week gelede op die eetstakers uitgevoer is, en volgens drie geneeshere wat die syfers ontleed het, was nóg Adrian Maritz nóg Lood van Schalkwyk nóg Henry Martin in enige wesenlike gevaar.

VWB het verder uit 'n bron na aan die eetstakers verneem dat die drie mans elke dag minstens 'n Lunch Bar-sjokoladestaaf verorber het. Die sjokolade is glo bedags aan hulle oorhandig en hulle het dit saans ná ligte-uittyd geëet.

Die uitslag van die toetse, wat geneem is toe Martin, Maritz en Van Schalkwyk onderskeidelik 60 dae, 53 dae en 46 dae sonder kos was, bevestig gerugte en vermoedens die afgelope twee weke dat die eetstakers heel moontlik besig was met 'n goedkoop propaganda-truuk om vrywaring vir hul terreurdade te bekom. Toe dit misluk, het hulle in die dilemma verkeer dat hulle veronderstel was om na aan die dood te wees, en het hulle geen ander keuse gehad as om hul eetstaking te staak nie.

Een van Suid-Afrika se voorste kenners van eetstakings, dr Aslam Dassoo van die South African Health Workers' Congress, het ná bestudering van die toetse gesê: "Dis ongeloofik, dit lyk asof die eetstakers in 'n beter toestand is as wat die UDF-eetstakers was nadat hulle 30 dae sonder kos was. Die uitslag toon normale resultate en hoewel ek nie self die mans ondersoek het nie, bewys die toetse hulle was nie in enige lewensgevaar nie."

Dassoo voeg by dat die toetse onvolledig is en dat hy die volle resultate nodig het om 'n volledige beeld van hul gesondheidstoestand te vorm, maar nogtans is hy in staat om met redelike sekerheid te sê dat nie een van die mans so lank sonder kos was as wat hulle beweer nie. "Hul proteïne- en albumientellings is merkwaardig hoog vir mense wat beweer hul was so lank sonder kos.

"Die mans kom nie eens vir my siek voor nie en ek is hoegenaamd nie beïndruk deur hul bewerings nie. Al die resultate is óf normaal óf effe hoog of laag, maar daar is niks wat daarop dui dat die eetstakers ooit in enige gevaar was nie. Hul hoë cholesteroltelling dui daarop dat hul heel moontlik met 'n ryk kossoort gevoer is," sê Dassoo.

Prof Roy Keeton van die Mediese Skool van die Universiteit van Kaapstad, wat betrokke was by die behandeling van eetstakers in die Somerset-Hospitaal, sê ook dat sekere inligting ontbreek om 'n volledige prentjie te vorm, maar hy kan ook met redelike sekerheid sê dat die eetstakers in geen gevaar was nie. Hy beskryf die toetsuitslag as "merkwaardig" en sê die eetstakers se proteïne- en albumien-telling dui daarop dat hulle




Dié foto van die ver-regse eetstaker Adrian Maritz is verlede Vrydag in VWB gepubliseer toe hy na bewering 53 dae sonder kos was.

"goed gevoed" (well nourished) kan wees. (Albumien is 'n groep proteïnes wat in bloedserum voorkom)

"Ek was nog altyd baie skepties oor dié eetstaking en glo nie hul bewerings dat hulle so lank sonder kos was nie. Ek wil egter waarsku dat ek nie oor al die inligting beskik om 'n finale mening te gee nie," sê Keeton.

'n Derde geneesheer, wie se naam nie genoem kan word nie, sê ná bestudering van die toetse dat die drie eetstakers na skatting tussen 20 en 24 dae op 'n eetstaking was. Hy stem saam dat daar nooit enige lewensgevaar was nie. Hy sê in al drie gevalle toon die kombinasie van albumien en proteïne dat die eetstakers kos moet ingeneem het.

Maritz, Martin en Van Schalkwyk het Maandag hul eetstaking beëindig omdat hulle volgens die leier van die Orde Boerevolk, Nic Strydom, beslis sou doodgegaan het nadat onderhandelinge oor hul vrywaring op niks uitgeloop het nie.

Die drie mans, wat nou behandeling vir hul eetstaking ontvang, sal die hospitaal verlaat sodra hul herstel het. Borgtog van R5 000 is aan elkeen toegestaan. Hulle staan onder meer tereg op 'n aanklag van moord wat voortspruit uit 'n bomontploffing by 'n Durbanse rekenaarmaatskappy in Oktober verlede jaar.

Die drie eetstakers se prokureur, Wim Cornelius, het vandeesweek nog die toestand van sy kliënte as "kritiek", maar stabiel bestempel. Hy meen dit kan enigiets van een tot drie maande duur voordat die mans gesond genoeg sal wees om in die hof te getuig.

Cornelius het die afgelope twee weke kwaai onder skoot gekom weens sy beskrywings van die eetstakers se toestand. Verklarings deur Cornelius was die publiek se enigste bron van inligting oor die toestand van die eetstakers omdat dit nie die beleid van die Departement van Korrektiewe Dienste is om verklarings te doen oor die mediese toestand van eetstakers nie.

Conelius het al op 16 Augustus verklaar dat Martin in 'n kritieke toestand verkeer en op die randjie van 'n koma is. Hy kon volgens sy prokureur toe al nie meer sy arms lig of loop nie. Drie dae later het Cornelius gesê dat Martin nie tot die einde van die week sal leef nie, en 'n dag later het hy 'n verdere verklaring uitgereik dat hy Maritz en Martin net een dag gee om te leef.

Op 26 Augustus het Carnelius beweer dat Maritz en Martin ernstige lewer- en nierprobleme ondervind. Op 31 Augustus het Cornelius gesê dat Martin en Maritz soos oorlewendes van die Belsen-konsentrasiekamp lyk en dat hul niere besig is om in te gee.

Op 3 September is Martin se toestand as "kritiek" beskryf en twee dae later het Cornelius gesê dat dit net 'n kwessie van ure is voor Martin in 'n koma kan ingaan en sterf.

Die openbare besorgdheid oor die eetstakers se toestand, wat selfs daartoe gelei het dat die president van die ANC, Nelson Mandela, hulle besoek het, is verder aangevuur deur uitsprake van Strydom, die militêre leier van die Orde Boerevolk, Leonard Veenendal, en Maritz se vrou, Karen Maritz. Hulle het almal die eetstakers se toestand deurentyd as kritiek beskryf.

Die uitslag van die mediese toetse het verder getoon dat Lood van Schalkwyk se hartensiemtelling baie laag is, wat verdere twyfel laat ontstaan of hy wel drie angina-aanvalle gehad het, soos Cornelius beweer het.

Cornelius het vroeër gesê dat hoewel hy nie konstant by die eetstakers was nie, dit baie moeilik vir buitestaanders sou wees om kos, vitamines of enige ander byvoeding vir die mans te neem omdat besoekers aan hulle baie streng gekeur word.

Tot minstens middel Augustus egter, was daar taamlik vryelike toegang tot die mans en vriende en regse kamerade het hul gereeld besoek. In die laaste drie weke het minstens hul vroue en familielede toegang tot hulle gehad, in dié mate dat hulle daarin kon slaag om foto's van die eetstakers te neem.

Dassoo, wat verantwoordelik was vir die behandeling van talle van die eetstakers van die United Democratic Front in 1989, sê nierversaking kan na 40 dae van 'n eetstaking intree en ná 48 dae van 'n staking is daar 'n baie goeie kans dat die persoon in 'n koma kan verval.

Sewe van die tien Ierse eetstakers wat in 1981 ná 'n eetstaking dood is, was reeds dood teen die 61e dag sonder kos terwyl die oorblywende drie in komas begin verval het. Die Ierse eetstakers was voor hul staking almal fiks en gesond en die oudste onder hulle was 30 jaar.

Wim Cornelius was gistermiddig nie vir kommentaar beskikbaar nie.


## Só het die eetstakers verneuk

Resultate van die mediese toetse wat verlede Vrydag (6 September 1991) op die drie eetstakers gedoen is. Die toetse is gedoen onder leiding van prof Ren van Rooyen, hoof van interne geneeskunde by die HF Verwoerd-Hospitaal. (Die beoordelings tussen hakkies is die interpretasie wat drie dokters, wat die syfers vir VWB bestudeer het, aan die syfers verleen.)

| | ADRIAN MARITZ | HENRY MARTIN | LOOD VAN SCHALKWYK |
|---|---|---|---|
| **Natriumtotaal:** | 143 (normaal) | 143 (normaal) | |
| **CL:** | 110 (normaal) | | |
| **CO2:** | 16.8 (normaal) | 16,5 (effe laag) | 19 (normaal) |
| **Proteïn** | 62 (normaal) | 67 (normaal) | 69 (normaal) |
| **Albumien:** | 43 (normaal) | 47 (normaal) | 35 (normaal) |
| **Cholesterol:** | 6,75 (effe hoog) | 6,6 (normaal) | 6 (normaal) |
| **Glukose:** | 2,6 (effe laag) | 3,4 (effe laag) | 4,3 (normaal) |
| **TGI:** | 1,03 (normaal) | 1,7 (normaal) | |

# what is to be done?

## DR OSCAR DHLOMO, EXECUTIVE CHAIRMAN OF THE INSTITUTE FOR MULTI-PARTY DEMOCRACY, LOOKS AT THE CAUSES OF VIOLENCE AND SUGGESTS A MULTI-FACETED STRATEGY TO COUNTER IT



IT is no longer possible to pinpoint one single cause of the violence that is tearing our society apart. A combination of social and political factors have produced this state of affairs.

Firstly, there is ideological conflict among some of our major political parties. The conflict results from parties attempting to sell their policies and ideologies in the market place but doing so in disregard of the rules of the democratic game - resulting in political intolerance and intimidation.

Secondly, socio-economic factors contribute to the violence. In the most depressed residential areas where violence is rife, people struggle to exist and scramble for scarce resources like water. Unemployment is rife and living conditions are depressing. Any strategy that seeks to address violence without also addressing ways of improving people's quality of life will not succeed.

Thirdly, criminals, thugs and hooligans have cashed in, especially in areas where law and order have broken down. Sometimes these criminals exploit the political conflict between political parties and rob communities of their properties. They often pose as members of political groups when they are not.

Fourthly, the role of the police and security forces has also featured as a possible cause of violence. On various occasions both warring sides have accused the police of partiality and therefore the police no longer enjoy the full confidence and trust of the factions that are in conflict. Allied to this is the spectre of the so-called "third force" allegedly fanning the flames of violence. Conclusive evidence of the existence and activities of the "third force" has been hard to come by and the warring factions themselves are unable to unite to investigate this problem.

Clearly a multi-faceted and multi-disciplinary anti-violence strategy is called for if violence is to be effectively addressed.

Though the government has a significant role to play in ending the violence, I do not believe that the government, acting single-handedly, will bring us the peace we all desire. We will only reach genuine peace when the government, in joint partnership with all our political leaders, tackles the problem of violence. A basic pre-requisite is that all our political leaders must accept a definite role and responsibility in ending the violence.

Our politics is endowed with a plurality of political parties, movements and organisations. All these parties have a right to sell their policies to the citizens - who have a right to support parties of their choice without fear of intimidation or victimisation. Our challenge is to protect both rights. We can help the parties to come together and draw up democratic rules according to which they will play the political game. The rules or code of conduct should then be strictly and impartially monitored and enforced.

Simultaneously, ways must be found to reach out to the communities involved in violence, with a view to helping them inculcate the tenets of political tolerance, peaceful co-existence, freedom of assocation and training them in the mastery of techniques for dispute and conflict resolution. There are already many experts in this field.

We must find ways and means of effectively countering political intimidation. There can be no freedom of association, and therefore no democracy, where political intimidation, forced recruitment of members, kangaroo courts and so-called necklaces are rife. The government, in full consultation with all political parties and leaders, should seriously consider effective legislative and other measures to curb political intimidation.

Fighting political violence should be additional to and not a substitute for fighting criminal violence. These are two distinct categories of violence which should not be confused and should receive the full attention of law enforcement agents.

The government's suggestion of establishing a commission on violence is a constructive one. But the structuring of the commission, its terms of reference and its powers should be thoroughly debated between the government and all significant political parties as well as interested and relevant community organisations. This consultation will ensure that the proposed commission is credible and fully accepted by all sectors of our population. The commission must be endowed with sufficient powers to do its work.

Much has been written and said about the role of the police and the security forces in the present violence. The police have been accused of partiality by both camps. The basic problem is that in doing their work, the police are following ground rules known only to themselves and not to the public they are out to protect. It seems that this controversy surrounding the role of the police will continue as long as there is no publicly known code of conduct governing their operation in areas engulfed in violence. The government needs to take the lead and consult widely with other political and community leaders with a view to drafting such a code of conduct for the police. Once drafted, the code should be brought to the attention of the community so as to avoid any misunderstanding when police adopt certain measures in combating violence.

Police presence, especially in areas declared "unrest areas", should be drastically improved. We are in a situation of grave conflict. Police must find a way of maintaining a permanent presence in these areas even if this means establishing temporary or mobile police stations.

One of apartheid's many tragic legacies is the administrative nightmare it created by enforcing fragmented and uncoordinated control of essential social and other services in our country. Each time we contemplate a national strategy to tackle any issue - health, education, agriculture, violence or housing - we are confronted by this granite wall of fragmented control. We might be asking the South African Police to do the impossible in devising a national anti-violence strategy when they do not have jurisdiction over police matters in the entire country. We have seven different and autonomous departments of Law and Order. It would be a progressive step for the government to immediately begin consultations aimed at rationalising and coordinating policing or law and order functions so that we could have a single law enforcement agency in the country.

In areas where it is possible to do so immediately, a properly co-ordinated programme of social reconstruction should be launched by the government after proper consultation with political and community leaders. This programme should aim at upgrading the quality of life of people in areas affected by violence. It is no coincidence that violence seems to be rife in informal settlements and hostels where people are forced to live under disgraceful and unhygienic conditions. Communities that have been disrupted and torn apart by the violence, should be assisted to re-establish themselves in a properly coordinated programme.

Radio and television have not yet been effectively used to combat violence and educate our communities on the virtues of peace and political tolerance. Of course, we do have regular news bulletins which inform us about numbers of people killed each day. We need imaginative radio and television programmes and documentaries to educate our people and influence them to regard violence as a cancer that will destroy the entire nation. Consultations and seminars on the role the press could play in promoting peace should be encouraged. Articles that attempt to search for villains and angels in this violent situation are not helpful. We should rather spend more time searching for solutions.

Finally, the government must urgently find a way of effectively and meaningfully involving extra-parliamentary political leaders in the process of political transition. Unless this process is seen to be a genuine partnership, it runs the risk of being delayed or even derailed. With proper consultations a way could be found, even before formal negotiations begin, to involve these leaders actively in the process of transition. This move might result in the advent of a multi-party political transition team and would underscore the fact that all South Africans share the responsibility of ensuring a smooth and peaceful transition.

The violence we are presently experiencing must not be allowed to dampen our determination to work for a new democratic society. Those who have studied processes of socio-political transition and democratisation in other parts of the world, know that what we are experiencing is not unique. We must fix our eyes on the ultimate prize - peace, prosperity, tolerance, democracy and reconciliation - and we must not allow the death throes of apartheid to demoralise us and divide us into polarised and hostile camps fighting physically in the killing fields distant from the negotiating table.

(This article appeared in the first issue of State of the Nation, a joint publication by Vrye Weekblad and Sowetan)



Mev Sobantu Zobedwa ween oor haar vriend wat doodgeskiet is deur plunderende Inkatha-ondersteuners wat Sondag na willekeur motoriste aangeval het in 'n botsing met inwoners van Mofolo-Sentraal in Soweto. Meer as 19 mense is dood en tientalle in die voorval gewond. (Foto: Dynamic Images)

# *Geweld bly 'n veelkoppige draak*

## TELKENS WANNEER VORDERING GEMAAK WORD MET DIE STRYD TEEN GEWELD, VLAM GEWELD WEER OP. WIE HET BELANG BY DIE ONDERMYNING VAN DIE VERDESPROSES EN DEUR WIE WORD DIE GEWELD AANGESTIG?

**AUDREY BROWN** *neem die kwessie in oënskou*

DIT word al hoe duideliker dat geweld soos 'n veelkoppige draak kop sal uitsteek sodra Suid-Afrikaanse politici pogings aanwend om geweld onder hul ondersteuners en gewone mense te beëindig.

Die jongste geweld, wat in Thokoza aan die Oos-Rand losgebars het en waarin 98 mense dood is, enkele dae voor die ondertekening van die Vredeskonvensie, illustreer dié verskynsel.

Almal is dit eens dat die geweld 'n doelbewuste poging is om die ondertekening van die verdrag op September 14 te verwoes.

Maar die patroon is lankal te bespeur - veral aan die Rand, wat wyd gesien word as die politieke barometer van die land. Pogings om die geweld te ontleed loop dood wanneer daar verby die dodetal, die rooi kopdoeke, die AK-47s en die kulturele wapens gekyk word.

Volgens Frederik Van Zyl Slabbert van IDASA, "lyk dit asof daar pogings is om die vredesproses te kelder, maar die vraag is: waar word hierdie planne beraam?"

Dié vraag word onderstreep deur die duidelike belang wat al die betrokke partye in die vredesamesprekings by die behoud van vrede het. Die ANC en Inkatha het onmiddellik en onomwonde hul afkeur van die aanval op Inkatha-ondersteuners Sondag by Thokoza uitgespreek. Leiers van albei groepe het hul verbintenis tot die verdrag van 14 September verklaar.

Die vrae wat dus ontstaan, is: gaan geweld die donker meeloper van politieke vooruitgang in Suid-Afrika wees? Wie het belang by die endemiese geweld, en wie beplan dit sodat dit saamval met belangrike deurbrake op die politieke vlak? Wanneer gaan dit ophou?

Vroeë pogings deur die media en politieke waarnemers om dié vrae te beantwoord het met die teorie van die "Derde Mag" gekom. Dié verduideliking is gegee teen die agtergrond van berigte van Inkatha-aanvalle wat met die steun van die veiligheidsmagte sou plaasvind.

Maar die jongste vlaag van geweld, waarin Inkatha oop en bloot aangeval is, laat dié argument in duie stort. En volgens Sue Vos, media-skakelbeampte van die Inkatha Vryheid Party, is dit nie die eerste keer dat Inkatha aangeval is nie.

"In die laaste jare is ons lede gereeld aangeval, maar niemand let dit op nie. Waar rooikopdoeke (wat Inkatha-lede aandui) betrokke is by 'n aanval, praat mense van 'n bloedbad. Maar waar ANC-lede betrokke is, word die aanval in die media as die werk van die Derde Mag afgeskryf," sê Vos.

Sy het 'n punt beet. Navorsing deur die Black Sash in Natal dui aan dat "oënskynlik beplande, professioneel uitgevoerde sluipmoorde op politieke figure in Natal" verlede maand voortgesit is.

Volgens die Black Sash sluit slagoffers van dié aanvalle "leiers van die ANC en Inkatha in. Van hulle het verbintenisse met hofsake oor wangedrag deur die polisie."

Die verslag sê verder die mees onlangs slagoffer was 'n Inkatha-voorsitter, Ndodi Thusi, wat in 'n ANC-vesting gewoon het. "Onder die inwoners van Richmond was Ndodi bekend as 'n man wat werklik na vrede gesoek het."

Daar is dus geen klinkklare verduideliking vir die aanhoudende geweld in Natal, en inderdaad, aan die Rand nie.

Volgens Van Zyl Slabbert kan mens argumenteer dat daar 'n regse element is wat verbintenisse het met kriminele elemente. "Hulle kan dus maklik só 'n groep mense betaal om 'n vuurhoutjie in die kruitvat te gooi. Maar die feit dat ons 'n onopgelosde veiligheidsituasie het, beteken dat daar selfs tien aanvaarbare verduidelikings kan wees vir wie die agente van geweld in die land is."

Dit is duidelik dat geweld gereeld gaan kop uitsteek sodra daar vordering kom in die stryd om geweld te bekamp. Maar wat nou al hoe duideliker word, is dat dié soort geweld nie in dieselfde vorm, of selfs deur dieselfde agente uitgevoer gaan word nie.

Ter ondersteuning van dié teorie sê Slabbert: "Ons moet aanvaar dat 'rogue-violence' 'n faktor in die geweld is. Daar is beslis faksies binne elkeen van die hooforganisasies wat nie tevrede is met die manier waarop dinge verloop nie. Maar dit is baie moeilik om te bepaal wie in enige stadium verantwoordelik daarvoor is. En naderhand word dit selfs sinloos om dit te probeer bepaal, omdat die agente wat in 'n sekere situasie geweld aangewakker het, later nie eens meer betrokke is nie. Dit kan uitkring na ander elemente wat dan opportunisties betrokke raak by geweld."

Die enigste sin wat uit die verwoesting gemaak kan word is dat diegene wat geweld aanwakker, geen belang by vrede het nie. Hulle het ook 'n groot aantal wapens en 'n ryke teelaarde tot hul beskikking.

# VREDESKONVENSIE 'N WONDERWERK

**Die Vredeskonvensie** wat môre in Johannesburg gehou word, is moontlik die belangrikste politieke deurbraak sedert 2 Februarie verlede jaar, toe pres FW de Klerk die ontbanning van politieke partye en die vrylating van politieke gevangenes aangekondig het, *skryf* **HENNIE SERFONTEIN**

VIR die heel eerste keer word die moontlikheid in die Konsep-vredesooreenkoms - wat môre in Pretoria aan die Vredeskonvensie voorgelê gaan word - geskep om praktiese strukture, meganismes en prosedures te vestig ten einde snel te kan optree om politieke geweld te bekamp. Dit sluit in die skepping van 'n Nasionale Vredeskomitee en 'n Nasionale Vredesekretariaat.

Wat die ANC, Inkatha en die NP in die kort tyd sedert 22 Junie bereik het, is niks anders nie as 'n politieke wonderwerk. Dit is voorafgegaan deur talle vergaderings en private ontmoetings tot diep in die nag, onder die wakende teenwoordigheid van vooraanstaande kerk en sake-leiers.

Selfs die wantroue wat einde Julie gewek is deur die Inkathagate-skandaal, het die moeisame proses onaangetas gebly. Ongeag wilde eise in dié verband deur hul ondersteuners op grassrootsvlak, het dit tot almal se verbasing ook nie gelei tot die verbreking in ANC-Inkatha betrekkinge nie.

Maar op die medium en lang termyn lê die inhoud van die vredesakkoord, wat deur alle partye onderteken gaan word, die grondslag vir die Veelpartykonferensie (VPK) wat teen die einde van die jaar of vroeg volgende jaar gehou kan word.

Waardevolle ervaring is opgedoen in die aanloop tot die Vredeskonvensie, waartydens talle probleme uitgestryk moes word, soos voorsitterskap, verteenwoordiging, prosedures, en uitnodigings.

Die feit dat die voorbereidingskomitee (preparatory committee) van die vredesonderhandelinge in 'n permanente Nasionale Vredeskomitee omgeskep gaan word, open die weg om die kern te vorm waarrondom die beplanning vir die VPK kan plaasvind.

Die voorbereidingskomitee bestaan uit dr Louw Alberts en eerw Frank Chikane (hoofsekretaris van die SA Raad van Kerke), prof Johan Heyns (van die NG Kerk), mnr John Hall ('n sakeman), dr. Theuns Eloff (Consultative Business Movement), Aartsbiskop Desmond Tutu (Anglikaanse Kerk), dr Khozo Mqojo (Metodiste Kerk en president van SARK), en sake-verteenwoordigers soos Bobby Godsell, Sean Cleary en Sam Motsuenyana.

Onder die politici is Thabo Mbeki en Aziz Pahad van die ANC, Esop Pahad (SAKP); Roelf Meyer en Johan Scheepers van die NP, Frank Mdlalose en Walter Felgate van Inkatha, en Javendra Naidoo van Cosatu.

Die 23 mense op die voorbereidingskomitee het gesamentlik die uitnodigings aan sowat 300 mense gerig. Dit sluit in die leiers van politieke partye en groepe, vakbonde, tradisionele leiers, selfregerende state, die besigheidsgemeenskap en kerke.

'n Konsep-vredesooreenkoms van 32 bladsye is op 29 Augustus deur 'n vergadering van die voorbereidende komitee aanvaar. Blykbaar het die leiers Buthelezi, De Klerk en Mandela dit in beginsel aanvaar.

Die konsep wat môre aan die 300 afgevaardigdes by die vredeskonvensie voorgelê sal word, lê die volgende belangrike aanbevelings voor: 'n gedragskode vir politieke partye en organisasies, wat deur al die politieke groepe wat die ooreenkoms onderteken, streng nagekom moet word; 'n gedragskode vir die polisie wat deur elke lid van die polisie mag streng nagekom word, asook 'n gedetailleerde ooreenkoms oor die veiligheidsmagte; riglyne vir die rekonstruksie en opheffing van gemeenskappe; en die daarstel van meganismes om die bepalings van die ooreenkoms te implementeer.

AAN DIE VOORAAND VAN DIE VREDESVERDRAG-ONDERTEKENING IS TALLE MENSE IN TOWNSHIP-GEWELD DOOD - DIE VINGER WYS NA POLISIE-PARTYDIGHEID. **CHRISTELLE TERRREBLANCHE** GESELS MET 'N INTERNASIONALE KENNER VAN POLISIE-STRUKTURE, PROF CLIFFORD SHEARING, OOR DIE POLISIE SE ROL IN DIE OORGANGSFASE EN DAARNA IN 'N DEMOKRATIESE SUID-AFRIKA.



Clifford Shearing

# *ombudsliggaam kan polisie legitimiteit gee*

CLIFFORD SHEARING het ná 24 jaar as akademikus in Kanada pas teruggekeer na sy geboorteland, Suid-Afrika. Hy is verbonde aan die Universiteit van Wes-Kaapland se Sentrum vir Gemeenskapsreg, waar hy aan die spits staan van die projek "Polisiëring vir 'n Nuwe Demokratiese Suid-Afrika". As sosioloog en kriminoloog aan die Universiteit van Toronto was hy gemoeid met die ontleding van beleid in Kanada sowel as Australië en Zimbabwe.

**Is die polisie toegerus om die oorgangsfase in Suid-Afrika te hanteer? En is daar voorbeelde elders waar so 'n oorgang suksesvol was?**

Die beste voorbeeld is Nampol in Namibia. Ek het gesels met die Kanadese en VVO-lede wat betrokke was by Untag se kontrolering ... en ek meen die oorgang was betreklik suksesvol. Die les uit oorgangsituasies is: die polisie moet hul styl verander - die bevele wat die polisie-optrede bepaal en die bronne wat die bevele uitvoer. 'n Verandering van styl vereis noukeurige kontrolering en ondersoek. Die polisie en die regering se bedrywighede moet openbaar gemaak word. Dit is die sleutelfaktor.

**Kan Suid-Afrika sonder 'n neutrale vredesmag?**

'n Internasionale komponent is belangrik vir die legitimiteit van 'n oorgangsmag. Die probleem is hulle het nie kennis oor die land nie. Daarom het ons miskien 'n kombinasie van die twee nodig. Die probleem in Namibia was dat Untag net gekontroleer en nie tussenbeide kon tree nie. Dan kan 'n vredesmag net toekyk as dinge gebeur.

Ek staan 'n ombuds-liggaam voor wat ondersoek met aanbevelings kombineer. Vir Suid-Afrika sou ek 'n ombudstruktuur voorstel met internasionale deelname en die gebruik van plaaslike bronne. Dit ondersoek en maak openbaar wat sowel die polisie as die regering doen, en doen aan bevelvoerders op alle vlakke aanbevelings.

**Hoe suksesvol was soortgelyke ombudstelsels elders?**

Die twee deurslaggewende komponente vir sukses is ondersoek en die magtiging om bevindings openbaar te maak, want in 'n oorgang is daar geen legitiem verkose liggaam om aan verslag te doen nie - en ons is nou in so 'n fase.

**Hoe maklik kan polisie-optrede die proses van stryk bring?**

'n Mens kan maar net na Suid-Afrika kyk. Die polisie word deur die meeste gemeenskappe glad nie vertrou nie - wat beteken die proses kan ontspoor word. Die mense sal nie vertroue herwin in die SAP nie, tensy hulle inligting oor polisie-optrede kry.

**Is die De Klerk-regering daadwerklik nader aan 'n geloofwaardiger polisiemag?**

Dis moeilik om te sê en dit onderstreep die probleem. As die veranderinge vir ondersoek oopgestel is sou ek 'n antwoord kon gee. Ek weet daar was veranderings in die polisiemag, maar die getuienis is dat die SAP voortgaan met strategieë kenmerkend van apartheid. Ons het bewyse van die verandering nodig, gepaard met 'n openbare debat.

**Die verskoning word geopper dat die polisiemag in ieder geval te klein is om sy werk deeglik te doen. Is dit geldig?**

Nee. Per capita is Suid-Afrika se polisiemag gelyk of groter as die meeste ander lande s'n. 'n Probleem is die manier waarop polisiebronne toegeken is. Kyk mens na hoeveel polisiemanne in spesiale magte, hit-squads, onluste-eenhede en someer ingedeel is en wat hulle gedoen het - bv. die toepassing van paswette - moes die polisie baie méér doen as wat verwag kan word van 'n mag wat bedoel is om mense te beskerm.

**Hoe sal 'n ombudsmag sy inligting kry en ondersoeke doen?**

Dit vereis die stigting van 'n eksterne mag, met die reg om enige polisiekantoor te besoek en enige polisie-bedrywigheid dop te hou - selfs permanente mense van die eksterne mag by alle polisiekantore. Dit veronderstel ook die eweknie van 'n blitspatrollie, en groepe om byvoorbeeld optogte by te woon en klagtes aan te hoor, en dan 'n onafhanklike ondersoek te doen.

Die liggaam kan saamgestel word uit internasionale polisiemanne, byvoorbeeld afgetrede polisiemanne, wat in hul ondersoeke kan staatmaak op kontroleringsgroepe binne die land. Hulle moet hul bevindings openbaar maak en aanbevelings doen. Dit veronderstel ook 'n 'hotline' na De Klerk se kantoor.

**De Klerk hou nie van die idee van 'n internasionale vredesmag nie, hoewel hy ook sê hy wil nie politieke speler én skeidsregter wees nie.**

De Klerk se opinie is slegs een van die politieke menings in die land. So 'n mag is nodig.

**Die koste van so 'n mag is 'n probleem. Behoort die buiteland daartoe by te dra?**

Die koste kan gedek word uit "slush funds". Die land behoort ten minste soveel te kan bestee aan regverdige verkiesings hier as die miljoene wat hy vir die ondermyning van die verkiesing in Namibia bewillig het.

**Jy noem in 'n onlangse verslag dat die polisie se ou politieke rol deur 'n nuwe vervang moet word. Die opvatting bestaan dat 'n neutrale polisiemag geskep moet word. Hoe strook dit?**

Die idee dat polisie nie-polities kan wees, is verkeerd. Alle polisiemagte is uiteindelik polities. Ons wil nie die polisie nie-polities maak nie, maar onpartydig. Ons wil hê hulle moet hulle tot 'n ander soort politiek verbind - waarin individuele regte en vryheid gerespekteer word. Ek wil nie hê die polisie moet vir my sê: "Ek kan nie sorg dat dit 'n veilige politieke vergadering is nie, want ek is a-polities", of "dit is 'n politieke aangeleentheid en ek bekamp misdaad."

**In 'n oorgang kan daar 'n konflik tussen 'n kultuur van demokrasie en onpartydigheid ontstaan - of nie?**

Daar is oorgangsprobleme omdat 'n legitieme regering nodig is om 'n beleid te definieer. Maar daar is genoeg ooreenkoms tussen politieke partye, byvoorbeeld in die Vredesverdrag, wat internasionale standaarde en beginsels betref. Maar die aard van die oorgang moet onderhandel word. Die basis is: niemand kan 'n ander verbied om te swem nie en niemand kan 'n politieke byeenkoms stop nie.

Alle polisiëring is polities! Wat ons bedoel is 'n mag wat nie kant kies nie.

**In watter mate moet die regstelsel verander om die polisie meer onpartydig te maak?**

Die polisie is net deel van 'n stelsel; die kriminele regstelsel as geheel moet hervorm. Maar die polisie, meer as iets anders, is die hart van die regstelsel. Net 'n breukdeel van sake kom by die hof uit. Die meeste word op straat uitgepluis. Natuurlik gee die hofstelsel instruksies aan die polisie, maar die mees fundamentele hervormings moet by die polisie plaasvind.

**Beteken dit dat die betekenis van polisiëring ook wêreldwyd veranderings ondergaan?**

'n Fundamentele hersiening is aan die gang. Dit is verkeerd om te dink daar is 'n model wat Suid-Afrika kan nastreef. Polisiëring is self 'n terrein van struggle, omdat magstrukture bepaal wie die polisie moet beheer. Die kwessie wat nou internasionaal gedebatteer word is juis dié van effektiewe polisiëring binne demokratiese strukture. Een ding wat in reaksie op die probleme daarom gebeur het, is die privatisering van polisie. 'n Probleem daarmee weer, is dat dit korporatiewe mag versterk. 'n Ander manier is gemeenskappe wat hulself beskerm.


Daarom praat ons nie van beste oplossings nie, maar ons kyk na die minder slegte oplossings. Ons in Suid-Afrika het nou die kans om goeie idees aan ander lande te verskaf. Ons probleme hier is fundamentele probleme in die handhawing van wet en orde.

**Het ons nou al 'n ombuds- of ander soort kontroleringsliggaam nodig?**

Onmiddellik. Ek dink dis die enkele mees belangrike ding wat gedoen moet word.

# wie sal die bewakers bewaak?

VANDEESWEEK HET DIE ANC IN DIE WES-KAAP, DIE KAAPSTADSE BURGEMEESTER, FRANK VAN DE VELDE, EN JAN VAN ECK, DP-LP VIR CLAREMONT, 'N DRINGENDE OPROEP OM ONDERSOEK EN KONTROLERING VAN DIE POLISIE GEDOEN OM VERTROUE IN DIE MAG TE HERSTEL EN DIE SKIEREILAND 'N VEILIGE PLEK TE MAAK.


Jan van Eck

DIE BEROEP VOLG OP GEWELD DIE LAASTE PAAR WEKE IN KHAYELITSHA DIGBY KAAPSTAD. VAN ECK, OOK VOORSITTER VAN DIE DP SE ONLUSTE KONTROLERINGSKOMITEE (UMAC), SKETS AAN **CHRISTELLE TERREBLANCHE** DIE SITUASIE EN PRIORITEITE VIR KONTROLERING

**Watter struktuur sou jy voorstel vir die kontrolering van die SAP?**

Neutrale kontrolering is noodsaaklik. Die veiligheidsmag-optrede bly die grootste struikelblok vir onderhandeling en 'n gevaar vir die hele proses. Hoewel die SAP op hoogste vlak oortuig kan wees van die beginsel dat hy onpartydig moet wees en sy beeld in die swart gemeenskap moet verander, kom dit nie by grondvlak uit nie - die gewone polisieman in die townships bly deur sy optrede bevestig dat die polisie nie onpartydig is nie. Hy tree steeds op asof die mense wat die ANC steun die vyand is.

As die polisie se topvlak nie die boodskap tot by grondvlak kan deurkry nie, moet ander meganismes ingebring word. Ek meen jy moet in elke streek 'n onafhanklike groep mense instel wat deur die gemeenskap en die polisie aanvaar sal word as onpartydige mense. Dit kan plaaslike mense wees.

Die Veelparty-konferensie kan byvoorbeeld in elke gebied 'n veelparty-monitorgroep vestig.

**Wat van internasionale betrokkenheid, soos jy al bepleit het?**

Dit gaan baie moeilik wees om die idee aan die regering te verkoop. Dit is reeds moeilik om die polisiemag te oortuig dat kontrolering nodig is. Buitelandse kontroleerders bly egter 'n ideaal.

Maar wat nou byvoorbeeld in Kaapstad nodig is, is 'n groep mense met amptelike status as kontrolegroep, met toegang tot polisie-operasies en die operasionele eenheid se basis in Khayelitsha. Dié groep moet tussenbeide kan tree en hul inligting openbaar maak, anders gaan hulle nie die publiek se vertroue wen nie.

**Die ANC se Wes-Kaapse tak sê 'n meer sentrale bevelvoerende gesag is nodig om die polisie in die townships na wense te laat werk. Is daar 'n probleem?**

'n Groot struikelblok in die kontrolering van polisie-optrede is dat die polisie verdeel is in verskillende groepe - die onluste-polisie, die uniformtak, die blitspatrollie, dié en daai. Daar moet onmiddellik één sentrale gesagstruktuur in die polisie geskep word, sodat die kommissaris van polisie in die Wes-Kaap byvoorbeeld in beheer van alle takke en eenhede is.

Al my klagtes is byvoorbeeld van die onluste-polisie - so die uniformtak kan nie sy beeld verbeter as daar nie samewerking is nie.

**In die laaste drie weke het onluste weer opgevlam in Khayelitsha. Is daar bewyse van partydigheid, soos beweer word?**

Ja, dit is veskriklik! Ek het hulle die "benefit of the doubt" probeer gee, maar die naweek het ek verklarings van sowat 40 mense geneem en met nog gesels.

Polisiebetrokkenheid staan nou soos 'n paal bo water. Volgens ooggetuies neem die polisie deel aan die aanvalle, hulle lei die aanvalle. Van hulle is wit, soms met swartgesmeerde gesigte, soms met balaklava's. Daar is selfs bewerings teen polisiemanne in kamoefleerdrag. Die getuienis is oorweldigend. In een voorval was 'n Casspir geparkeer op die toneel van geweld, terwyl Kombi's manne aflaai wat dan agterom gaan - en soos die mense weghardloop vir die polisie wat skiet, word hul huise agter hulle aan die brand gesteek.

**Wat se soort operasies is dit? Kan 'n mens dit hit-squads noem?**


Hulle is eintlik te openlik, maar dit is tog hit-squads. Hulle beweeg vinnig in die gebied in, veroorsaak algehele pandemonium, begin skiet... en dan raak die mense paniekerig, hardloop weg of kruip onder hul beddens weg, en soos hulle uithardloop, word hulle geskiet. Selfs 'n meisie van vyf met 'n ernstige koeëlwond het my gesê sy is deur polisiemanne geskiet.

**Wat veroorsaak die probleme met polisie-optrede?**

Die polisie is al dekades lank, veral die laaste dekade, aktief aangewend as die NP se polisie-vleuel. PW Botha het die mag totaal en al gepolitiseer. De Klerk het ook nie die polisie voorberei vir 'n nuwe era nie. So jy het polisiemanne wat sukkel om van Pavloviaanse response ontslae te raak, maar tog is daar toleransie vir hul optrede binne die mag - tot 'n taamlik hoë vlak, maar hoe hoog kan ek nie bepaal nie. Dit is ook duidelik dat die ouens wat in die hit-squads was, ondergronds gegaan het, maar nog opereer. Die aanvalle is besonder gesofistikeerd.

**'n Paar maande gelede het jy gesê jy vrees dat die geweldpleging in Natal en aan die Rand na die Kaap versprei deur doelbewuste aanstigting. Het dit gebeur?**

Die aanvalle verlede week, vier aande ná mekaar, was elke aand in dieselfde area, wat toevallig sterk ANC-gesind is. Daar is bykomende probleme soos dat mense verskuif word en party nie wil nie. Majoor Heunis [bevelvoerder van die polisiestasie in Site B, Khayelitsha] het 'n week voor die aanvalle vir mense van die civic in die gebied gesê daar is net drie plekke in Khayelitsha wat die polisie probleme gee. In die jongste aanvalle is toevallig daardie drie plekke uitgewis. Wat my ook ontstel, is dat die polisie in een geval ná die ambulans by 'n toneel opgedaag het, al het ons hulle in kennis gestel. Hulle het gesê hulle manne is te bang om met gewone voertuie in te gaan en hulle wag vir 'n Casspir. Ek aanvaar dit nie.




Die gedugte 200m-atleet Katrin Krabbe van Duitsland in aksie by die Wêreld-atletiekbyeenkoms in Tokio onlangs. Hoeveel Duitse atlete het steroïdes in hul tienerjare geneem?

# JERUSALEM

## MAAK MENSE MAL

JERUSALEM - In dié stad van drome en visioene word gepraat van die "Jerusalem-sindroom" - 'n neiging van besoekers om intense "religieuse" ervarings te hê.

Sowat 200 besoekers per jaar raak daarvan oortuig hulle is óf die terugkerende Messias óf die eerste een óf Satan. Dit hang miskien van die siener se geloof en sy selfbeeld af.

"Stomme sondaars, Godslasteraars en blindes! Luister na die heilige woorde van die Seun van God! Jesus is hier en julle ignoreer hom alweer!" skree David, 'n bebaarde Brit, nou die dag op 'n straathoek. Liggelowiges sou hom maklik vir 'n Fariseër kon aansien.

Hy is 'n tipiese geval. Met 'n Bybel onder die arm, in "heilige" wit geklee en met sandale aan, het hy hom tussen Bethlehem en die Heilige Graf in Jerusalem gehaas om sy boodskap te bring - 'n veeleisende taak in "die laaste dae", want tyd is kosbaar.

Die polisie het hom later na 'n psigiatriese hospitaal gebring waar hy 'n ruk lank moes bly. Die witgeklede David was darem aangetrek vir dié geleentheid.

Volgens die direkteur van die hospitaal, Carlos Bar El, is sowat sestig persent van die pasiënte met die "Jerusalem-sindroom" Jode en die res Christene. Twee uit elke drie beoefen hul godsdiens en die simptome kom gewoonlik in die laaste week van hul vakansie in die Heilige Stad na vore.

'n Ander psigiater sê twee derdes van sy pasiënte met dié kwaal is mans, en tagtig persent het voorheen aan skisofrenie gely. Nege uit tien is alleenlopers, geskei en jonger as 35.

Die twintig persent sónder 'n psigiatriese geskiedenis is amper almal Protestante met 'n streng godsdienstige opvoeding. Soos die 19-jarige Franse vrou, Catherine. Sy is na die psigiatriese hospitaal gebring nadat sy kaal in die voorportaal van 'n groot Jerusalemse hotel gepreek het. Sy het 'n Hemelse visioen gehad van hoe God die wêreld wil sien.

Dis Jerusalem se skuld, sê dr Elie Vistum. "Dis die magnetiese middelpunt van die groot monoteïstiese godsdienste. Dit kan mens mal maak."

Die "Jerusalem-sindroom" is nie nuut nie. Die skrywer Arthur Koestler het in 1927 al daaroor geskryf. Die Israeliese skrywer Amos Elon meen mense "word dronk" van Jerusalem.

"Hoe ken mens in Jerusalem die verskil tussen 'n profeet en 'n gek?" vra hy terwyl hy sy skouers ophaal. Bar El sê toeriste wat die kluts kwyt raak en in die Jordaanvallei soos geeste begin ronddwaal, word in weermagvragmotors na sy hospitaal gebring. 'n Dobberende weermagvragmotor vol Jesusse, Johannes die Dopers, en sommer ook gewone verdwaaldes...

"Hulle is gewoonlik heel verbaas om hulself in 'n hospitaal te bevind, sê Bar El. - JEAN LUC PORTE/AFP

# OOS-DUITSE DOKTERS IN DWELMSKANDAAL

**Drie Oos-Duitse dokters** gaan waarskynlik aangekla word nadat onthul is dat hulle jong vroulike swemmers - meisies van 14 en 15 - sonder hul medewete met kragtige anaboliese steroïdes behandel het. Die meisies se gesondheid is erg geknou, skryf **RICHARD INGHAM**

BERLYN - Onthullings dat drie dokters voormalige Oos-Duitse tienermeisies sonder hul medewete met kragtige dwelms behandel het om só hul sportprestasies te verbeter, maak groot opslae in Duitsland.

Die dokters gaan waarskynlik aangekla word. Die skandaal is vandeesmaand onthul en herinner aan die Nazi's se afgryslike eksperimente op Jode in die Tweede Wêreldoorlog. Staatsaanklaers in Berlyn het 'n amptelike ondersoek na die beweerde misdade begin.

Die onthullings is gedoen deur prof Werner Franke, 'n kankerspesialis in Wes-Duitsland. Hy is getroud met 'n Oos-Duitse diskusgooier wat onder die behandeling moes deurloop.

'n Berlynse dagblad het verlede week 'n geheime verslag met inligting oor die gebruik van anaboliese steroïdes op jong vroulike swemmers gepubliseer. Twee middels - wat die werking van die manlike hormoon testosteroon naboots - is gebruik om die meisies se been-, arm- en skouerspiere op te bou.

Die meisies se "kalender-ouderdom" - volgens die verslag - was veertien en vyftien jaar.

Hulle is vermoedelik eers met Oral-Urinabol en daarna met Mestanolon behandel - wat twee keer so sterk is as testosteroon en ernstige newe-effekte veroorsaak. Die aanduidings is dat die dokters van Oral-Urinabol se negatiewe uitwerking - wat lankal bekend is - moet geweet het. Die verslag verwys in kodeterme na die dwelms.

Die swemmers se gesondheid is erg deur die dwelms geknou. Sommige het lewerskade opgedoen en moes hul sportloopbane staak, sê die Berlynse dokter Else Ackermann.

Ander het ginekologiese afwykings begin toon. Hul klitorisse het amper so groot soos penisse gegroei en hulle het welige snorre ontwikkel.

Baie van die Duitse atlete wat onlangs in Tokio deelgeneem het, het as tieners hormoonbehandeling gekry, sê Franke. - AFP.

# LORD OF THE FLIES-DORP ONTDEK

IS dit moontlik dat 'n groep seuns - soos in die gru-verhaal Lord of the Flies deur sir William Golding - weg van die samelewing se invloed hul eie "gemeenskap" tot stand kan bring? 'n Franse regeringsamptenaar wat onlangs deur die suide van Soedan gereis het, het op so 'n dorpie afgekom.

"Ek het op 'n stat afgekom, 'n republiek in die kleine, van sowat 10 000 seuns tussen agt en veertien jaar oud," sê Bernard Koucher, die Franse minister belas met Humanitêre Hulp. Hy meen sommige van die kinders, wat in hutte woon, het ses jaar laas hul ouers gesien.

Geen meisies kon in die dorp gevind word nie. Verder vaar die seuns beter as hul eweknieë in Golding se verhaal. Hulle woon vreedsaam saam, maal koring, was en stryk hul eie klere en bou self hul huisies, hoewel niemand hulle kon geleer het nie. Die hutte - van stokke en takke - is sowat 'n meter en 'n half hoog.

Koucher meen die kinders is meestal oorlogswesies wat na Soedan teruggekeer het ná die nuwe Ethiopiese regering Soedanese rebelle uit hul land geskop het.

"Sommige sê hulle het uit hul dorpies in die suide gevlug ná bombardemente. Tog is suidelike Soedan aan baie min bombardemente onderwerp.

Andersdenkendes in die Soedanese Volksbevrydingsleër - wat teen die regering veg - het egter verlede Vrydag dié beweging daarvan beskuldig dat hulle die kinders ontvoer het om by die leër aan te sluit. Volgens berigte heers groot onenigheid in die Soedanese Volksleër.

"Dié kinders het ses jaar lank geen liefde of teerheid geken nie. Baie kan glad nie eens hul ma's onthou nie," sê Koucher. Soedan is die laaste agt jaar in 'n burgeroorlog tussen die Christen-suide en die Islamitiese noorde gedompel. Miljoene Soedanese kan aan 'n verskriklike hongerdood sterf.

"Wat gaan van dié seuns word wanneer hulle twintig is? Hulle sal huursoldate word," sê Koucher se verslae. - DAVID CHAZAN/AFP

---

HARARE. - Die regering van Zimbabwe wil meer as 200 plakkergesinne uit 'n woonbuurt in Harare laat verwyder voordat Koningin Elizabeth van Brittanje volgende maand die hoofstad besoek. Die plakkers woon op 'n oop stuk munisipale grond.

Dié plan blyk uit hofstukke wat vandeesweek aan die pers gegee is. In 'n verklaring aan die Hooggeregshof het die stadsklerk van Harare, Edward Kanengoni, gesê regeringsamptenare het dit onder sy aandag gebring dat dit nie in Zimbabwe se belang sal wees as die plakkerskamp nog daar is ten tyde van die Koningin se kuiertjie nie. Sy sal ook 'n Statebondskongres bywoon wat in Zimbabwe sal plaasvind.

Die stadsraad het dringend by die hof aansoek gedoen om die plakkers te verskuif. "Nuuskommentaar oor die plakkers sal 'n ernstige verleentheid vir Zimbabwe wees. Die kamp is 'n doring in die oog," het Kanengoni gesê. - AFP.

# WIELDING A PEN LIKE A *suchi chef*

**FAMILY SINS AND OTHER STORIES**
William Trevor
Penguin
R27,99

**HAZEL WOODWARD**

WILLIAM TREVOR'S stories have the same quality as small, cottagey etchings, coloured grey and green. They evoke pastoral Irish scenes (with drizzle). Without his particular skill, they would be as humdrum as any set of prints for sale in an olde worlde shop. But Trevor has this amazing skill. He slits lives open, neatly and swiftly, like a suchi chef slicing salmon, and exposes that which is hidden: the pink and glistening flesh of motives.

The story of an inept couple who holiday in Switzerland instead of in Italy illustrates the nastiness of Trevor's precision. The title "A trinity" is the only warning you get that the story will not be as simple as it sounds.

A man and his wife board with the wife's employer, whom they call Uncle, although he is no relation. He has no relatives and lives vicariously through the couple's lives. They look after his home and he takes care of them. It seems an uncomplicated relationship.

One day, Uncle decides they need a package holiday. He pays for it, they book it. They muddle the bookings and visit the wrong country by mistake. It is then that the couple's disproportionate fear begins to show. They are morbidly afraid of Uncle's contempt. They know he won't say much to them, he'll just look at them with unspoken scorn. But he'd tell everyone else.

"Keith and Dawne," he'd say, "lame ducks, unfortunate by nature." He'd point out that neither of them has a head for business.

So why do they stay with him? Is it because he has the upper hand? This is how Trevor puts it:

"The warmth of their bodies was a familiar comfort. They had not had children because the rooms above the shop were not suitable for children. The crying at night would have driven Uncle mad, and naturally you could see his point of view. There'd been an error when first they'd lived with him; they'd had to spend a bit terminating it." ...

"In the darkness they did not say to one another that if he hadn't insisted they needed a touch of the autumn sun they wouldn't again have been exposed to humiliation. It was as though, through knowing them, he had arranged their failure in order to indulge his scorn.

"In the darkness they did not say that their greed for his money was much the same as his greed for their obedience, that greed nourished the trinity that they had become. They did not say that the money, and the freedom that it promised, was the galaxy of their lives, as his cruelty was the pleasure in his. Scarcely aware that they held on to each other beneath the bedclothes, they heard his teasing little laugh while they were still awake, and again when they slept."

Mr Trevor is interested in greed. The story "Events at Drimaghleen" shows - one hesitates to use the word "shows"; "exposes" is more accurate here - exposes how money interferes with decisions. Events at Drimaghleen, on the face of it, are a triple murder. The police establish that an obsessively jealous mother kills her son's girlfriend. The son then turns the gun on his mother and on himself. Horrifying events, but uncomplicated. Then the British tabloids move in. The dead girl's parents are visited by a couple of journalists whom they mistrust. The journalists promise them a lot of money and, against their better judgement, they speak to them. The paper duly publishes a twisted but likely version of events in which the dead girl is the murderess and her parents' lives are wrecked as a result.

This writer is not a spinner of tales: he's more in the way of being a vivisectionist. He slices up the mouse-like people in our society and lays them out: displayed for all to see their vulnerability and shame.



Kabbo, een van die /Xam-vertellers wie se vertellings deur dr Bleek opgeteken is (Deur W H Schroeder)

## WEERKLANKE VAN DIE VERLORE /XAM

*Die Kaapse Boesmans of /Xam is al aan die einde van die negentiende eeu uitgewis - en saam met hulle die oudste kultuur in Suid-Afrika. Het die Duitse linguis dr W H Bleek en Lucy Lloyd nie meer as honderd jaar gelede meer as 12 000 bladsye van hul liedjies en vertellings neergeskryf nie, sou groot dele van hul orale kultuur vir ons verlore gewees het. Stephen Watson, die Kaapse digter en akademikus, het die stof van Bleek en Lloyd se werk in die argief van die Universiteit van Kaapstad afgestof en gedigte daarvan gemaak.*

*Die gedigte wys hoe die /Xam hul lewens as integrerende deel van die kosmos sien. Psige en kosmos vorm 'n soort web, waarin geen besonderhede betekenisloos is nie en die dood nie finaal is nie. Die gedigte se temas is hoofsaaklik mities, soos die skepping van die maan en die oorsprong van die Melkweg. Maar ook hoe die /Xam se jagtersbestaan al hoe meer deur setlaars ontwrig en oplaas vernietig is.*

*Die gedig wat hier aangehaal word, is 'n weeklag, 'n besef dat die /Xam-kultuur bedreig word.*

SONG OF THE BROKEN STRING

Because
of a people,
because of others,
other people
who came
breaking
the string for me,
the earth
is not earth,
this place is
a place now
changed for me.

Because
the string is that which
has broken for me,
this earth
is no longer
the earth for me,
this place
seems no longer
a place to me.

Because
the string is broken,
the country feels
as if it lay
empty before me,
our country seems
as if it lay
both empty before me,
and dead before me.

Because
of this string,
because of a people
breaking the string,
this earth, my place
is the place
of something -
a thing broken -
that does not
stop sounding,
breaking within me.

© Stephen Watson 1991

Return of the Moon is uitgegee deur The Carrefour Press, Kaapstad, en kos R23,95.

# WAT SUID-AFRIKA NET SO NODIG HET AS MANNEKRAG. VROUEKRAG.

IN SUID-AFRIKA WORD DAAR ELKE 26 SEKONDES 'N BABA GEBORE. TEEN HIERDIE TEMPO GAAN DIE LAND BINNE EEN GESLAG 'N BEVOLKING VAN 80 MILJOEN HÊ EN SAL DIE BEVOLKING STEEDS GROEI. DUISENDE VAN HIERDIE MENSE SAL STERWEND VAN DIE HONGER EN ALLERHANDE SIEKTES, ONDER SWAAR ARMOEDE GEBUK GAAN NAMATE DIE LAND EN SY HULPBRONNE NET NIE DIE ONDRAAGLIKE MENSELAS KAN DRA NIE. OM DIE PROBLEEM EERS OOR EEN GESLAG TE WIL OPLOS, SAL NET MOOI EEN GESLAG TE LAAT WEES. WANT DIT IS 'N GEVAL VAN NOU OF NOOIT. ONS HET NÓÚ DIE GELEENTHEID OM IETS DAARAAN TE DOEN. MET UNIEKE KRAG. VROUEKRAG. VROUE WAT ANDER VROUE LAAT BESEF DAT HULLE DEUR 'N KLEINER GESIN HUL KINDERS 'N BETER KANS OP OORLEWING EN 'N BETER LEWE KAN GEE. VROUE WAT ANDER VROUE BEWUS MAAK VAN HOE ONONTBEERLIK ONDERWYS EN OPLEIDING VIR HUL KINDERS IS OM TOT PRODUKTIEWE, GELUKKIGE VOLWASSENES OP TE GROEI. VROUE WAT ANDER VROUE LEER LEES EN SKRYF SODAT HULLE OOK DIE VOORSPOED EN SELFRESPEK KAN ERVAAR WAT GELETTERDHEID MEEBRING. VROUE WAT ANDER VROUE NUWE VAARDIGHEDE HELP AANLEER WAT HUL GESINSLEWE KAN VERBETER EN EKONOMIESE MOONTLIKHEDE KAN SKEP WAT VOORHEEN ONMOONTLIK WAS. VROUE WAT ANDER VROUE INLIG OOR DIE NOODSAAKLIKHEID VAN GESONDHEID EN OOR DIE GESONDHEIDSFASILITEITE WAT TOT HULLE BESKIKKING IS. MET ANDER WOORDE, VROUE WAT ANDER VROUE HELP OM SUID-AFRIKA TE HELP. VROUE WAT HULLE KRAGTE INSPAN OM 'N BETER MÔRE TE VERSEKER. VIR HUL KINDERS EN HUL KINDSKINDERS. AS JY OOR DIE VASBERADENHEID BESKIK WAT NODIG IS OM DAADWERKLIK BY ONS VROUE-VIR-VROUEVELDTOG BETROKKE TE RAAK EN MEER BESONDERHEDE VERLANG, SKRYF AAN: VROUEAANGELEENTHEDE, BEVOLKINGSONTWIKKELING, PRIVAATSAK X828, PRETORIA, 0001.

BOP

BEVOLKINGSONTWIKKELINGSPROGRAM

VROUE HELP VROUE OM HULSELF TE HELP.

KLERCK & WHITE · A SAATCHI & SAATCHI AGENCY/19128

# Aids laat Suid-Afrikaners nie lig loop nie

**Kennis van die gevare van Aids is nie genoeg om mense van gevaarlike seksuele praktyke te laat afsien nie, het dr Alta van Dyk, 'n sielkunde-dosent aan Unisa, in haar navorsing in Suid-Afrika bevind. ESMA ANDERSON gesels met haar oor haar ontstellende bevindings**

AL weet Suid-Afrikaners presies hóé en hóékom hulle Aids kan kry, beïnvloed dit geensins hul seksgewoontes nie, het 'n sielkunde-dosent in haar navorsing bevind.

"Daar is geen verband tussen mense se kennis oor Aids en hul gedrag nie", sê dr Alta van Dyk van Unisa. In haar navorsing het sy vraelyste aan die meningsvormers - hoofsaaklik middeklas-mense met minstens matriek - van vyf kultuurgroepe, wit Engelssprekendes, wit Afrikaanssprekendes, Indiërs, bruin en swart mense gestel.

Van Dyk sê 99 persent van die 1 500 Suid-Afrikaners wat vraelyste ingevul het, het gesê hulle weet mens kry Aids deur onder meer seksuele oordrag - maar tog openbaar 'n groot deel van dié mense steeds hoërisikogedrag.

Hoewel 91 persent weet dat mens teen Aids beskerm kan word deur kondome te gebruik, gebruik 62 persent van dié groep steeds nooit kondome nie. Die ander 38 persent gebruik soms kondome op aandrang van 'n seksmaat, terwyl slegs 'n baie klein persentasie dit altyd gebruik.

Al die groepe openbaar hoërisikogedrag, het Van Dyk in die algemeen bevind. Sy definieer hoërisikogedrag as "seks met meer as een maat". Dis 'n mistasting om hoërisikogedrag net met bepaalde groepe soos homoseksuele en promiskue mense te verbind.

Om dié rede, meen Van Dyk, is die bekamping van Aids baie meer kompleks as om bloot inligting daaroor bekend te maak. "Ons sal veel meer aandag moet gee aan mense se behoeftes in die voorligtingsprogramme. Om mense net met inligting te bombardeer is nie genoeg nie. En dis waar ons gefaal het."

Dit beteken nie dat opgehou moet word om inligting te verskaf nie, sê sy, maar dat inligting en kennis bloot die grondslag is waarop verdere voorligting en oorreding gedoen moet word.

Van Dyk sê die mense wat wél bewus was van die persoonlike bedreiging van Aids, het slegs hul gedrag verander van baie hoërisikogedrag tot 'n meer matige risiko - maar steeds nie veilige seks beoefen nie.

"Die gebruik van terme soos 'hoërisikogroepe' het bygedra tot 'n gerustheid waar mense meen dat hulle nie Aids kan kry as hulle nie tot een van dié groepe behoort nie. Mense is heeltemal te rustig oor die bedreiging van Aids in hulle lewens."

Hoërisikogedrag, het die navorsing bevind, het ook niks te doen daarmee of mense getroud of godsdienstig is nie. "Predikante het gewoonlik die houding dat gelowiges en kerkvaste mense nie Aids kan kry nie - dit is belaglik," sê Van Dyk.

"Mense moet eerder ophou hoop op 'n geneesmiddel en hulself beskerm deur veilige sekspraktyke."

Volgens haar moet voorligtingsprogramme veral op twee groepe gerig word: mense wat al bepaalde gedragspatrone aangeleer het en mense wat dit nog nie gedoen het nie.

Haar navorsing wys ook dat mense nie sommer gevestigde gedragspatrone afleer nie en daarom eerder onderrig moet word in veiliger seksgewoontes. "Die gemeenskap moet ook ophou om summier 'n morele oordeel oor hulle uit te spreek, sodat hulle vry kan voel om seks op 'n veilige en verantwoordelike manier te hê."

Sy sê veral die seksvoorligting van kinders, wat nog nie bepaalde gedragspatrone aangeleer het nie, kan moraliteit ook insluit. "Wêreldwyd word aanvaar dat die enigste effektiewe voorkomingsmaatreël vir Aids 'n nuwe moraliteit sal wees - waar veral monogame verhoudings aangemoedig sal word.

"In die skole praat die onderwysers nie oor seks nie - omdat hulle te bang is seksvoorligting sal die kinders aanmoedig om seks te beoefen. Dié domheid word veroorsaak deur onkunde en onderwysers verstaan nie dat daar 'n balans is tussen moraliteit en veilige sekspraktyke nie. Onderwysers sien ook die feit oor die hoof dat baie skoolkinders al op 'n vroeë ouderdom begin om met seks te eksperimenteer.

"Ons kan nie ons oë toemaak en maak of dit nie gebeur nie. Ons moet kinders toerus met hierdie vaardighede en nie net kennis oor Aids en veilige seks nie. Kinders moet ook lewensvaardighede aanleer sodat hulle selfhandhawend kan optree. Kinders is nie donkies wat nie vir hulself kan dink en standpunt inneem nie."

Sy sê vroue weet dikwels nie hoe om mans te oorreed om kondome te gebruik nie. Kommunikasie-vaardighede kan vroue help om meer selfversekerd op te tree.

Een van die skokkendste bevindings is die hoë mate van onverdraagsaamheid teenoor Aids en Aids-lyers. Sy sê Aids-lyers sal in 'n stadium tuis versorg moet word omdat hospitale nie die druk van die groot aantal pasiënte sal kan hanteer nie.

"Aids moet ontmoraliseer word. Ons moet nie meer daaraan dink in die raamwerk van moraliteit en sonde nie, maar dit bloot sien vir die virus wat dit is. Buitendien, wat van die mense wat die virus opgedoen het deur 'n bloedoortapping. Wat het hulle verkeerd gedoen? Ons kan nie slagoffers van die siekte straf en teen hulle diskrimineer nie. Waar sal dit eindig - nog 'n Auschwitz?"

Wat kultuurverskille betref, het sy bevind dat wit mense baie meer geneig is om beïnvloed te word deur dinge wat in hul eie belang is, terwyl swart mense baie meer steun op die raad van hul familie en voorligting veral in groepsverband en vir die hele familie gedoen moet word.

Heeltemal te min voorligters is hiervoor beskikbaar, sê Van Dyk. Meer gesondheidswerkers en voorligters sal egter nie noodwendig die probleem oplos nie, elke mens met eerder self die verantwoordelikheid aanvaar om soveel kennis moontlik oor Aids op te doen.

Aids-voorkoming en die beoefening van veilige seksuele praktyke het tot dusver baie staatgemaak op vrees. "Navorsing wys dat vreesaanjaende advertensies en voorligtingstegnieke eintlik teen-produktief is. Mense slaan bloot toe. Hulle raak minder ontvanklik vir die boodskap en probeer die onderwerp vermy.

"Ons kan vrees gebruik, maar dit moet eerder besorgdheid oor jou eie welsyn wees as so 'n verswelgende vrees. Indien mens vrees gebruik, moet dit ook gepaard gaan met 'n oplossing.

"Aids is geen monster wat buite mense se beheer staan nie, maar 'n siekte wat voorkom kan word."

Van Dyk sê verskillende mites - soos dat mens Aids kan kry deur teekoppies, gewone liggaamskontak, toiletsitplekke, by swembaddens en haarkappers - veroorsaak ook 'n irrasionele vrees. "Dis verbasend om te sien hoeveel mense nie meer hulle kinders swembad toe bring nie en die snaaksste gimnastiektoertjies op die toilet uithaal om nie op die toiletsitplek te sit nie."

'n Terloopse bevinding van die studie wat nogal interessant is, is dat mense wat baie gesteld is op hul gesondheid en aktief dinge doen om hulle eie gesondheid te bevorder, ook beoefenaars van veilige seks is.



dr Alta van Dyk

## 'n Meer erotiese rubber

"KONDOME moet meer sosiaal aanvaarbaar gemaak word. Daarby sal die vervaardigers dalk ook moet probeer om kondome meer eroties te maak, sodat meer mense dit sal gebruik," sê dr Alta van Dyk, dosent in sielkunde aan Unisa.

"Baie mense gaan ontsteld wees hieroor, maar dit is werklik die enigste manier waarop ons kan toesien dat mense wat hoërisikogedrag openbaar, kondome gebruik. Ons sal dit nie net regkry deur vir hulle te sê dis veiliger nie, ons sal dit ook aanloklik moet maak.

"Ek weet kondome is nie altyd honderd persent doeltrefend of veilig nie. Dis maar soos 'n rubberbootjie op die oop see, maar ten minste is dit veiliger as daarsonder."

Van Dyk sê hoewel mense besef dat hulle hulself teen Aids kan beskerm, gebruik hulle steeds nie kondome nie. "Die oorgrote meerderheid van mense wat hoërisikogedrag toon, gebruik nie kondome nie hoewel niemand aangedui het dat daar 'n probleem is met die beskikbaarheid of prys daarvan nie."

Daar is steeds taamlik baie onkunde oor die gebruik van kondome, veral as mens in ag neem dat die mense wat deelgeneem het, almal 'n taamlik hoë standaard van opvoeding het: 11 persent swart mense, 8 persent Indiërs en 7 persent Afrikaanssprekendes het aangedui dat hulle nie weet hoe om kondome te gebruik nie. Baie gebruik dit boonop verkeerd, sê Van Dyk.

Mense weier hoofsaaklik om emosionele redes om kondome te gebruik en omdat dit seksuele intimiteit belemmer. 53 persent Engelssprekendes, 52 persent Afrikaanssprekendes, 37 persent swart mense, 33 persent Indiërs en 31 persent Kleurlinge sê hulle hou eenvoudig nie van kondome nie omdat dit die seks nie so intiem laat voel nie.

Die stigma wat aan kondome kleef, dat net mense wat sifilis het dit gebruik, bestaan steeds en baie swart mense wantrou kondome as nog 'n truuk van wit mense om die swart bevolkingsgroei te laat afneem.

## Wie se skuld is Aids?

- Aids is God se straf vir sonde en immoraliteit, sê 55 persent van die Afrikaanssprekendes terwyl 52 persent sê dit is die natuur se manier om oorbevolking te hanteer. 41 persent sê swart mense en 39 persent sê homoseksuele mense is die sondebokke.
- Prostitute veroorsaak Aids, sê 63 persent swart mense en 38 persent meen dis te wyte aan homoseksualiteit en 27 persent meen wit mense is te blameer.
- Dit is die natuur se manier om oorbevolking te keer, sê 40 persent van die Engelssprekendes en 26 persent van hulle blameer swart mense.

## Vooroordeel teenoor Aids-lyers

Swart mense en Afrikaanssprekende wit mense het die ongunstigste houdings teenoor Aids-lyers. 37 persent swart mense en 19 persent Afrikaanssprekendes sê hulle wil niks met iemand te doen hê wat Aids het nie - en 40 persent swart mense en 32 persent wit mense het gesê hulle sal weier om iemand te versorg wat Aids het, selfs al is dit 'n familielid naby aan hulle.

Dié onverdraagsaamheid is ook duidelik by werkomstandighede - 39 persent swart mense, 28 persent Indiërs en 24 persent Afrikaanssprekendes sê hulle sal weier om saam met iemand te werk wat Aids het.

Afrikaanssprekendes het ook die minste simpatie getoon met mense wat Aids het en 27 persent het gesê hulle sal nie toelaat dat hul kinders skoolgaan met Aids-lyers nie. Tot 45 persent swart mense deel dié sentiment.

# SPORTRUBRIEK

TINUS HORN



# Vat 'n slag die trekvoëls vas

'n Mens kan verstaan dat Transvaal se rugbykeurders teen hierdie tyd só raadop is, dat hulle enigiets sal doen om die span weer te laat wen. Ons sal maar moet sien of Stompie Fourie se omstrede insluiting dit gaan vermag.

Keurders sit maar altyd met 'n dilemma: Moet hulle die beste span kies, sonder om hulle aan dinge soos lojaliteit te steur, of moet hulle volhard met getroue spelers met beperkte vermoëns.

Daar is geen reëls nie. Elke geval moet na meriete beoordeel word.

Die vrae wat hulle hulself in elke geval moet afvra, is:

* Hoeveel beter is die "buitestaander" as die plaaslike talent? In dié geval moet 'n mens toegee: Baie. Fourie is meer as 'n skakel, hy's 'n planmaker. En planne is deesdae bitter skaars in die Transvaalse agterlyn.

Maar dan weer: 'n Jaar gelede wou die keurders Garth Wright weglaat ten gunste van Jannie Roets, wat nou skynbaar heeltemal uit die prentjie is.

En Heinie Rietman is nie die enigste Rooibonte wat die afgelope paar weke sukkel nie. Hulle kan tog nie buitestaanders vir al die brak kolle werf nie.

* Watter uitwerking gaan sy insluiting op die moreel van die span hê? Hier begin dinge lelik teen Stompie tel. Almal wil wen, maar almal wil ook voel die keurders beloon lojaliteit.

* Is dit in die betrokke speler se belang? Weer is die antwoord eenvoudig: Nee. Fourie is niks meer 'n tydelike plaasvervanger nie. Wat doen hy as Transvaal die eindstryd haal en Garth Wright is reg? En sê nou maar hy kry volgende jaar ook nie plek nie? Vat hy die pad êrens anders heen?

Omdat daar geen reël bestaan wat dit verhinder nie, kan 'n mens Transvaal nie werklik verkwalik dat hulle hom gekies het nie. Maar dis tyd dat daar so 'n reël gemaak word.

In Frankryk, waar betaling aan spelers veel openliker geskied as hier (dit wil gedoen word, nê?) word trekvoëls goed vasgevat.

'n Speler wat van klub verwissel, moet 'n hele jaar in die tweede liga speel. Dit was Jean-Pierre Rives se lot in 'n stadium toe hy as die wêreld se beste flank bestempel is.

So 'n reël maak 'n rondhardlopery nie net vir die speler minder aanloklik nie, maar ook vir die klub of unie wat hom werf.

'n Situasie waar 'n speler die een week nog een provinsie verteenwoordig (al is dit in die B-span) en die volgende vir 'n ander uitdraf, is heeltemal onaanvaarbaar.

Kepler Wessels se insluiting in die Springbok-krieketspan teen Mike Gatting se Engelse het verlede jaar ook groot opslae gemaak.

Maar dit was anders.

Toe was die "ou manne" in die span heftig teen sy insluiting gekant; soveel so dat dit Clive Rice sy plek in die span gekos het. (Later is Rice wel gekies, en Wessels het hom onttrek omdat hy nie lus was vir sy spanmaats se vyandigheid nie).

Van agterna beskou was Rice-hulle beslis verkeerd.

Dis verstaanbaar dat 'n man soos Peter Kirsten besorg was dat Wessels hom, of 'n ander getroue Bok-kandidaat, sou uithou.

Maar Wessels was g'n buitestaander nie. Hy was 'n Suid-Afrikaner wat in Australië gaan speel het omdat hy nie sy loopbaan by hom wou sien verbygaan sonder die kans om toetskrieket te speel nie.

Hy het teruggekeer, hom permanent hier kom vestig en wondere vir die OP se krieket verrig - juis nadat die Aussies begin kla het dat hy nie "een van hulle" was nie.

Sy groot sonde, in Rice-hulle se oë, was dat hy sy land "verraai" het. Nou lyk dit darem effe kras. Eintlik net hulle eie belange probeer beskerm.

**SEWENTIEN MAN... TWEE MET VLAGGIES**

Nes die armes sal swak beslissings op die rugbyveld - en spelers wat daaroor mor - altyd met ons wees.

Dis nietemin jammer dat Jannie Breedt, wat teen hierdie tyd beter behoort te weet, die skuld vir verlede week se loesing teen die Vrystaat op die grensregters en die skeidsregter wou pak.

Ja, ja, die betrokke grensregters het dalk 'n bietjie oorhaastig - of bevooroordeeld - opgetree.

Maar Transvaal moenie so vinnig huil nie. Jannie het verlede Saterdag verkies om stil te bly oor die "drie" van Pieter Hendriks, wat toegeken is hoewel hy die bal in die doelgebied verloor het. (Dalk was dit regaf grond toe. Dan moes hy hom nog met sy hande, arms of bolyf gedruk het. Hy het nie).

Dis nie te veel gevra dat beamptes objektief moet wees nie. Dalk is dit tyd vir onverbonde grensregters - of 'n ekstra skeidsregter.

Maar kapteins wat wil kla, moet ook nie gerieflikheidshalwe een oog toeknyp nie.

Met 'n verloorder het 'n mens darem 'n bietjie simpatie. 'n Swak verloorder verbeur selfs dit.

## DIE WEEK SE TV-SPORT

Boks en rugby oorheers die naweek se sport op TV.

Boksgeesdriftiges moet môre vroeg opstaan as hulle Brian Mitchell se herontmoeting met Tony Lopez wil sien. Hulle pak mekaar om 05:20 in Sacremento. Die voorgevegte word al van 04:00 regstreeks op M-NET uitgesaai.

Saterdagmiddag word twee deurslaggewende rugbywedstryde regstreeks vertoon: Westelike Provinsie teen Noord-Transvaal op Nuweland (TV1) en Transvaal teen Natal op Ellispark (M-NET)

**Die week se sport-hoogtepunte is:**

**SAUK:**

Vrydag, 13 September: 18:30 - Gillette World Sports Special.

Saterdag, 14 September: 12:00 - Junior Sport; Perdewedrenne; Tennis: ATP-reeks; Rugby: Noord-Transvaal teen Westelike Provinsie op Loftus Versfeld. Gholf: Amerikaanse PGA-reeks.

Sondag, 15 September: TV1, 12:30 - Junior Sport (heruitsending).


Maandag, 16 September: 21:00: TV1: Rugby: Spervuur met Zandberg Jansen: Die naweek se rugby in oënskou.

**M-NET**

Saterdag, 14 September: 04:00: Boks, regstreeks uit Sacremento. 15:00Rugby: Transvaal teen Natal op Ellispark. Engelse eerste liga.

Sondag, 15 September: 21:00: Tennis: ATP-reeks.

Dinsdag, 16 September: 21:00: Engelse sokker: Die naweek se hoogtepunte.



## Brian is een van die bestes

Brian Mitchell het nog nooit in dié rubriek die erkenning gekry wat hom toekom nie.

Ná sy sukkelvertoning teen Philipe Orozco is voorspel dat sy heerskappy in die junior liggewigafdeling van die Wêreld-Boksvereniging (WBA) spoedig op 'n end sou wees; Welcome Ncita is al 'n beter bokser as hy genoem, en voor die eerste geveg teen Tony Lopez, is Brian se wenkans as "bitter skraal" beskryf.

Dit is tyd vir 'n regstelling. Nie uit vrye wil nie, maar omdat Brian 'n mens g'n ander keuse laat nie.

Hy is goed. Baie, baie goed. (Die feit dat hy dit self by elke geleentheid uitbasuin, maak 'n mens soms 'n bietjie suur. Maar hy's reg).

Net 'n klein groepie Suid-Afrikaanse sportsterre kan in dieselfde asem as hy genoem word: Karen Muir, Gary Player, Graeme Pollock en dalk Naas Botha en nog 'n rugbyspeler of twee.

Gerrie Coetzee, March Fiasconaro en 'n paar ander het hul helder oomblikke gehad, maar Brian se volgehoue welslae stel hulle in die skadu.

Mitchell se herontmoeting met Lopez is selfs 'n belangriker geveg as die eerste. In Suid-Afrika weet ons nou al wat hy werd is, maar die Amerikaners hou vol dat Lopez sy titel verdien.

Dit sou jammer wees as Brian verloor. Die Yanks sal dan sê: "We told you so," al moet hulle sekerlik ook weet Brian was ongelukkig om nie die eerste geveg te wen nie.

Kom ons hoop maar hy oortuig dié keer die beoordelaars ook.

# Daryll Cullinan: Gebore om te presteer

## Transvaal se krieketspan begin die nuwe seisoen met sy grootste aanwins sedert Sylvester Clark. Die man wat moet help om Transvaal weer in die *"Mean Machine"* van ouds te omskep is die 24-jarige **DARYLL CULLINAN**, wat vanjaar groot krieket wil speel - en sy beeld as rebel wil afskud.

**TINUS HORN** het met hom gaan gesels

DUDLEY NOURSE en Greame Pollock het dit gehad. So ook Barry Richards. Roy Pienaar het dit, maar gebruik dit nie altyd nie. En Daryll Cullinan het dit ongetwyfeld: Die bestanddeel wat groot spelers van goeies onderskei.

Dit moenie verwar word met die veggees en wil om te wen wat van Clive Rice 'n krieketreus gemaak het, of Eric Rowan se vasberadenheid nie. Dié is 'n gawe wat veel moeliker is om te omskryf.

'n Mens hoef nie vir Cullinan 'n honderdtal te sien aanteken om te besef dat jy hier met 'n hoogs uitsonderlike sportman te doen het nie. Net om hom 'n paar balle in die nette te sien rondslaan, is 'n ervaring. Dis alles so maklik...Of liewer, hy laat dit so lyk.

Cullinan sê krieket is eintlik dekselse harde werk. "Ek is nie tevrede met wat ek kan doen nie. Ek wil beter wees; baie beter. So goed as wat ek moontlik kan. En dit kos werk."

Cullinan se loopbaan het die beste begin denkbaar gehad (of die slegste, afhangende van jou uitgangspunt). Hy was nog op die skoolbanke in Oos Londen toe hy die voorblaaie van al die land se groot koerante met sy wonderkind-kolfwerk begin haal het.

"Die Tweede Pollock!" het hulle dit uitbasuin toe hy die Prins se naam uit die rekordboeke vee as die jongste speler wat 'n eersterangse honderdtal kon aanteken.

Dié beskrywing was natuurlik al die doodsteek van talle belowende spelers se loopbane. Cullinan was anders.

Hy het wel 'n bietjie gesukkel nadat hy die Grens vir die Westelike Provinsie verruil het. Die druk op hom was eenvoudig te groot en die boulers teen wie hy moes kolf in 'n ander klas as dié waaraan hy gewoond was.

Maar hy het daar deur gewerk en is verlede jaar beloon met 'n plek in die Springbokspan vir die eendagreeks teen Mike Gatting se Engelse rebelle.

"Dit sou sinneloos wees om nou te wonder hoe sake sou verloop het as ek eers later naam gemaak het. Maar as ek terug kyk, weet ek my vroeë welslae het van my 'n beter speler gemaak - en 'n beter mens."

Nou staan hy op die drumpel van groter dinge. Amptelike internasionale mededinging lê om die draai en 'n mens kan maar daarop reken dat die naam Daryll Cullinan hoog op die kortlys van toetskandidate sal staan.

"Dis my droom. Die moontlikheid van internasionale krieket het nuwe lewe in my loopbaan geblaas. En dit geld vir almal. Spelers is skielik bereid om daardie bietjie ekstra in te sit, wat nie verlede jaar die moeite werd gelyk het nie."

Omdat hy al so lank op die voorgrond is, vergeet 'n mens maklik dat hy 'n skrale 24 jaar oud is en dat sy hele loopbaan eintlik voor hom uitstrek.

" 'n Vriend van my noem my die jongste veteraan in Suid-Afrikaanse krieket en dis 'n raak beskrywing. Dit voel asof ek al my hele lewe lank speel."

Sy kolfwerk is beslis besig om wasdom te bereik. Die grootste kritiek teen hom was nog altyd dat sy konsentrasie nie na wens is nie; soms wil dit net lyk asof hy hom begin ingrawe vir 'n groot beurt, dan gooi hy sy paaltjie met 'n onverskillege hou weg.

Maar dit gebeur nou minder gereeld as vroeër. Verlede jaar het hy 'n klompie skitterbeurte gespeel. (Terloops, dit sou meer sin maak om hom Richards as met Pollock te vergelyk. Soos Richards doen Cullinan alles uit die boek uit. Pollock het hom min aan "die regte manier" van doen gesteur).

In die pasafgelope Suid-Afrikaanse winter het Cullinan in Londen klubkrieket gaan speel om skerp te bly.

Daar het hy gesien dat geen land ter wêreld werklik meer talent as Suid-Afrika het nie. Die toetsreeks tussen Engeland en die Wes-Indiese Eilande het hom moed laat skep vir die toekoms.

"Hier is 'n klomp jong spelers wat nog gróót krieket gaan speel. Ons terugkeer tot die internasionale arena gaan meer vir ons krieket beteken as wat ons kan droom."

Benewens die ooglopende voordele wat internasionale kontak inhou, soos hoër standaarde en groter motivering, gee dit ook aan meer spelers die kans om hulself te bewys, sê hy.

"Vir baie spelers is dit 'n treetjie vooruit: Provinsiale spelers kan toetsspelers word. Hulle plekke word weer deur klubspelers gevul. 'n Tweedeligaspeler skuif op, en so aan. Op dié manier gaan veel minder talent verlore."

Cullinan hoop ook dat toetskrieket die toeskouers hier van 'n lelike siekte met die naam provinsialisme gaan genees.

"Die vrot behandeling wat van ons topsportmanne moet verduur, spruit uit die feit dat toeskouers in ander stede hulle as die vyand sien. As jy vir jou land speel, verander hul houding - veral as hulle sien jy's 'n sportman van wêreldgehalte."



Daryll Cullinan. Hy vertoon selfs in die nette indrukwekkend

Dit kan Cullinan ongetwyfeld wees.

Sy kolfwerk is ongelukkig in die WP geknou deur wrywing tussen hom en die spanbestuur. Selfs sy vangwerk in die glippe - wat ons as foutloos leer ken het - was skielik maar so-so.

Sy koms Transvaal toe was daarom geen verrassing nie. Aan die begin van verlede seisoen wou hy al kom, maar die WP het geweier om hom van sy kontrak te onthef.

In die middel van die seisoen is hy uit die WP-span weggelaat, hoewel hy in daardie stadium skitterend op dreef was. Hulle het gesê sy houding was nie reg nie. Die boodskap was duidelik: Cullinan is 'n rebel.

Dit ontken hy vandag. "Ek soek nie moeilikheid nie. Ek sê wel wat ek voel en dis vir sommige mense onaanvaarbaar. Dis jammer dat sake tussen my en die WP-bestuur nie verloop het soos ek gehoop het dit sou nie, maar dis tot daarnatoe..."

Daar was ook 'n ander rede vir sy besluit om Transvaal toe te kom: Hy wou nog altyd saam met Rice en Jimmy Cook in 'n span speel, omdat hy glo hy kan baie by hulle leer.

"Die tyd was ook ryp vir 'n verandering. Ander spanmaats, ander kolfblaaie... alles kan help om van my 'n meer afgeronde speler te maak. Ek het lankal besluit om te gaan waarheen my krieket my ookal neem."

Van hier af kan dit hom net een pad vat: Boontoe.

# LOUIS POTGIETER SKRYF OOR DIE WEEK SE TV



Op *World Entertainment News*, Dinsdag om 11.15nm op TV4... Kevin Kline en Mary Elizabeth Mastrantonio

## Shakespeare vir ons tyd

Shakespeare is deesdae baie gewild: die Grahamstad-fees se Winterskool is aan hom afgestaan; 'n Shakespeare-kongres is in Tokio gehou; Franco Zeffirelli se *Hamlet* is op die groot skerm; Kenneth Branagh se *Henry V* is binnekort op die groot skerm; Vanessa Cooke het 'n opvoering van *Romeo & Juliet* townships toe geneem; Ilse van Hemert is pas klaar met *The Merchant of Venice* op Afrikaans, nou begin sy met *Romeo & Juliet* vir Truk; Truk-Ballet het ook *Romeo & Juliet* op die planke gebring; Dieter Reible se *Much Ado About Nothing* is nou in die Alexander-Teater in Braamfontein te sien.

Kan dit wees dat hoe meer ons die donkerte invaar, hoe sterker spreek dié dramaturg se Elizabethaanse sosiale kommentator?

*Edutaining the English Way* het ook sy kant gebring: Shakespeare wat op 'n pragtig ingerigte, eenvoudige Elizabethaanse verhogie staan en verduidelik wat die motivering is vir 'n sekere monoloog van Lady Macbeth; wat op die spelers se vrae antwoord deur aanduidings te gee omtrent die intensiteit van emosies, gebare en stemming; wat aan die gehoor verduidelik waarom Lady Macbeth deur 'n jong seun gespeel word en demonstreer hoe dié feit 'n bykomende emosionele impak gee aan die omvang van die karakter se bitterheid en ambisie... Dit klink amper te goed om waar te wees. Maar dit is presies wat gedoen word in *Macbeth*, een van die episodes in *Edutaining the English Way*, wat verlede week 10:45vm op TV4 vertoon is.

In dié geval doen die Britse Globe Theatre-spelers dieselfde met *Macbeth* op TV as Franco Zeffirelli op die silwerdoek: maak Shakespeare toeganklik vir die letterkunde-leek. Matriekleerlinge, vir wie Macbeth 'n voorgeskrewe werk is, behoort dié ongewone manier van leer taamlik pynloos en insiggewend te gevind het.

Veral die verduidelikings van waarom sekere woorde gebruik word, waarna dit verwys en wat die emosionele raamwerk is waarbinne die karakters in sekere tonele optree, is nie die soort inligting wat sommer in 'n gewone handboek gevind kan word nie.

## Die nagmerrie van die Nazi-oorname

'n Spannende nuwe mini-reeks het op M-Net begin. *The Nightmare Years* vertel van 'n Amerikaanse joernalis (Sam Waterston), wat met sy Weense vrou (Marthe Keller) na Berlyn gestuur word as sy koerant se buitelandse korrespondent daar. Reeds op die trein word hulle ru gekonfronteer met die nuwe Duitse regime wanneer die man per toeval afkom op 'n trok met tralievensters waarin honderde gevangenes geprop is met die minimum-geriewe. Wanneer hy in Duitsland begin navraag doen oor wie dit was en waarheen hulle op pad was, word die wêreld geleidelik al hoe warmer gemaak vir hom. Wanneer sy fotograaf en dié se vrou wreed aangerand word, besef hy vir die eerste keer hoe magteloos hy eintlik is en begin hy vir sy en sy vrou se lewens vrees...

Die reeks is verlede jaar gemaak en is 'n gesamentlike produksie deur Italië, Frankryk, Australië en Amerika. Die regie is behartig deur Anthony Page.

## Vroue van jazz

Dié van ons wat gelukkig genoeg is om Bop-TV te kan opvang, kan die grootse vroue van jazz te hore kry in 'n uitsonderlike reeks wat Sondagaande om 10.15nm uitgesaai word. Sondag s'n is *From Bessie to Billie* met bydraes van Coleman Hawkins, Gerry Mulligan, Ben Webster, Benny Goodman en Count Basie. 22 September se program is *Creative Force* en wys hoe jazz-musikante stukke deur middel van improvisasie "komponeer". 29 September se program, *A Matter of Style*, wys hoe uiteenlopend jazz-musiek is. 6 Oktober se program, *The Inner Voice*, gebruik argiefmateriaal om die jazz-musikante van ouds te kontrasteer met hul moderne broers en susters. Op 13 Oktober sien ons *Breaking Through* waarin die stryd van vroue om hulself in die jazz-wêreld te handhaaf uitgebeeld word. In 20 Oktober se *Scatting is footage* illustreer Ella Fitzgerald, Sarah Vaughan, Dakota Statton en Carmen McRae dié vokale styl. Die laaste program op 27 Oktober is *Yesterday and Today* waarin grootse jazzmense gesels oor hul invloede. Dinah Washington en Lena Horne verskyn ook.

## HOOGTEPUNTE

**VANDAG:**

- **SPIES EN PLESSIÉ**... MET PERMISSIE OM 10.40NM OP TV1.
- **MISS TEEN USA** SÊ VIR ONS WIE IS DIE MOOISTE TIENER IN AMERIKA. OM 7NM OP M-NET.
- **AFRICAN WAVE,** 'N DOKUMENTÊRE REEKS OOR DIE ONTWIKKELING VAN SUID-AFRIKAANSE MUSIEK, OM 10.45NM OP M-NET.

**MÔRE:**

- **E.N.G.** - IN DIE SPERVUUR OM 7.05NM OP TV1. WANNEER 'N SKERPSKUTTER OP 'N KLOMP MENSE LOSTREK, IS KANAAL 10 SE NUUSMENSE OP DIE TONEEL.
- **HIGH ANXIETY** OM 9.30NM OP TV1. MEL BROOKS (YOUNG FRANKENSTEIN EN BLAZING SADDLES) STEEK DIE DRAAK MET NOG 'N GENRE, DIÉ VAN DIE ALFRED HITCHCOCK-RILLER. MET MADELEINE KAHN, CHLORIS LEACHMAN, HARVEY CORMAN EN DICK VAN PATTEN.
- PAUL SCHRADER SE EIESOORTIGE VERTELLING VAN DIE **PATTY HEARST VERHAAL** IS OM 8.30NM OP M-NET TE SIEN. MET NATASHA RICHARDSON.

**SONDAG:**

- **AFRIKANERS IN KENIA** OM 2.50NM OP TV1.
- **COLLAGE** OM 3.45NM OP TV1.
- MOENIE **BILLY GRAHAM** SE BOODSKAP OM 6NM OP TV1 MISLOOP NIE.
- EEN VAN JULIA ROBERTS SE VROEË PRENTE, **MYSTIC PIZZA**, IS OM 8.30NM OP M-NET TE SIEN. DONALD PETRIE IS DIE REGISSEUR.

**MAANDAG:**

- **60 MINUTES:** US MARSHALL OM 8.40NM OP M-NET. STEVE KOROFT BERIG OOR DIE **AMERIKAANSE POLISIEHOOFDE** WAT DIKWELS POLITIEKE AANSTELLINGS IS MET GEEN ERVARING VAN WETSTOEPASSING NIE. HOWARD SAFIR HET DIE BEELD VAN POLISIEHOOFDE VERBETER, MAAR HULLE KRY STEEDS KRITIEK.
- **THERE'S A GIRL IN MY SOUP** OM 9NM OP M-NET. PETER SELLERS IS 'N BEKENDE KOOKKUNSKENNER EN HY BESKOU HOMSELF AS 'N KENNER VAN DIE VROULIKE GESLAG. OOK MET **DIANA DORS.**
- **BEDROOM WINDOW** OM 11NM OP M-NET IS 'N FASSINERENDE PRENT MET **STEVE GUTTENBERG** EN **ISABELLE HUPPERT** IN DIE HOOFROLLE.

**DINSDAG:**

- **AMERICAN CHRONICLES** OM 10NM OP TV1. **CHOMSKEY PARK**, DIE WONING VAN DIE CHICAGO WHITE SOX-BOFBALSPAN SEDERT 1910 WORD BEKYK, ASOOK WAARSÊERY.
- **THE ACCUSED** OM 11NM OP M-NET. 'N UITMERGELENDE RILLER MET **JODIE FOSTER** IN EEN VAN HAAR BESTE VERTOLKINGS.
- **IN WORLD ENTERTAINMENT NEWS** OM 11.15NM OP TV4 SIEN ONS 'N ONDERHOUD MET **KEVIN COSTNER** WAARIN HY OOR ROBIN HOOD, PRINCE OF THIEVES GESELS. **KURT RUSSELL** GESELS OOR BACKDRAFT, **MARY ELIZABETH MASTRANTONIO** OOR CLASS ACTION EN **KEVIN KLINE** OOR SOAPDISH.

**WOENSDAG:**

- **FRANK ZAPPA** SE TWEE KINDERS, MOON UNIT EN DWEEZEL HET ELK 'N ROL IN DIE REEKS NORMAL LIFE. DIS 'N SITCOM OOR 'N ALLES BEHALWE NORMALE GESIN. OM 4.05NM OP TV1.
- **THE NIGHTMARE YEARS** OM 7NM OP M-NET - DIE SLOT.
- **60 MINUTES - ENTER THE DRAGON** OM 10.40NM OP M-NET. JEFF MCMULLEN ONDERSOEK DIE TRIADES, 'N GROEP CHINESE DWELMSMOKKELAARS WAT OOK IN AUSTRALIË HANDEL DRYF.

**DONDERDAG:**

- **DIE SONKRING** OM 7.05NM OP TV1. DEKKER IN SY TRAWANTE VERSKYN IN DIE HOF. HY VERTEL SY OUERS IS BEWUS DAARVAN DAT HY 'N AANGENOME KIND IS.
- **THIRTYSOMETHING** OM 9NM OP TV1. NANCY SE STORIE GAAN VOORT.
- **REVUE PLUS** OM 7NM. M-NET SE VERMAAKLIKHEIDSPROGRAM MET BARRY RONGE EN DOREEN MORRIS.
- **EXPOSED** OM 9NM OP M-NET. SIEN DIE BALLETDANSER **RUDOLF NOEREJEV** AS AKTEUR SAAM MET **NASTASJA KINSKI**. DIS 'N VREESLIKE PRETENSIEUSE BESIGHEID DIÉ, MAAR INTERESSANT OM TE SIEN DAT NOEREJEV KAN TONEEL SPEEL.
- **60 MINUTES - SUDDEN INTRUDER** OM 10.40NM OP M-NET. 'N KYKIE NA MENSE WAT AAN TOURETTE SE SINDROOM LY. DIÉ SIEKTE VEROORSAAK EIENAARDIGE KOMPULSIEWE NEIGINGS EN 'N ONVERMOË OM SPRAAK EN GEDRAG TE BEHEER.
- **THE TRACEY ULLMAN SHOW** OM 10.49 OP TV4.
- **INFINITE VOYAGE** OM 11.30NM OP TV1. DIE "GREEN HOUSE EFFECT" WAT DEUR BESOEDELING VEROORSAAK WORD EN DIE UITWERKING VAN DIE CHERNOBYL-ONTPLOFFING EN DIE EXXON VALDEZ-RAMP OP DIE OMGEWING.



## *skoolpraatjies*

# OU SLAPPES WYS DIE VINGER

*deur* JUFFROU ANNA

SY bynaam was Slappes. Sy regte naam kan ek ongelukkig nie sê nie. Hy sal my nooit vergewe as ek sommer so in die openbaar van hom vertel nie.

Hy was die jongste van 'n hele paar Follies in ons skool. Hy het van 'n buurdorpie gekom waar daar nie 'n hoër skool was nie en het dus in die koshuis gebly.

Hy was 'n stout klein sot in st 6. So 'n skraletjie met bruin oë en het toe al so 'n ongeërgde houding oor hom gehad. Sy bynaam was natuurlik baie gepas. Kinders is skrikwekkend eerlik en ontaktvol met die gee van byname.

Maar toe al, in die begin van sy hoërskoolloopbaan, is hy gebrandmerk. Sien, Slappes was 'n individualis. Hy het nie maklik in die "patroon" gepas of gekonformeer nie. 'n Engeltjie was hy glad nie, maar heel intelligent.

Met verloop van tyd het hy egter al hoe minder belang gestel in skoolwerk. Meestal hoogs verveeld, want hy het motivering verloor. Hoe meer probeer is om hom in 'n vorm te druk, hoe balhoriger het hy teruggebeur.

Ek dink tog dis ons, die onderwysers en die stelsel wat van hom 'n volbloed rebel gemaak het. Hy het ook flink geleer om net-net so aan die rand van wettigheid en dik dragte slae te loop (wel, iets moet 'n mens tog in vyf jaar leer).

Ook op sportgebied, dink ek kon Slappes presteer het as hy wou. Maar nes hy sien hy doen dalk goed, begin hy met sy hansworsery. Hy was die groot gees in die D-rugbyspan - die Devils. Maar skuif hulle hom op, laat val hy sommer die bal soos pap uit sy hande.

Die laaste drie jaar van sy skoolloopbaan lê-sit hy toe by my in die Afrikaansklas. Hemel, en hy kon 'n mens soms tot drank dryf. Hoe meer geesdriftig en ernstig ek raak, hoe ligsinniger en verveelder raak hy.

Dié anti-alles-houding is toe al goed vasgelê. Hy kom met so 'n "cool man, cool"-houding in die klas ingeslenter, val in die heel agterste bank neer en lê sommer vroeg in die periode al met sy kop op sy arms en slaap. Miskien nie regtig nie, net om te sien wat jou reaksie gaan wees. En natuurlik reageer jy, goeie dom onderwyser wat jy is. En in sy oë en effense glimlaggie lees jy: "Dit werk elke keer!"

Laat sit jy hom heel voor in die klas, verpes hy jou só, dat jy later net met hom baklei en nie klasgee nie. En jy hou maar aan met karring, want hy is nogal goed in jou vak: 'n goeie natuurlike aanvoeling vir letterkunde, en hy kan ook as hy die slag lus is, 'n treffende opstel skryf.

Toe verklaar ek, ter wille van my eie geestesgesondheid, vrede met Slappes. Slaap hy, laat ek hom in vrede slaap. Is hy wakker en lus, betrek ek hom by die besprekings in die klas. Soms het hy selfs iets baie sinvols te sê gehad. Die matriekeksamen breek aan en saam met al die ander Matrieks, verdwyn ook Slappes van die toneel. Maar eers het hy met daardie tipiese ongeërgde houding van hom, vinger gewys - is ek seker van. Hy het naamlik 'n uitstekende simbool vir Afrikaans gekry, en sy opstelle is spesiaal vermeld as van die beste in Kaapland.

Ons kan altyd met soveel smaak vertel hoe vrot mense soos Churchill en Einstein (en ou Slappes - hy lag hom dood!) op skool gevaar het. Maar ek dink dis 'n aanklag teen ons stelsel. Daar is nie regtig ruimte vir die individualis nie.

(Juffrou Anna is die skuilnaam van 'n hoërskoolonderwyser op die Bolandse platteland.)

## *lospraatjies*

# ALLE TONGE IS NIE ROOI NIE

*deur* FANIE OLIVIER

ORALS in Suid-Afrika word nou lekker rondgeskarrel soos ouens probeer om óf geloofwaardigheid te kry óf te verseker dat hul spesifieke stukkie empaaier darem nie verlore gaan raak nie.

Een van die groot gesprekke bly daarom ook die een oor die toekoms van Afrikaans: waar en wanneer gaan hy gepraat word en deur wie? En, veral, oor watter amptelike beskerming Afrikaans sal geniet. Dis 'n swaarverworwe koninkryk om sommer so prys te gee of onder jou greep te voel uitgly.

'n Jaar of twee, drie gelede het niemand in die stoere hiërargie ernstig oor die posisie en die voortbestaan van Afrikaans gedink nie. Diegene wat by kongresse daaroor bedenkinge uitgespreek het, is as die nuwe hanskakies en hensoppers uitgewys.

Intussen het die aanskyn van ons gemeenskap drasties verander. Ondanks gesofistikeerde pogings om 'n tipe regering daar te stel waarin wit belange beskerm sal word, aanvaar die groeiende getal realiste dat die einde van die witbaasskap vir altyd verby is.

En daarmee saam, natuurlik, ook die beskermde en verskanste posisie van Afrikaans.

Nou moet daar nuwe rolle bedink word vir Afrikaans. Die eerste skuif was om vanuit kultuurorganisasiekring in die Noorde die "hand van vriendskap" uit te reik na die verstote en vergete Afrikaanssprekendes wat veral die suide van Suid-Afrika bevolk.

Skielik word die "betekenisvolle" rol wat die slawe en hul nakomelinge gespeel het, en die "ongelowige" Maleier se bydrae, dankbare kongresmateriaal en stof tot nadenke.

"Afrikaans as brugbouer in die veranderde Suid-Afrika" word die tema van 'n kongres wat die FAK onlangs in Johannesburg gehou het. En van oral word mense genooi om te kom praat: nie die hanslammers soos voorheen by "token" geleenthede die geval was nie, nie mense wie se "bona fides" bo verdenking staan nie. Maar gewoon mense wat ook met Afrikaanse omgaan of daarmee soms ongemaklik in aanraking kom.

En vol selfvertroue begin die Afrikaanssprekende uit hierdie ander apartheidsgemeenskappe by sulke geleenthede uit die hart uit praat en vertel. Enersyds as wetenskappers wat grondig aantoon hoe bv die slawe bygedra het tot die ontstaan van Afrikaans; andersyds as taalgebruikers wat deur die stelsel ingedwing is in 'n posisie waar hulle nooit sou wou wees nie.

Wie het byvoorbeeld destyds gedink toe hulle binne die Groot Model die Transvaalse Indiërskole gaan weghaal het by "Kleurlingonderwys" en dit na Indiëronderwys toe oorgeskuif het, watter taalellende dit tot gevolg het? Om die Afrikaanssprekende skielik te dwing om in Engels skool te gaan en eksamen te skryf.

En vir 'n gemeenskap wat om verskeie redes gewoon gee enkele magsaanspraak kon vestig nie. As so iets met die Boere gebeur, sal hulle sweerlik summier oorlog wil gaan maak!

'n Mens hoor die spreker, maar jy kyk na die gehoor hier saamgetrek en jy wonder ook oor dié "eiland van wit Afrikaners". Oorwegend vroue uit die onderwyswêreld wat oor die laaste tien, vyftien jaar nie alleen geloofwaardigheid verloor het nie, maar wat in baie gevalle nie eens meer bestaan nie.

Met hul kapsels en hul rooi wangetjies, die dagpakkies en die sjiffon - voel hulle werklik iets vir Afrikaans. En is hulle nie reeds, ten spyte van al die gebreke, 'n stappie verder as die algemene wit Afrikaanse gemeenskap nie?

Kyk jy na hulle, verstaan jy skielik waarom daar met soveel agterdog na ons gekyk word. Die ander mense glo ons eenvoudig nie: soos nog altyd, vermoed hulle dat hulle gebruik gaan word vir eie gewin en om die magsposisie van die wittes te bestendig. Dat hulle gewoon gekoöpteer gaan word in 'n nuwe stelsel wat die witmense bedink het om ten minste mede-heersers te bly,

Die historiese herwaardering en die hartsverandering waarvan Hans du Plesssis van Potchefstroom praat, het hier nog lank nie eens begin groei nie. Wat beteken dit presies vir hulle, vir honderdduisende Afrikaanssprekendes, as hy besluit: "Dis tonge wat taal maak en alle tonge is rooi..."

Is daar nie nog hopeloos te veel wit tonge in Afrikaans nie, tonge wat dalk eers rooi sal word as hulle bloei?

# KIRI TE KANAWA WORD 'N WARE MENS

**HENNING VILJOEN** skryf oor 'n heerlike nuwe opname van **Der Rosenkavalier** en 'n verrassing wat wys dat goedkoop nie altyd duurkoop is nie

EMI Classics het onlangs hul nuwe, gemoderniseerde kenteken in Suid-Afrika bekend gestel. Die nuwe kenteken vervang die ou bekende terriërtjie Nipper, wat na sy baas se stem oor die grammofoon luister. Daarmee het die laaste spore verdwyn van die ou "His Master's Voice"-platemaatskappy wat deur EMI Classics oorgeneem is.

EMI Classics het ook hul nuutste opera-opnames bekend gemaak wat eersdaags op die platerakke sal verskyn. Daar is 'n nuwe *Don Giovanni* met Ricardo Muti as dirigent, Sheryl Studer as Donna Anna, Carol Vaness as Elvira en Samuel Ramey as Leporello om na uit te sien. Daar is ook 'n nuwe *Zauberflöte* met Roger Norrington as dirigent aan die kom, asook Bernard Haitink se opname van Siegfried en Simon Rattle se opname van Janacek se *Cunning Little Vixen*. 'n Ryk oes wag op die operaliefhebber.

'n Nuwe *Der Rosenkavalier* is ook pas deur EMI Classics (CDS 7 54259-2) uitgereik met Bernhard Haitink as dirigent en die Dresden Staatskapelle-orkes. Dié nuwe EMI-opname is 'n regstreekse mededinger met EMI se eie legendariese opname van *Der Rosenkavalier* (EMI CDS 749354-8) met Herbert von Karajan as dirigent, die veelgeroemde Marschallin van Elizabeth Schwarzkopf en Christa Ludwig as 'n ongeëwenaarde Octavian. Hierdie ouere opname is deur Penguin Guide met die uitsonderlike rosetteken vir uitmuntende opnames bekroon.

Ondanks dié formidabele mededinging spog die nuwe *Der Rosenkavalier* met 'n luisterryke klomp jong sangers. Die groot verrassing van die nuwe opname is Kiri te Kanawa as die Marschallin. Waar sy gewoonlik net met die skoonheid van haar stem beïndruk sonder om werklik onder die musiek in te kom om 'n karakter met oortuiging te vertolk, slaag sy hier daarin om die komplekse sielkundige nuanses van die Marschallin oortuigend oor te dra. Hier is 'n lewende karakter wat besef dat sy ouer word en dat sy die flirtasie met die jong Octavian nie te ernstig moet opneem nie, want net môre verruil hy haar vir iemand jonger. Te Kanawa se Marschallin het miskien nie die diepte van Schwarzkopf s'n of die statige elegansie van Regine Crespin in die Solti-opname nie, maar dit is 'n skitterende vertolking uit eie reg.

Anne Sofie von Otter se Octavian is ongelukkig nie in dieselfde klas as dié van Christa Ludwig nie, want haar stem beskik nie oor dieselfde warmte om werklik as 'n jong seun te oortuig nie. Daarenteen is Barbara Hendricks die ideale Sofie. Die ongetwyfelde hoogtepunt van die nuwe opname is die slottrio tussen die drie dames gevolg deur die meesleurende duet tussen Sofie en Octavian. In dié gedeelte is die nuwe opname met sy skitterende klank, stemme wat harmonies saamsmelt en 'n vertolking waarin die Strauss-melodiese lyn 'n mens totaal oorompel sonder gelyke.

Naas die Marschallin is Baron Ochs - 'n ietwat onverfynde, boerse karakter wat deernis moet ontlok - net so 'n problematiese karakter oortuigend oor te dra. Kurt Rydl beskik oor 'n buitengewoon mooi, diep resonante stem, maar sy Ochs is te brutaal en bruusk om enige deernis te wek.

Bernard Haitink openbaar deurgaans 'n fyn aanvoeling vir die Strauss-idioom en die nodige Weense "Schmalz" wat die opera onderlê. Hy laat die orkes blom sonder om ooit die sang te oorspoel, soos dit soms in die opnames van Solti en Bernstein die geval is.

Met dié nuwe opname spog EMI Classics nou met die twee voorste *Rosenkavalier*-opnames in die plate-katalogus.

### 'n Verrassing

Dat 'n mens jou nie altyd net deur die bekende platemaatskappye en kunstenaars aan die neus moet laat lei nie, het ek ontdek toe ek vir die eerste keer na 'n nuwe opwindende opname van *La Boheme* met die betreklik onbekende etiket NAXOS (8.660003-4) geluister het. Hier is 'n goeie voorbeeld van 'n vlaag van jong onbekende sangers wat 'n mens nie moet ignoreer nie. Die opname tref veral deur die jeugdige spontaneïteit en vitaliteit wat uit die vertolkings straal. Dit gee die opera 'n varsheid en 'n onmiddellikheid wat aan 'n lewende opvoering herinner. Boonop kos dié volledige opname op twee laserskywe minder as een gewone laserskyfopname.

Hierdie opname kan miskien nie in die eerste liga meeding met die DECCA-opname (421 049-2) met Herbert von Karajan as dirigent, Mirella Freni as 'n sublieme Mimi en Luciano Pavarotti as 'n eenmalige Rodolfo nie, maar ek verkies dié opname bo die meeste van al die ander eersteliga-opnames van dié opera.

Die groot trefkrag van die nuwe opname is die Mimi van die Tjeggiese sopraan Luba Orgonasova. Hier is nie net 'n goeie stem nie, maar soos een resensent dit gestel het "hier is 'n ware groot stem". Organosova - afkomstig uit Brataslava, dieselfde stad wat ook Lucia Popp, Edita Gruberova en Gabriella Benackova opgelewer het - lewer 'n vertolking wat nie baie vêr vir dié van Mirella Freni agteruit hoef te staan nie. *CD Review* vat haar vertolking treffend saam: "For the sake of Orgonasova alone this recording belongs on the shelf with Beecham, Karajan and Votto. Naxos is practically giving this set away, so I strongly advise you to go out and get it, before they realise their mistake".

Jonathan Welch is weliswaar nie 'n Pavarotti, Domingo of Carreras nie, maar hy lewer 'n baie verdienstelike vertolking as Rodolfo en die Spaanse mezzo Carmen Conzales oortuig as Musetta. Die jong Duitse dirigent Will Humburg weet ook hoe om Puccini se musiek te laat asemhaal en hy onderskraag die sangers baie goed in die gedrae Puccini-frases. Teen die prys is dit voorwaar 'n opname waarop nie neergekyk kan word nie.

# KAFKA KOM HUIS TOE



DIE Mamu-spelers en die Duitse Ambassade se projek, *The Kafka Experience*, is van Dinsdag (voorskou); Woensdag (opening) op die planke. Die stuk is gegrond op 'n oorspronklike draaiboek wat ontwikkel is deur die Duitse regisseur Reiner Oldach met Franz Kafka se *The Penal Colony* as uitgangspunt. Die akteurs, Mlungisi Kamase (bo), Tonny Nene en Mpumi Shelembe, het 'n plaaslike bydrae gemaak. Die produksie-proses is deur die ANC se Departement van Kuns en Kultuur asook die Performing Arts Workers Equity bespreek en sal heel waarskynlik die grondslag bied vir 'n beleid oor kultuur-uitruiling. Die stuk is by Beyond the Market, Pimstraat 58, Newtown (tussen Kippies en Mega Music) te sien en begin om 8.30nm.


*die week by die*

**MARK-TEATER**

**DIE BAXTER-TEATER**

*bied aan*

John Godber se

**Up 'n under**

"Hilarious" Rapport

*Met Ron Smerczak, Rick Rogers, Alan Swerdlow, David Butler, Martin LeMaitre en Trish MCKenna*

*Regisseur Fred Abrahamse, Ontwerp deur Brian Collins*

Maan - Vry: 8nm, Sat om 6 en 9nm.

**UPSTAIRS BY DIE MARK**

*Die Mark-teater Company*

*bied aan*

**Panic Stations - Improviasie teater**

*Regisseur Shalom Kenan*

Maan - Vry: 8.15nm Sat 6.15 en 9.15nm. Laaste drie vertonings

So what's new ? deur Fatima Dike eerste voorskou 19 September

**DIE LAAGER-TEATER**

*Die Market Theatre Company*

*bied aan*

**Rainshark**

*regisseur Neil McCarthy*

*met Jamie Bartlett, Kate Edwards, Ramolao Makhene, Judy Broderick and James Whyle*

Maan - Vry: 8.15nm Sat 6.15 en 9.15.

**KIPPIES**

*Tone Colours*

Dins - Don R10, Vry - Son R12

**MARK GALERYE**

*David Goldblatt foto's en Dumisani Khumalo se skilderye*

**VLOOIMARK**

9 vm-4nm Saterdae

Telefoon(011) 832-1641

Bespreek by Computicket

*H/v Breë- en Wolhuterstrate, Newtown, Johannesburg.*

# *he don't need no thought control*

**ALAN PARKER** SPENT A FEW DAYS HOLED UP IN A HOTEL CONFERENCE ROOM DOING HIS OFFICAL BIT FOR HIS LATEST FILM, **THE COMMITMENTS**, ABOUT A FOUL-MOUTHED BUNCH OF MUSOS WHO TRY TO MAKE IT IN NORTH DUBLIN.




Alan Parker

**ANDREA VINASSA** KEPT A CIVIL TONGUE IN HER HEAD WHILE CHATTING TO THE DIRECTOR WHO HAS SUCCESSFULLY STRADDLED THE ATLANTIC OCEAN, WINNING SO MANY OSCARS, GOLDEN GLOBES AND BFA AWARDS THAT EVERYONE HAS STOPPED COUNTING





**"Everything else somehow seems trivial..."**

The news of the death of the actor who played the American drug smuggler in *Midnight Express*, ironically of Aids complications after having contracted the HIV-virus through intravenous drug use, mars what was meant to be a superficial "production line" interview.

Brad Davis, Parker recalls, immersed himself almost obsessionally in the role of Billy Hayes. He remembers distinctly Davis's intense emotional involvement during the filming of the gruelling tale of incarceration in a Turkish prison.

*Midnight Express* should have catapulted this actor to some sort of stardom. Instead, Davis stayed in the off-off Broadway theatre-stream, performing in 1985 in *The Normal Heart*, off-beat films like *Querelle* and *Rosalie Goes Shopping* and the TV mini-series *Robert Kennedy and His Times*.

"Every film takes a lot out of you. *Midnight Express* was a particularly difficult film. We were in a prison for 52 days, working six, sometimes seven days a week. But you have a certain emotional detachment as a director.

"It was as if Brad became the person. It was not an acting performance as such and ironically that was what happened to his acting career."

Though *Midnight Express* won an Oscar for Best Director and Best Screenplay, it was not unanimously well-received. In fact, with the exception of *Shoot the Moon*, Parker's least characteristic film, *The New Yorker* critic Pauline Kael disliked all of his work. She wrote one of her most scathing critiques ever of *Midnight Express*. Interestingly, she uses the same phrase, pejoratively, as Parker to describe it: "*Midnight Express* is single-minded in its brutal manipulation of audience: this is a clear-cut case of the use of film technique split off from any artistic impulse. Parker seems almost vindictive in the way he prods the viewers - fast, efficiently, from one shock to the next. There's a mean-spiritedness in this fake-visceral movie which has got mixed together with the cause of imprisoned young pothead smugglers like Billy Hayes."

Parker made *Midnight Express*, his second film, when he was 33 years old and says he was "totally single-minded" about making a film about "injustice and the incredible inconsistencies of drug sentences around the world". Had he made the film now, he might have been more careful to make a more balanced film, but he believes it would have been a less powerful film.

Kael further criticised the film for being xenophobic and anti-Turkish in its portrayal of the Turkish characters as villains only: "The facts of Billy Hayes's case as presented in the book make a solid, strong claim on our feelings... But the film's cheap grandstanding - indicting a whole people on the presumption that the brutality of prison guards represents the national way of life - destroys those feelings."

A laid-back Parker counters this, saying that he dislikes "tokenism". The only Turks

one is likely to come into contact with in a prison are prison guards and he balks at the convention applied in Holocaust films in which "you always have the lance-corporal who is quite kind to show that not all Germans were Nazis".

But Kael keeps it rolling: "*Midnight Express*, with its sadistic sexual current, is a there's-no-place-like-home story, of a very peculiar variety. Hysterically sensual on the surface, but with basic honour-thy-parents-and-listen-to-them glop at the centre, it manipulates cross-generationally."

Parker confesses that the film moved some distance from the truth, that facts were distorted in their translation from Hayes's memory, through the pen of ghost-writer William Hoffer, through the type-writer of Oliver Stone onto Parker's celluloid. "Truth had been gradually moved away from in the process, which is not unusual for film. But I think it's a very powerful film and it was certainly a very different kind of filmmaking. At 33 maybe I was too single-minded to be able to see things from a distance. There might have been a certain amount of naivete on my part in terms of being overly critical of one nation."

Ultimately, says Parker, the film has been "vindicated insofar as it has changed the law in America and has been hugely effective in other countries around the world. So, I still stand by it."

Kael doesn't let up: "For (the next) two hours, this innocent American is subjected to the most photogenic.brutalisation that the director and screenwriter, Oliver Stone, can dream up... The film is like a pomo fantasy about the sacrifice of a virgin."

Says Parker of Kael: "She's pretty scathing about everything, not only of my work. I'm glad she's retired. I described her as a demented bag lady in the end, screaming at film, a thing that she once loved and then decided that she didn't. The reason she's so dangerous is that she is read by other critics and is therefore very influential. She was vicious and made being vicious respectable. She fell out of love with film."

I was curious about his experience working with Oliver Stone - then a lowly writer who had been sent to Parker by Hollywood producer Peter Guber - who has gone on to foist excesses of his own on filmgoers: "We didn't really get on very well. We didn't argue, there just wasn't a lot of common ground except work.

"He used to sit in the back corner of my office in London and tap away. I wasn't very fond of him as a person and then he delivered the first draft. I thought, if it's not any good, I'd do it myself. But I read it and it was brilliant. It didn't actually matter what I thought of him personally, it was an extremely good piece of work."

Parker is so laid back - he says he's abrasive - it seems rude and inappropriate to interrogate him on his attitude to the cultural boycott and his appearance in South Africa as a guest of Ster-Kinekor.

"Times are changing really. I don't see that what I'm doing is changing anything. The films are here anyway. They are being experienced. What I say is that you probably read a lot more into it than I do. I am quite secure in what I believe politically and I think it's evident in my work. I don't think that I would have been here a few years ago, but there's so much change that has gone on and so much change that is to come. You are in a different time now, and there is a different set of priorities.

I am reminded of a line from Parker's most overtly political film, *Pink Floyd: The Wall*, "We don't need no education, we don't need no thought control" which issued forth from every township stereo at the height of the education boycott.

"The world has changed. Dogma and xenophobia have been cracked wide open." Parker makes it clear that he don't need no thought control.

It's impossible to tell whether Parker had a finger on the pulse of youth movements worldwide, or whether it is just a coincidence that most of his films had immense emotional impact on youthful South Africans. Filmmakers here would probably deny that Parker had any influence on their film consciousness during their impressionable years, but they would be lying. *Midnight Express* appealed to the dope paranoia of teenagers in the 70s, *Fame* to their desire for that very thing, *Birdy* to border-ravaged conscripts, *Angel Heart* to porn-starved wankers, while *The Wall* spoke strongly to township youths in search of an anthem for a cause. *Mississippi Burning* raised serious objections among not only politicised black youth: that the story of the civil rights movement was told from a white point of view and that the FBI agents were portrayed as heroes.

In answer to this, Parker concedes: "It is true to a certain extent, but as a filmmaker, I can only be white. It has to be from my point of view. The big problem that I had was that people expected so much. It was just one of 20 films that should have been made. It could never be the definitive story of the American civil rights struggle. It was only one tiny aspect of it." *Mississippi Burning* started life as a regular story about two (white) detectives solving a crime. When Parker realised where the film was set, he rewrote it and he decided to politicise it. In the original script hardly any attention was given to the civil rights movement. "I politicised it quite considerably, which took it into a different arena. Which is why I did *Come See the Paradise*. There was unfinished business which I hadn't explored."

Parker believes that it is impossible to be all things to all people and that in the controversy surrounding *Mississippi Burning*, the film did have the effect of focusing attention on the issue, therefore validating its existence.

Over the years Parker has been offered several South African scripts, but does not find himself qualified to make a film here. He has the film rights to two of Tom Sharpe's books, *Riotous Assembly* and *Indecent Exposure*. "What attracted me to the books was their humour. A lot of people found them to be in bad taste, but I don't think so. Now that there is some hope for the future, I wonder if they are even relevant. It's always a difficult decision when it's not your world."

*Fame, Come See the Paradise, Mississippi Burning, Angel Heart*... that was not your world?

"In the case of *Paradise*, there is a connection. I am a minority in a country that is made up of people from somewhere else. I never feel like an outsider in the US. And as for *The Commitments*: their working class background is almost identical to the one that I come from. The block of flats they live in is almost identical to the block of flats I lived in. I have a greater connection with them than with the characters of any of the other films."

*The Commitments*, via much pungent dialogue, is probably in its essence a more subversive film than *Mississippi Burning* or *Come See the Paradise*. It's the downside of *Fame*: fame is hard to come by for the working classes of Dublin, which is referred to as "the Third World of Europe".

Parker writes in his notes on the making of the film: "The first time I read Roddy Doyle's book, *The Commitments*, I was only a couple of pages in before I was laughing out loud. It was all dialogue. Very little description. but by using this wonderful language and almost nothing but language, in a few lines he made his characters as vivid and strong as a dozen pages of purple Joycian prose. As they say in Dublin, he cuts the bollix. He writes as he's heard it: street sharp, gutsy and true.

"I had said from the outset, rather rashly, that in our search for the Commitments members I would consider anyone who sang or played a musical instrument. It was pointed out to me that there were as many as 1 200 bands playing in Dublin at the present time which is extraordinary in a city of just over a million people. There was a little Irish blarney attached to this, however, as I discovered that many of the young musicians often play in three or four bands at a time and The Boneshakers this week can suddenly be called Scared Stiff the next.

"Many reasons are put forward for the music explosion in Ireland. The international success of performers like U2, Sinead O'Connor, Van Morrison and Bob Geldof are obvious beacons for young Dubliners. Ireland also has the youngest population in Europe and the high unemployment among young people is an important factor in why so many struggle to buy their guitars and form their garage bands as a way of gaining some dignity for the present and hope for the future.

"The truth is, of course, if you ask absolutely anyone in Ireland to sing they'll gladly oblige. Often quite beautifully and sometimes even without a glass of Guinness in their hand."

The bulk of the cast of *The Commitments* is made up of musicians who had never acted. They had to be musicians because "I didn't want to cheat that part."

Well, from one demented bag lady to another... wasn't he faking it all along?

# soul but no heart

**Now for the movie... Of the movies he has made, THE COMMITMENTS is the one Alan Parker has watched the most times. This one's obviously from the heart, but something is missing. ANDREA VINASSA tries to work out what**

THE COMMITMENTS made me want to rush out and buy a spanking new CD of Percy Sledge songs and listen to When a Man Loves a Woman for days on end. This does not mean that the film is not full of serious soul or the script packed with gritty, grotty realism.

Perhaps the fact that the narrative line was employed merely to facilitate the playing of scores of songs, had something to do with my alienation from the characters. I don't think Parker is trying for the Brecht effect. Maybe he was. Wasn't Brecht Irish too? Anyway, I needed a pneumatic drill to get into it.

Is this the new kind of filmmaking Parker talks about in the interview alongside: filmmaking for the information age where our tastes are formed by commercials, television, pop music videos and undigested political jargon. If that is the case, Parker has hit the nail on the head as he did with *Midnight Express* and *Fame*. Here he appeals to the perennial band fantasy of most modern teenagers. And the Irish have it really bad.

As I said, *The Commitments* is like the downside of Fame: the 70s meant having to cope with stardom, the 90s means having to deal idiosyncratically with failure. Parker uses many similar techniques to convey the passion and pain behind the creative impulse, but does it so glibly and with such consummate technical facility as to squeeze all the life from the characters. They are not people, but a collection of mannerisms, profanities and endearing Irish-isms.

*The Commitments* is like an endless montage sequence or a two-hour music video or a 120 minute commercial for the Triumph of the Irish Spirit. Each frame is perfectly composed, atmospherically lit and filled with telling visual detail. The designer squalor is too good to be true, or real, for that matter. One is thankful for small mercies, however. The only shock tactic he employs is a dead horse... no gallons of blood á là *Angel Heart* issue from the ceiling, although there are a few mock religious touches.

It's as if the film, which is anything but short, consists of the in-between bits and the substantial bits have been left out.

Generally films about the working class pander in a patronising fashion to liberal, middle-class tastes. Filmmakers are careful to portray the characters with dignity and give them upwardly mobile aspirations. Could one then attribute my objections to class considerations: does a film without an overt intellectual premise and exposition fail to interest the intelligentsia?

Parker's contextualisation of his characters within a working class milieu and the placing of the society within a broader community - "Dubliners are the blacks of Europe" - is what is right with the film. He sketches their socio-economic background with great care, portraying their somewhat predictable fate without sentimentality. He is both critical and non-judgemental, taking obvious pleasure in working with untrained actors cast for their musical abilities and showing it as it is. The dialogue, gleaned from real life by writer-teacher Roddy Doyle, is marvellously pungent.

But some aspects are just icky beyond belief: the father's Elvis obsession, the double-speaking twins, the hip priest who knows about Percy Sledge and the constant antagonism between the women and the lead singer, and the sexual pursuits of the Lothario-gone-to-seed.

*The Commitments* is local colour without content; vividness without depth (an outdated concept?) Dare I say it... a soul-movie with soul, but no heart.

But the film is worth watching for its raucous one-liners and the killer performance of the 16-year-old lead singer, Andrew Strong

# kleinadvertensies

Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Cathy by (011) 836-2151, faks (011) 838-5901, of skryf aan Kleinadvertensies, Posbus 177, Newtown 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.

## PERSOONLIK

Hoe begin mens 'n Frank Zappa fan club in Suid Afrika as jy bra sinies is oor goeters soos fan clubs? Bus 9588 JHB 2000.

## VERBLYF

One person 22 - 30 required to share lovely semi- with two others in Kensington. R450 including domestic and electricity. Tel: Candice (w) 442-8982 or (h) 614-1765. Occupation as soon as possible.

Huis te huur vanaf 1 November. Roosevelt Park - JHB. 2 Slaapkamers, TV kamer/kantoor, 1&1/2 badkamers, kombuis, sitkamer, ruim ingangsportaal, swembad, tuinwoonstel & onderdakparkering vir 3 motors. Stil woongebied naby skole, crèche, brandweer/ambulans, ontspanningsentrum & oefen-gholfbaan. R1 800 pm. Skakel (011) 782-0787.

Jong professionele persoon met worshond (kruis rot en vlermuis) soek dringend verblyf, verkieslik in kothuis naby Pretoria - om te huur of te deel. Skakel Ian (02211) 627104 (laataand)

## DIENSTE

If your HUMAN RIGHTS have been VIOLATED while under the treatment of a PSYCHIATRIST, call Citizens Commission on Human Rights NOW! Tel: 833-7271 or P.O. Box 710, Jhb, 2000. Established by the Church of Scientology in 1969.

ACCESS COLLEGE RANDBURG
Training people with disabilities. Courses available:
* Computer Courses
* Clerical
* Secretarial
* Typing
* Bookkeeping
* Accounting

Students elected NOW for courses starting 2 Sept 1991.
Tel: (011) 787-0275

TIK- EN VERTAALWERK
Bel Louise by (012) 46-6577

DIENSPLIG ADVIESDIENS
Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig, skakel:
Durban - (031) 301-5663 Richard (w)
Pietermaritzburg - (0331) 944079 Mark (h)
Kaapstad - (021) 689-1194 (5:30nm tot 7:30nm)
Grahamstad - (0461) 26067 Rudi (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae vanaf 4:30nm tot 7:00nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkwinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345

VISUAL ART COURSES
Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

## GEBEURE

IRENE VILLAGE MARK
Sat 14 September - vanaf 9 vm to 2 nm, by Smuts Huis Museum - Irene. Kom geniet die rustige atmosfeer oor 'n lekker koppie tee, en snuffel rond tussen die kunswerke, klere, beeldhouwerk en organiese groente, of soek na daai iets spesiaal.
Navrae: Tel (011) 667-1659.

LAW AND ENVIRONMENT CONFERENCE
12-13 September - Sunnyside Park Hotel
Speakers include Sachs, Glavonic & Cowen. 7 contentious topics followed by panel discussions.
Bookings: Rosali Pretorius 716-5543 (O) 678-9016 (H) or Clinton Shahim 716-5542 (O) 648-3214 (H)

## MARK

PHAMBILI BOOKS:
Huge selection of Academic Titles ·
22 Plein Street
Tel: (011) 29-4944
WANTED: Secondhand, Left Wing Books in good condition.
Phambili is buying
Open:
Mon-Fri 9h00-17h30
Saturday 9h00-13h00
Sundays 13h00-17h00


**STET STET STET**

Voedsel vir Afrika? Stet (6:4) het 'n (hele) rukkie gelede verskyn.
Stuur 'n tjek of posorder van R6 aan: Stet, Posbus 39400, Bramley 2081

**Kashgar**

Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop.
Winkel 68,
The Firs, Rosebank.
Tel: (011) 880-3566

**TARIEF:**
R15 VIR 25 WOORDE OF 'N GEDEELTE DAARVAN



Om by te bly met die **vinnig veranderende** tye is deesdae nogal moeilik. Om vóór te bly, het jy *Vrye Weekblad* nodig. Teen net 30,8 sent per dag. So: vul dié vorm nou in en stuur saam met 'n tjek of 'n posorder vir R110 *(vir 'n jaar, AVB en aflewering ingesluit)* of R50 *(vir ses maande, alles ingesluit)* aan:


**Vrye Weekblad Verspreiding, Posbus 177, Newtown 2113. Vandag nog.**

Naam..........................................................................

Adres..........................................................................

..............................................................Poskode..............

**VryeWeekblad**



# *geloofspraatjies*

# HOEVEEL ONSE OP DIE POND?

*deur* DIRKIE SMIT

OM te leer glo - het die Nederlandse teoloog Van Ruler by geleentheid geskryf - is om te leer "ons" sê...

Nou is die gedagte natuurlik nie nuut van vreemd nie. Dis eeue oue kennis na die Christelike tradisie: om te leer glo is eintlik om te leer praat. Te leer "nuut" praat, te leer "anders" praat. Want met die nuut "praat" kom die nuut "dink". En die nuut "voel". En die nuut "doen".

So het Luther gesê om te leer glo is om nuut te leer vervoeg. Om nuwe verbuigings van die werkwoord aan te leer. Om ander voornaamwoorde te leer gebruik. Om nie langer in die derde persoon te praat nie, maar in die eerste. Om nie langer te sê: Christus is gekruisig, Christus is opgewek, Christus leef, nie, maar: Ek is gekruisig, ek is opgewek, ek leef. Om só te leer praat, dis geloof.

In die twintigste eeu sou die invloedryke teoloog Karl Barth ons herinner: om te leer glo, is om "die tale Kanaäns" te leer praat, om te leer praat soos die Godsvolk behóórt te praat.

Vandag - ná die tweede helfte van die twintigste eeu en mét die groeiende insig in die belangrikheid van taal vir alles wat ons is en doen - weet ons dit natuurlik selfs nog veel beter as vroeër. Die taal is die huis van die syn - Heidegger... In taal word ons gesosialiseer, geleer wie óns is en wat ons moet wees. Ons leef ná die sogenaamde "linguistiese wending" in filosofie. Ons is glo postmodern, alles word gedekonstrueer, alles is taal...

Gesaghebbende kulturele antropoloë soos Clifford Geertz maak dit duidelik dat 'n religie inderdaad soos 'n taal of 'n kultuur aangeleer word. Gesaghebbende sistematiese teoloë soos George Lindbeck van Yale-formaat maak dit duidelik dat belydenisse en dogmas soos grammatikareëls werk, wat mens help om te praat. Inderdaad. Om te leer glo is om te leer praat...

Terloops: Dit is ook waarom "geloofspraatjies" so belangrik is! (En amper gebruik ek 'n hoofletter, ter wille van die VWB se redaksie...) As mense geloofspraatjies maak, daaroor saam-dink, daaroor saam-lees, daaroor saam-praat, is hulle besig met dit waarmee gelowiges hulle eintlik moet besig hou. Want uit die geloofspraatjies kom - op een of ander manier, of 'n mens dit aldag wil of nie - die geloofsdaadjies, om dit nou maar so te stel.

Maar dis darem nie al nie.

Dit gaan nie bloot net om praat omdat praat praat is nie.. Dit gaan ook om wat gepraat word. Om die inhoud. Om die saak waaroor gepraat word en om wat daaroor gesê word..

Alle *geloofspraatjies* is darem nie *geloofspraatjies* nie (En so amptertjies gebruik ek weer 'n hoofletter.)

Dis presies wat Van Ruler bedoel het met sy opmerking. Om die geloofstaal te leer praat is om saam te stem met wat ander voor jou en rondom jou gesê het en sê. Om op die punt te kom dat jy jou doelbewus begin vereenselwig met die stemme van die vaders en die moeders, van die susters en die broers.. Om op die punt te kom dat jy jouself bewus as deel begin beskou van die Christelike tradisie en geloofsgemeenskap met die God en Vader van die Skrifte. Om op die punt te kom dat jy nie langer oor die Christelike tradisie en geloofsgemeenskap, oor die familie, oor die kerk, dink en praat as "hulle" nie, maar begin "ons" sê. Ten spyte van al die skande wat die familie ook al oor die Vader gebring het.

Ten minste: dís Christelike geloof. Woordlose, taal-lose, aller-intiemste en alles-individualistiese ervarings van die "religie", die "Absolute", die transendensie-in-die-alledaagse, of hoe mense dit ook al wil noem, moet nie daarmee verwar word nie. Dis ook werklikheid. En dis sekerlik ook geloof. Maar dis iets anders as die Christelike geloof. Dis ook 'n soort praat. Maar dis 'n ander soort praat. Maar dit ook net terloops.

Presies op hierdie punt bestaan van die belangrikste uitdagings vir Christelike geloofspraatjies in Suid-Afrika vandag.. Baie gelowige Christene is voorgepraat, deur jare heen, dat om te glo is om in die eerste persoon enkelvoud te praat. Nie die meervoud nie, o, nooit die meervoud nie. Voorgepraat dat 'n mens verkéérd praat as jy nog in die meervoud van die geloof praat. Dat 'n mens eers algemeen-beskaafde Christelikheid praat as jy "ek" en "my" sê. My Saligmaker. My geloof. My redding. My Here. My Vader. En daarom kry hulle dit so swaar om "ons" te sê en dit opreg te bedoel. *Ons* Vader wat in die hemele is... Vergeef *ons ons* skuld... Soos ons ook vergewe... *Ons* broers... *Ons* susters... Ons daaglikse brood. En daarmee verloor hulle, by al hulle toewyding en erns, die hart van die Christelikheid, dit waarom dit eintlik gaan.

Maar erger nog. Party van ons het geleer "ons" sê en sê dit verskriklik graag. Luister maar na die televisie. Party mense kan omtrent nie iets sê sonder om te begin met "Ons sê..." en: "Ons reaksie is..." nie. Dis 'n soort populêre retoriek. Daar is natuurlik veiligheid in die "ons". Sonder dat hulle iemand geraadpleeg het, sê hulle sommer "ons". Nee, sekerlik word daar maklik "ons" gesê... Maar watse "ons"?

Toe ek 'n kind was - soos Paulus sê - en in die huis gepraat het van "Ons gaan dit..." of "Ons gaan dat...", was my ma baie lief om te vra: "En hoeveel onse op jou pond?" * Bedoelende: En wie sluit jy miskien almal daarby in? Wie tel almal vir jou "ons"?

Vir gelowiges in Suid-Afrika is presies dit een van die allerdringendste vrae. Soos ons almal weet, is presies dit die een punt waar ons skromelik, skandelik, gefaal het. Tot nou toe.

Sekerlik. Ook in Suid-Afrika, juis in Suid-Afrika, vandag dringender as ooit tevore, is om waarlik te leer glo om nuut te leer "ons" sê. Die vraag is: Hoeveel onse op dié pond?

(Prof Dirkie Smit is hoof van die departement van Dogmatologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland.)

# LANSE & DRAKE

*'n gebreek en 'n gesteek, deur Tim en Matt Sandham*

## 'N EETSTAKING? KAN 'N MENS DIT EET?

SYNDE 'n persoon wat nooit nee sê vir 'n tweede skeppie kos of poeding nie, is 'n eetstaking tot die dood heel onder op die lys van dinge wat ek nog wil aanpak voor ek sterf.

Wanneer jy jou mes en vurk netjies langs mekaar op die bord plaas, is wat ek altyd onder eetstaking verstaan het. Behalwe vir die feit dat eet sekerlik die lekkerste ding is wat 'n mens wettig kan doen - en dit nogal drie maal 'n dag - is ek nie sielkundig opgewasse vir 'n eetstaking nie. As my vrou per ongeluk vergeet om my toebroodjies in te pak, beskou ek dit as 'n skending van my basiese menseregte.

Die sensasionele hoofopskrifte en foto's wat, VWB, van Adrian Maritz gepubliseer het, het my herinnner aan daardie oorbeligte foto's wat geneem word van 'n jong man aan die einde van sy ramparty. Daardie gedeelte van die party waar die voorbokke, wat die voornemende bruidegom in die eerste plek papdronk gemaak het, hom in 'n koue bad probeer wek (ontnugter?) sodat die proses van voor af kan begin. Die foto van die man se kaal lyf word geneem sodat hy moontlik later, as hy dalk beroemd word, daarmee afgepers kan word.

Volgens berigte het die stakers se regsverteenwoordiger opdrag dat hulle gelaat moet word indien hulle onherstelbare liggaamlike skade opdoen. Niks word gesê van onherstelbare breinskade nie. Moontlik stel die OB dit as 'n voorvereiste vir aansluiting.

Daar's 'n grappie wat in onderwyskringe vertel word van 'n man wat ná 'n paar dae sonder opelyf die dokter gaan sien het. Die dokter kon ná 'n deeglike ondersoek geen oorsaak bepaal nie en verwys hom toe na 'n spesialis. Die spesialis kon ook geen fisiologiese oorsaak vind nie en begin toe 'n paar vrae stel om 'n beter geheelbeeld van sy pasiënt te kry: "En wat is u beroep, Meneer?"

"Ek's 'n onderwyser, Dokter."

"Aa, g'n wonder nie... hier's R20, gaan kry vir jou iets om te eet."

Dié week hoor ons toe die drie OB's het besluit om weer te begin eet... toevallig slegs 'n dag ná nog bespiegelinge dat die ouens in die geheim gepeusel het.

Hier is 'n mini-scoop: Een van die manne is glo op heter daad betrap waar hy aan 'n hamburger kou... en dit terwyl die res van ons sit en naels byt.

Toe hy daarmee gekonfronteer is, was hy egter gereed met 'n antwoord: "My ma sê dan nog altyd hamburgers is nie kos nie."

## EK IS NOG HY

Iemand het eendag gesê: "Jy weet jy't sukses in jou veld bereik as hulle dit gebruik om 'n produk te adverteer of 'n Broadway-musiekblyspel daarvan maak". Dis ook baie vleiend. As jy 'n dollar of twee daaruit kan verdien, des te meer vleiend. As jy niks daaruit kry nie is dit 'n ander saak. Daarom kan ek nie langer stilbly nie.

## EK IS BART SIMPSON!

Geldgierige Amerikaners het my en my gesin as basis vir 'n televisiereeks gebruik. Die probleem is natuurlik dat my pa nie daaraan gedink het om kopiereg op sy gesin uit te neem nie - dit het moeilik genoeg gegaan om net 'n tweede verband uit te neem.

Die sg skeppers van die Simpsons het nie eens die moeite gedoen om die voorletters of die aantal lettergrepe van ons van te verander nie. Behalwe hiervoor is die ooreenkomste amper te veel om op te noem. Dit verbaas my dat dit my so lank gekos het om dit agter te kom.

Soos Bart is ... was ek altyd in die moeilikheid en is ek nie 'n vreeslike skerp laaitie nie. Okay, okay, miskien is dit nou een deel waar hulle kreatief was en hul verbeelding 'n bietjie laat loop het.

Bart se pa Homer werk vir 'n groot kernkragstasie; 'n maatskappy wat meedoënloos sy werknemers onderdruk, swak diens lewer en die omgewing groot skade berokken. My pa het vir die Spoorweë gewerk.

Marge Simpson is 'n vrou wat met 'n man uit 'n laer stand getrou het. Sy is ook 'n gefrusteerde aktivis uit die jare sestig wat 'n kampvegter word vir al wat 'n verlore saak is. My moeder is vanaf Parys (OVS) afkomstig en het neergebuig en met 'n (soos Homer) skurwerige, dog hardwerkende, eerlike Braamfontein- (eintlik Fordsburg) kêrel getrou. Hy's ook sedertdien haar verlore saak.

Die skrywers van die Simpsons het sekere feite effens gewysig in 'n flou poging om my van die spoor af te bring. Ons is nege kinders en die Simpsons is net drie; Homer Simpson dreig alewig sy kinders, terwyl my pa se eerste waarskuwing gewoonlik saam met die eerste hou van 'n drag slae geval het.

Ek oorweeg dit sterk om die ouens van *LA Law* te vra of hulle my saak sal vat.



# vrye keuse



Korzcak, die prent oor die Poolse kampvegter vir kinderregte wat saam met sy leerlinge in die Treblinka-kamp dood is, is weer uitgereik. Bo is Wojciech Pszoniak en een van die kinder-akteurs wat die prent so uitsonderlik maak.

# FILMS

******* VOORTREFLIK**
****** STERK AANBEVEEL**
***** SIEN GERUS**
**** SO-SO**
*** VERMY AS JY NUGTER IS**

***** THE COMMITMENTS. SIEN BLADSY 34.**

******* KORCZAK**
Dis byna ongehoord dat 'n verspreider 'n prent 'n tweede kans by die loket gee. Dit het met dié uitsonderlike een gebeur. Andrzej Wajda se prent oor die Poolse dokter, skrywer en kampvegter vir kinderregte, Janusz Korczak, is in swart en wit gemaak... wat bydra tot die prent se oorweldigende trefkrag. Dit is beslis die beste prent wat ek nog oor die Holocaust gesien het. ANDREA VINASSA

***** NOCE BLANCHE**
Die Franse verkies om hul huidige politieke ontstuimigheid te ignoreer en te fokusseer op hul seksuele fantasieë oor jong meisies. Frankryk het te oordeel na die hoeveelheid prente oor die seksuele ontwaking van Franse meisies, 'n oorvloed jong Franse aktrises met mooi gesigte wat nie kan toneel speel nie. In Noce Blanche raak die 17-jarige Mathilde obsessief verlief op een van haar onderwysers, die 49-jarige Francois. 'n Franse Fatal Attraction. AV

******* AUNT JULIA AND THE SCRIPTWRITER**
'n Pragtige prent wat nie misgeloop moet word nie. 'n Fees vir die gees. Verbeeldingryk en end-uit boeiend. Dit handel oor Pedro, legendariese skrywer van radiosepies in die jare vyftig in New Orleans. Sy 20-jarige apple is verlief op sy 35-jarige tante (gespeel deur Barbara Hershey). Pedro het sêgoed soos "Art is two cannibals. Eat or be eaten." Die prent wys hoe melodramaties die lewe self is. My gunsteling-rolprent van die jaar. CHARL-PIERRE NAUDé.

**** POINT BREAK**
'n Surfing-movie met 'n verskil... dis deur 'n vrou gemaak, dis 'n konserwatiewe onderskraging van al die lelike dinge in die Amerikaanse samelewing en al Amerika se mooiste mans. AV

**** BLUE STEEL**
'n Cop-movie met 'n verskil... gemaak deur dieselfde vrou. Ook 'n reaksionêre onderskraging van die gedagte dat vroue eintlik van verkragting hou. Dis 'n baie gewelddadige prent al is daar baie min bloed. Oppervlakkige draaiboek, 'n plot vol gate... Taxi Driver tien jaar later. AV

**** OPEN DOORS**
Een oggend in Palermo in 1937 vermoor Tommaso Scalia drie mense: sy baas, die man wat sy plek ingeneem het in die Fascistiese Konfederasie van Beroepslui en Kunstenaars, en sy vrou. Daarna gaan hy huis toe, kook sy seun se aandete en wag die polisie in. Dis 'n hofdrama waarin die doodstraf van alle kante bespreek word. AV

**** TRIUMPH OF THE SPIRIT**
Daar's altyd nog 'n Holocaust-storie om te vertel en die Hollywood-masjien verorber hulle. Willem Dafoe speel die Griekse werker en bokser Salamo Arouch, wie se boksgevegte SS-offisiere in die ghetto's vermaak het. Die verhaal handel oor 'n groep Joodse gevangenes in Auschwitz wat daarin slaag om 'n krematorium op te blaas. AV

******* THE ROAD TO MECCA**
Woorde is ontoereikend om die rolprentweergawe van The Road to Mecca te beskryf. Dis 'n intense prent. 'n Spel van menslike emosies, 'n blye bevestiging van die lewe en kreatiwiteit. Yvonne Bryceland is Miss Helen. 'n Verstote enkeling. 'n Vrou wat die durf het om haar eie realiteit te skep te midde van 'n bekrompe gemeenskappie wat geen verwysingsraamwerk het waarbinne hulle haar kan verstaan nie. Dis 'n magiese en begeesterende prent met talle fasette. LAETITIA POPLE

******* HAMLET**
Mel is ons man. Die man van die twintigste eeu. HANS PIENAAR

******* LA STORY**
Steve Martin op sy heel beste as draaiboekskrywer en ster in 'n briljante komedie oor die lewe in Los Angeles. Richard E Grant speel ook in dié skouspel van die banale. AV

******* THE GRIFTERS**
Dis duidelik waarom prente soos dié en Martin Scorsese se GoodFellas nie die paal haal in die Oscar-wedren nie: hulle is eenvoudig te sinies. Iets soos Kevin Costner se Dances with Wolves bied 'n idilliese, "positiewe" en volslae oneerlike beeld van die mensdom... daarom word sulke prente deur die Amerikaanse rolprentbedryf aangeprys. The Grifters - Scorsese is toevallig die vervaardiger daarvan - bied 'n beeld van 'n amorele mensdom wat enigiets sal doen om te oorleef. Die terrein is aan die Britse regisseur Stephen Frears bekend: hy het Dangerous Liaisons en My Beautiful Laundrette gemaak. The Grifters het opslae gemaak omdat dit kwansuis oor bloedskande gaan, maar dis 'n briljante verbeelding van die Oedipus-verhouding. AV

****** BACKDRAFT**
Robert de Niro, Donald Sutherland, William Baldwin, Rebecca de Mornay, Scott Glenn en Kurt Russell is die spelers in dié extravaganza vir brandstigters. Hulle speel almal brandweermanne in Ron Howard (Cocoon) se jongste prent wat in Chicago speel. Dis vol menslike drama, heldhaftigheid en emosionele intrige. AV

***** FX II**
FX is die rolprentbedryf se jargon vir spesiale effekte. Bryan Brown keer terug as die spesiale effekte genie wat moeilikheid kry, al soek hy dit nie. AV

***** MILOU EN MAI**
As 'n mens hier in die Derde Wêreld sit, begin die begrafnisse in Europese prente vir jou amper soos die dood van die Eerste Wêreld lyk. Nietemin, Louis Malle bly een van die gevoelvolste Franse regisseurs wat sy xenofobie laat staan het en na ander kulture kon kyk. Maar Milou en Mai is 'n grootse komedie na die Franse tradisie, vol subtiele humor oor menslike swakheid... maar dit kan ook vervelig raak. Malle steek die draak met die bourgeoisie se vrese tydens die 1968-opstande in Parys. Ongelukkig het hy veels te veel meedelye. 'n Bietjie meer van 'n kritiese houding sou my nie gepla het nie. AV

***** MISTER JOHNSON**
Out of Africa for Boys. Die lokprent vir Mister Johnson het my tot trane gedryf! Dis nie 'n goeie teken nie. Die Australiese regisseur Bruce Beresford het nou al in Amerika en Israel gaan kuier. Nou kuier hy in Wes-Afrika, maar soos ons met Driving Miss Daisy gesien het, kan Beresford nogal neerbuigend wees as hy hoogdrawende statements oor boosaardige witmense maak. Die persmededeling sê: "Out of the dark continent comes a powerful yet poignant comedy-drama of two men at the crossroads of civilization." Dis 'n emosionele uitbeelding van die verwoestende uitwerking van kolonialisme op Afrika. AV

***** LA DESENCHANTEE**
Die Franse spesialiseer in prente oor tienermeisies wat hul seksualiteit ontdek. Daar is geen groter geheim as vroulikheid nie. En as die dialoog vervelig is, is die aktrises altyd beeldskoon. Dié prent is 'n subtiele melodrama oor drie dae in die lewe van Beth. Haar pa is dood en haar ma ly aan 'n psigosomatiese siekte. Dis 'n universele verhaal waarby die meeste van ons aanklank sal vind. Rimbaud is haar alter ego, vandaar die tema van ontnugtering. AV

***** NAG VAN DIE 19E**
PG du Plessis en Koos Roets se prent vir M-Net bevestig dat die Afrikaanse rolprentbedryf sedert die jare sestig nie juis vooruitgegaan het nie. Dis 'n melodramatiese verhaal met 'n ongewenste vreemdeling, 'n mal bruid, 'n dorpsdwaas, 'n nuuskierige agie en 'n gawe oom polisieman. Die draaiboek is vol liederlike gate en die regie is so verbeeldingryk soos 'n advertensie vir Weense worsies. AV

****** FLIRTING**
Die prent se titel wek 'n verkeerde indruk. Dit is nie nóg 'n skreeusnaakse komedie uit Hollywood se worsmasjien nie. Dit is 'n indrukwekkend eenvoudige verhaal oor die verhouding tussen 'n wit kosskoolseun en 'n swart kosskoolmeisie in Australië in 1965. Die tieners vind mekaar omdat hulle elkeen in 'n mate uitgeworpenes is. Veral gevoelvol is die uitbeelding van die "human condition", wat besonder akuut is in die tienerjare. Tienertraumas word volwasse en sonder Amerikaanse sensasionalisme uitgebeeld. Hierdie is die prent wat Dead Poet's Society kon gewees het. AV

***** SCENES FROM A MALL**
'n Amerikaanse kritikus het Paul Mazurksy se jongste prent só beskryf: "It's like a comedy with the jokes taken out." Bette Midler en Woody Allen is getroud. Dit is egter nie so snaaks soos dit klink nie. Dit is moeilik om Mazursky se bedoelinge te snap. Die huwelik verbrokkel tydens 'n dag in 'n winkelsentrum. Dié prent is 'n volmaakte uitbeelding van die Kaliforniese verbruiker-samelewing. En die Beverly Center in Los Angeles lyk net soos Sandton City, behalwe dat dit effens glitzier is. Woody Allen het vyftien jaar laas as akteur vir 'n ander regisseur gewerk. Hy kon nie skuil agter die Woody-persona, die neurotiese New Yorkse nerd, nie: hy dra 'n ponytail en nuwe (!) klere en speel 'n Kaliforniese prokureur. AV

****** WHITE FANG**
Jack London se klassieke verhaal oor die verhouding tussen wolf en mens bly boeiend. Wanneer diereverhale met goeie dierelewe-fotografie gepaard gaan, is hulle gewoonlik tranetrekkers. Ons weet almal wat om te verwag - en tog tjank ons. Die prent het ook 'n classy cast: Klaus Maria Brandauer en Ethan Hawke. AV

***** CITY SLICKERS**
When Harry Met Sally se Billy Crystal in 'n Hemingway-avontuur in Spanje. Dié komedie handel oor die manlike mid-life crisis. Lowell Ganz en Babaloo Mandel, die skrywers van Splash en Parenthood, het die draaiboek geskryf. Dit sal van macho-vleisvreters vegetariërs maak. AV

***** THE HARD WAY**
Dis 'n kruising tussen 'n hardgebakte polisie-storie en 'n avontuur-verhaal à la Indiana Jones and the Temple of Doom. Was dit nie vir James Woods (my gunsteling-akteur) en Michael J Fox nie, sou dit 'n middelmatige komedie gewees het. Maar dié twee akteurs steek lekker die draak met hul silwerdoek-personasies. 'n Essay oor die belaglikheid van macho-wees. Hollywood het 'n stortvloed komedies vervaardig en dié een is die beste. AV

****** METROPOLITAN**
Soos Mr and Mrs Bridge wys Metropolitan vir ons lower forms of life hoe die hoër klasse ly. Dis 'n eietydse satire à la Scott Fitzgerald en Evelyn Waugh oor die duistere doen en late van 'n groep Manhattan-debutantes ofte wel New York se haute bourgeoisie. Die nuweling Whit Stillman is die skrywer en regisseur van dié skerp, oorspronklike, ironiese kritiek op die aristokrasie. AV

****** MR AND MRS BRIDGE**
Seksuele verdrukking, magslus, patriargie ... al die euwels van die kapitalistiese stelsel waaroor Wilhelm Reich geskryf het, en waarvoor hy veroordeel is, kry uiting in dié subtiele ontleding van die gebrekkige verhouding tussen 'n hoër-middelklas prokureur en sy angstige vrou. AV

****** HIDDEN AGENDA**
Die Iere kan net nie wen nie ... Dié fiktiewe prent is gegrond op ware feite en handel oor skokkende korrupsie in die Britse regering. Politieke sabotasie teen die Ierse regering, moord, hoogverraad en die aksies van die Britse SAS teen die Ierse Republikeinse Leër is die bestanddele van dié aangrypende riller wat deurKen Loach ('n pionier van Britse realisme in die sestigerjare) geregisseer is. Hidden Agenda het verlede jaar se Cannes Jurie-prys gewen. AV

Artist **NEIL GOEDHALS** died a year ago on August 16. A short commemoration service in honour of *Goedhals* will be held on Wednesday (September 18) from 6 - 6.30pm in the *Yeoville Park, Raleigh Street, Yeoville, Johannesburg* at which occasion a park bench and plaque will be erected. This day coincides with *Yom Kippur*, its numbers having cabbalistic and other significant associations which were pertinent to *Goedhals*. The park bench is to *Neil*, from his friends.

Everyone is invited to take part.

# DIE LEUEN WAT BEVRY

**TEATER: RAINSHARK**
Met Ramolao Makhene, Jamie Bartlett, Kate Edwards, James Whyle en Jennifer Steyn
Regie en skrywer: Neil McCarthy
In die Laager, Mark-Teater

**CHARL-PIERRE NAUDÉ**

DIS nie die toneelspel of die regie wat van dié stuk iets besonders maak nie. 'n Mees Xteen van ouds' in een van die rolle, of 'n regisseur soos Lucille Gillwald sou die aanbieding 'n trefkrag kon gee wat dit nie het nie.

Maar die teks deur Neil McCarthy maak *Rainshark* 'n ervaring om te onthou. McCarthy is 'n ontluikende skrywer wat hiermee nie slegs 'n merk binne die toneelgenre maak nie: daar sal met hom rekening gehou moet word en dié stuk behoort in die toekoms weer aandag te kry.

Die tema is soortgelyk aan dié van die rolprent *Bagdad Café* en skep soortgelyke verwondering by die kyker. Maar ek het verder daarvan gehou omdat dit dieselfde "skok van herkenning" veroorsaak. Hier is 'n metafoor wat weerklink in ons eietydse werklikheid sonder onderhewigheid daaraan, dus met substansie: om Roy Campbell by te haal, this is "the bloody horse". (Hy het by wyse van spreke van sommige substansielose SA skrywers gesê hulle "verfyn" hul "rytoerusting", maar vergeet die perd.)

Dié McCarthy-teks maak straks nog 'n uitstekende rolprent. Deidre daag op 'n dag (baie onlangs) uit Johannesburg op die Oos-Kaapse plaas op waar sy grootgeword het. Haar oom Mike, en sy vrou, Pinkie, 'n oud-Rhodesiër, boer nou daar. "Dr" Ellington, 'n swerwer en 'n derwer - en boonop 'n swartman - verskyn op die toneel en gee voor hy kan reën maak om die mense en hul gebied van 'n gewisse ondergang te red.

*Rainshark*, soos ander Suid-Afrikaanse toneelstukke, neem 'n sukkelende plattelandse omgewing as metafoor vir ons kulturele/politieke malaise, hier in 'n komedie.

Die karakter Ellington maak 'n ingewikkelder, meer betowerende punt as die Duitse vrou in *Bagdad Café*: dit lê in die dramaturg se verontskuldiging van dié swendelaar. Die kinderlike onskuld van die vrou in die rolprent - ook 'n swerwer - is haar sleutel tot iets wat die ander karakters verloor het: om die wêreld met die geestesoog in iets magies te omskep.

In *Rainshark* weet "Dr" Ellington hy lieg. Hy is nié onskuldig nie. Hy is eerder gevaarlik, en boonop sjarmant, wat beteken dóódsgevaarlik. Maar dis juis hy wat vir die ander mense die sleutel tot geluk bring en hul lewens verander.

Ellington kry die mense - die witmense sowel as die swart "volk" - sover om hul laaste bietjie water in Mike-hulle se swembad te tap sodat almal kan swem en gelukkig wees, want, so sê hy, as die arme Mike, wat al bereid is om enigiets te glo, en die steekse, rassistiese Pinkie die regte ritueel uitvoer, sal die reën kom... Wanneer Mike-hulle nie luister nie, lag die "bose" Ellington vir hul goedgelowigheid. Tog kan die kyker nie anders as om van hom te hou nie...

Ellington het 'n interessante mengsel onskuld en voorbedagdheid in sy persoonlikheid. McCarthy doen sodoende iets wat Bagdad Café nie doen nie: om 'n onderskeid tussen goeie en slegte onskuld te tref.

Sonder Ellington se vindingryke manipulasie van die mense sal die wonderwerk wat later gebeur, uitbly. Só kontrasteer hy met Boy, Deidré se skoolliefde, wie se onskuld eers bekoor, maar later gevaarlik blyk te wees: Boy is 'n onredbare rassis en onbewus van sy wandade as polisieman. (Moet byvoeg dié stuk preek nie "politiek" nie.)

Ná Ellington Mike en sy stomme Pinkie oorreed om "onvertelbare" dinge tydens hul ritueel te doen - hul verdorde huwelik word "per ongeluk" só gered - kom die sleuteltoneel aan die beurt:

Aangepor deur Boy besef Mike Ellington het hulle met 'n slap riem gevang. Mike voel soos 'n stommerik en hy, sy vrou en broerskind wil-wil Ellington as 'n useless so-en-so uitkryt en hom "kruisig", maar besef skielik hy het hulle met sy edele leuen eintlik van 'n veel erger "droogte van die siel" verlos.

Dié besef kom op die oomblik wanneer Ellington bieg en die plaasmense besef hy is nie hul Redder nie: maar sodoende gee die "dr" hulle iets kosbaarder: die boodskap dat hulle hul eie redders is. Hulle moet hul "eie reën" maak en die ander reën sal hulle toegevoeg word.

Argetipes van "Dr" Ellington is daardie ander afgewykte swerwers, Jesus Christus en die Boeddha. Toe die mense agterkom verlossing is innerlik en nie fisiek nie, meer nog, dat dit by 'n besluit in die self berus en nie op 'n goue skinkbord met greetings van God of 'n ghoeroe na jou toe aangesweef kom nie, het die spul erg verlate en verneuk gevoel.

Maar, "maak die Boeddha dood" as jy hom teëkom en jy ontdek jouself. Dis die boodskap van McCarthy se stuk, maar hy pluk sy outentieke metafoor in die Oos-Kaap. Lyk my die boere daar het baie geleer sedert hulle die Xhosas uitgemoor het. Agteros kom ook in die kraal.

Kritiek: Die eerste 15 min "trek" te veel. Die ontwikkeling word deur onnodige tête-a-tête versteur. Die onmiddellike humor kry voorrang bo dramatiese oorwegings, maar behalwe hier en daar is die stuk verder dramaties heg en vlot.

Daardie pragtige "spraakletsel" - die gutturale Oos-Kaap-aksent - waarin soveel swaarkry opgesluit is - kon meer aandag gekry het.

Al is dit 'n komedie kan daar meer "patologie" in die karakters wees. Hulle kom soms so 'n bietjie lig in die broek voor. Dan weer, die stuk is bedoel om 'n opkikkerende effek te hê. Baie snaaks en baie genotvol.

# fynproe

NETTIE PIKEUR

## SOUT EN BROOD VIR DIE NUWE HUIS

*(want ons trek, sê die spook)*

VROEER was dit nodig om vooruit te beplan wat om te eet as julle verhuis, want die nuwe kombuis was kaal.

Deesdae kan julle natuurlik pizza-takeaways bestel, of hamburgers, maar hulle lewer nie voor ses- of sewe-uur af nie. En as jy en die kroos die hele dag getrek en uitgepak het, is julle drie-uur in die middag rasend, nie net van die honger nie, maar dors en doodmoeg.

Die eerste item dus by die trek is 'n koelboks wat eenkant bly. Daarin word gepak: ysblokke en thermosflesse, blikke bier vir pa, coke vir die kinders, en stywe gins vir ma vanweë woman's burden. Hierdie Pikeur is kuis grootgemaak, met die gedagte dat skelm drink sonde is. But let me tell you, g'n vrou kan 'n trek hanteer op een blikkie Castle nie. Meng pomelosap met gin in 'n thermos van jou eie, en skink 'n ruim dop in 'n koeldrankglas elke keer as die trekmanne nog 'n wakis laat val.

Nie dat Meneer September se manne al ooit iets laat val het nie - aan die Septembers bring ons hulde, ons Romeine van ouds.

Soos altyd sorg ma mos dat alles vooruit beplan is. En sy skree weer: Hou daai koelboks eenkant - dis julle rantsoene!

In die boks is:

## SHOOTER SANDWICH

Braai 'n stuk plat vleis soos biefskouer, of gebruik 'n reeds gaar sny skaap- of varkboud. Dit moet groterig wees, soos jou hand. Hol uit 'n rogbrood of een van daai lieflike Portugese witbrode, en smeer dit binne met botter. Pak die vleis binne-in, met sout en peper, skyfies tamatie, komkommer, slaaiblare en dalk 'n titsel mosterd as jou kinders sulke goed gewoond is.

Dié brood word dan in snye gesny vir honger kinders, en dit hou taamlik lank selfs in die warm son, mits dit in foelie toegedraai is.

Sy naam kom van ontbyt vir die manne wat gaan jag in Engeland, en as ek nog 'n kartonboks moet pak, gaan ek saam.

Vriendin Maria sê sy wil niks sulke goed hê as sy trek nie, net asseblief dun snytjies dagoud witbrood, met Marmite of grondboontjiebotter of kaas-en-tamatie en 'n blaar of twee, asseblief.

Vir haar koop ek dus goeie kaas, een soos Black Knight - ek weet nie eens waar dit vandaan kom nie, maar hy het 'n swart skil en die kaas is roomwit, delicious - en pak ek 'n samie vol met daardie Black Knight-skywe en die fynste blare soos radicchio (soek, boeta, jy sal kry), asook 'n handvol sprouts. Maria knars doodgelukkig terwyl sy 'n yskas help oplig.

Ek wil nou nie snaaks wees of spog nie, maar sake is sake, soos die Hollanders sê. Pesete naweek het ons eend gebak. Die Pikeurs is suinig, en sal nooit droom om 'n eend-karkas weg te gooi nie. In die pot gaan hy, met sy nek en binnegoed (die lewer vir 'n ander gebruik) en met die water en die wyne en knipsels kruie kook die lot tot dit 'n eend-stock maak.

As dit koud word, skep jy die vet af, haal die bene uit en daar is jou gestolde stock. Maak weer blitswarm, en met 'n suinige hand skep jy vir jou trekmaats 'n klein koppievol elk uit, gooi 'n druppel Tabasco en suurlemoen oor, en vertel wysneusig dis hoe mense warm bly tydens trek in Siberië of Peking of Stellenbosch, waar dit ook al sneeu...

Met die res van die eend-stock toor jy natuurlik vyfster-resepte op. En onthou, dit hoef nie sulke duur stock te wees nie. As dit nog koud is, is gewone Campbell's consommé wonderlik in 'n thermosfles. Of selfs ertjiesop. Maak dit die vorige aand met 'n stuk bacon (ertjiesop is darem maklik hoor!) en hou dit warm in jou fles.

Nog 'n heerlike standby as julle trek, is samoesas. Koop jou gunstelingsoort (myne is van mev Allie in Strandstraat) en moenie laat die verkoopvrou die goed in die mikrogolf sit nie. Dit maak hulle soggy en oneetbaar. Koop baie - sowat 'n dosyn - en pak hulle in 'n erdebak. Wanneer die trekmanne die stoof gekoppel het, skakel dit aan en maak julle samoesas vir 20 minute warm. Heerlike trekkos wat julle in die loop kan eet. Ma gaan in elk geval moet opvee, moenie worry oor die stukkies samoesa-chips wat afval nie.

Dan hou ek van swart sjokolade, net so skoon geëet met digestive beskuitjies. Ek wou eintlik nog 'n stroopvy ook daarby gehad het, maar dis iewers weggepak.

O ja: Wanneer iemand anders trek, is dit tradisie dat jy vir hulle 'n vars brood bring, in 'n servet toegedraai, asook 'n bietjie sout. Sout en brood vir die nuwe huis.




# Let all know peace